**HEIN GROSSKOPF OOR MK-BOMME**

# vrye weekblad

19 AUGUSTUS - 1 SEPTEMBER
R5,00

**ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE**



# Lewende hel in Bosnië

*'n Suid-Afrikaner in Sarajevo vertel*

## FW vry weer na Gatsha en regses

ISSN 1015-9649
9 771015 964007

# Die nuwe Toyota Camry 220 reeks. Die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid.




*220 SEi*

Wat baat tegniese innovering en luuksheid as jy dit nie kan bekostig nie? Die Toyota Camry 220 bring tegnologie in volmaakte balans met ekonomiese realiteit.

Die enjinruim van al vier 220 modelle lê gelykvol met Toyota se voorfront multiklep-inspuittegnologie. En terwyl 4-silinder enjins tradisioneel vibreer weens inersiekragte, het hierdie kragtige 2,2-liter enjin (wat 'n indrukwekkende 97 kW teen 5 400 r/min lewer) twee ratgedrewe balansaste om die stil soepelheid van 'n 6-silinder motor te verseker.

In al vier 220 modelle is daar ook 'n hoë vlak van luuksheid en verfyning. Want 'n afstandbeheerde immobiliseerder en alarm, sentrale sluitstelsel en kragstuur is standaard.

Die Camry 220SEi bied jou veel meer. Leerafwerking, elektries beheerde vensters en kantspieëls, outomatiese klimaatbeheer, 10-stap verstelbare bestuurdersitplek en hoogteverstelbare kopstutte voor en agter. Alles om die luistergenot van die kompakskyfaanpasbare, 6-spreker klankstelsel met 'n RDS-radiofunksie, en die opsie van bakgemonteerde 6-skyf wisselaar, soveel meer aangenaam te maak.

Om sitplekposisies en kajuitruimte te evalueer is poppe van oor die 1,9 m gebruik. Die resultaat: ruimte in oorvloed. Sitplekrûe is ingekurwe vir meer knieruimte. Die sitplekleibane is van die vloer na die deurdrumpels verskuif vir meer strekplek. Toe het ons die vloerpan laat sak vir meer kopruimte, sodat 5 volwassenes in totale gerief kan ry. Ook die Camry se kattebak het 'n ontsaglike 456 $dm^3$ pakplek. Volgens die motortydskrif Car, wat die ISO blokmeetmetode gebruik, is dit die grootste sedanbak in sy klas.

Maar Toyota doen meer as net motors bou. Elke Camry word gerugsteun deur Toyota se legendariese naverkoopdiens. Plus, 'n unieke 24-uur padhulpprogram tydens jou waarborg.

Watter Camry 220 model jy ook al kies, weet jy vir seker jy kry die volmaakte balans tussen tegnologie en bekostigbaarheid. En tussen jou en jou motor.


**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**

C A M R Y

Die Camry reeks: 200i 5-spoed; 200i 5-spoed (L/V); 200Si 5-spoed; 200Si 4-spoed Outo; 220Si 5-spoed; 220Si 4-spoed Outo; 220SEi 5-spoed; 220SEi 4-spoed Outo; 300SEi 5-spoed; 300SEi 4-spoed Outo. *Tolvrye Camry Infolyn:* 0800-139111

LINDSAY SMITHERS-FCB T2307/A



**14** Annè Marié du Preez, 'n Suid-Afrikaner wat VN-diens in Sarajevo doen, is ooggetuie van die ellende en vernietiging van 'n gebied wat 'n vreemde, uiteenlopende geskiedenis deel. Sy vertel ook hoe Moslems nou weer ná geslagte weer hul geloof begin beoefen.



**22** Schweizer-Reneke en Ipelegeng vereer hul helde en onderstreep hoe wyd die gaping tussen wit en swart in dié kontrei strek, tog hou die AWB en die ANC hul hande tuis.



**25** Ons howe verander, maar is daar werklik gelyke reg vir wittes en swartes?

vrye weekblad

19 AUGUSTUS 1993

TWEEDE REEKS Nº 5

KORTBEGRIP 6

**POLITIEK**
TOENADERING TUSSEN NP EN IVP 9
HOE KAN TOWNSHIPS OOIT GAAN STEM? 10

**AKTUEEL**
IPI TOMBI GAAN OORSEE 33
DIE FRIKKIE EN FREDDIE-SHOW 31
SENSUUR: HOE VER STREK VRYHEID? 38

**OMGEWING**
REDDING BEGIN IN JOU AGTERPLAAS 28

**BOEKE**
JUFFROU SOPHIA MAAK HAAR BUIGING 34
IS VOLKSKUNS MOONTLIK? 35
UITTREKSEL UIT *ARTISTIC GRAVES* 36
GROSSKOPF SE VERSOENING? 37

**KUNS EN VERMAAK**
DANIÈLE PASCAL VAT DIT SOOS DIT KOM 39
PSIGOOT WORD ROMANTIESE HELD 41
FRANSE BRING NUWE DANS 45
DURBANSE ROLPRENTFEES 48
DIE LFO BAAN DIE WEG 48

**RUBRIEKE**
BRIEWE VAN ONS LESERS 4
VLIEG IN DIE SALF 8
VROUEFRONT 32
POP 44
FILM- EN TEATERRESENSIES 46
WYNPROE 50
ONTDEK 'N EETPLEK 50
FYNPROE 49
KLIPOOG 52
BROLLOKS 53

**SPORT**
TOTSIENS ULI! 51

**LAASTE SÊ:** 54
KOOS VAN DER MERWE: ONS BEGIN VREEMDE BEDFELLOWS KWEEK

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113

## 'n Sterwende perd



**Mangosuthu Buthelezi - "leader of 7 million Zulus"?**

*Musikawobongwa Khumalo van Vryheid skryf:*
'n Mens kan nie help om jou ten diepste te skaam vir wat Gatsha Buthelezi besig is om te doen nie. Aangemoedig deur wit fasciste, speel hy nou ontwrigtingstaktieke in die onderhandelingsproses.

Max du Preez skryf dikwels hy haat De Klerk se party, want dis die party wat sy taal en kultuur gebruik het om apartheid te verskans en daarmee miljoene swartmense te vervreem, te onderdruk en selfs te vermoor. Dit, sê Max, het aansienlike skade aangerig aan Afrikaans oor die algemeen, en Afrikaners in die besonder.

Dieselfde geld vir my. Gatsha Buthelezi se oorlogsdreigemente, onbenydenswaardige chauvinisme en bullebakkery maak my - 'n trotse swarte - baie skaam. Nog erger is sy aanspraak daarop dat hy namens Zoeloes praat en optree.

Ek self is 'n suiwer Zoeloe, maar om te sê Gatsha boelie en ontwrig namens my is die pynlikste wond wat iemand op my siel kan toebring. Gatsha praat namens homself en sy vet apartheidsgeskepte elite wat besig is om ons geld te misbruik.

Hier in Natal is daar nagenoeg 8 miljoen Zoeloes, waaronder hy - volgens die jongste meningspeilings - net 30 persent steun het. Dis net 2,4 miljoen. Dit beteken Gatsha word deur 5,6 miljoen Zoeloes, ek inkluis, verwerp.

Die absurde ding is dat mense buite Natal, veral wittes, die grootbek-praatjies van hierdie diep onpopulêre politikus glo. Ek neem die media hiervoor kwalik. Dis hulle wat hom as "leader of 7 million Zulus" uitgemaak het. Nou het hy arrogant, kortsigtig en selfs uiters gevaarlik vir die land geword.

Is dit 'n onbekende feit dat Gatsha Buthelezi geen steun het in Umlazi, KwaMashu, Edendale, Bruntville, Esikhawini, Chesterville, Emondlo, Madadeni en elders in Natal nie? Die rede waarom hy hier verwerp word, is dat die meerderheid Zoeloes geweld afsweer, die ANC ondersteun en vrede liefhet.

Gatsha se steun onder swartes is besig om drasties af te neem. Die enigste steun wat aan die groei is, is dié van wit fasciste. Onder ons is hy so ongewild soos Eugene TerreBlanche.

Die moordlustigheid, oorlogsdreigemente en die soort grootbekpraatjies van hom is net die skoppe van 'n sterwende perd.

## Ye-ye se "guts"



**Ye-ye: Harold Schenk en Amanda Luyt**

*Pierre Schnehage van Pretoria skryf:*
Wie is Christi (met 'n "i") van der Westhuizen (behalwe dat sy somehow 'n platform in 'n denkende tydskrif gekry het om haar snert te verkondig) en wat maak van haar 'n musiekresensent?

Die artikel oor Ye-ye (*Vrye Weekblad* 22 Julie 1993) maak my redelik anti-Vrye Weekblad (en ek is jare al 'n fan en min het my ooit gepla.)
Terug na Ye-ye:

- "Mooierige monotone prettige spulletjie" - Reeks of sarcasm and subjectivity!
- "Pragtige Pastelklankies" - Mens mag dus nie klokke in musiek gebruik nie?
- "Petshop Boys/Sandra-agtige..." - Hoe kan die "resensent" die twee met mekaar vergelyk, laat staan nog met Ye-ye. Harold Schenk se klawerbordspel het eerder elemente van Foster en Grusin in, maar dis seker moeilik om te hoor, né?
- "Agtergrondstemme soos 'n koor kleuters"? - Actually the best in the business (check the credits)!
- " 'Polities bewuste' Gebed vir Vrede"? - Vrede en gebede is dus polities van aard. Mind you, alles is vir jou polities van aard.
- "Spulse paartjie"? - You're a downright rude little girl!
- "Liewe Jesus word vreemd genoeg nie genoem nie" - This has to be a personal vendetta!

Onthou as musikant in die Suid-Afrikaanse bedryf sal 'n mens kompromieë moet aangaan om die verkrampte Afrikaanse mark se aandag te trek - en dan het Ye-ye die "guts" om 'n Afrikaanse CD te maak wat heeltemal anders is as die norm en boonop plaaslik en oorspronklik.

Omtrent "Willekind"...

In die adolessente wêreld is seks stout - ons Afrikanerkinders is so grootgemaak. Ek wou nog uitbrei oor hoe 'n tienderjarige voel oor seks en stimulasie... (Ek was daar, en jy?) maar briewe korter as 300 woorde kry voorkeur.

Die teikenmark vir die nommer is 16-24 en "Willekind" sal natuurlik meer byval vind by jongmense. Maar Christi bloos want sy is mos mooi groot.

En terwyl sy bloos, ontleed sy sommer op pad uit die psige van Ye-ye en hulle ingesteldheid - en vergelyk hulle met die Satan-behepte dominees!


Girlie, jy dink te vinnig aan te veel onderwerpe gelyk, raak dan deurmekaar, kom dit nie agter nie en bewonder dan jou woorde in jou pseudo-grootmenswêreld. Grow up and crit the music!

Moet alles dan "protest"-music wees en êrens in die liriek 'n Buffel of Casspir, klippe, f*** the establishment, ens wees?

Get another job! Because the musicians you so glibly slate are serious about theirs. You just haven't lived long enough to have enough perspective to be a music critic. But via my favourite magazine you diminish even further the chances of anything good and creative happening to Afrikaans music!

A public apology might go some way in righting your childish, selfish and audacious use of words. To not even speak of the incalculable damage you did! Could you bring yourself to do that?

## Voel verneuk



**Johannes Kerkorrel**

*Leonhard Praeg van Stellenbosch skryf*
Die rede waarom ek die vingers op die keyboard waag, is dat Christi van der Westhuizen se skrywe oor Kerkorrel (*VWB*, 22 Julie - 4 Augustus) my verskriklik afgepis het. Daar is 'n rykdom van stellings wat roep, nee, bid, vir toeligting. Maar die stellings veronderstel dat 'n mens die spreker die krediet moet gee dat daar moontlik iets daarin steek wat die moeite werd is om te ontsyfer. 'n Mens het twee opsies: diskrediteer die bron en maak (dus) die stellings af as betekenisloos; of gee die spreker krediet dat hy darem nie heeltemal 'n onnosele asshole is nie. Maar nee, God weet hoekom jy eersgenoemde opsie moet kies; dis so donners boring.

Ag nee, jirre man: "As Kerkorrel in België bly, wel... dis nie asof Mandela dood is nie. Ek dink nie daar sal 'n massabegrafnis gehou word nie." Dat Goosen dit sê en nie jy nie, ontneem jou nie van die

blaam om so 'n absolute professionele-jaloesie-ridden en van alle pretensie-tot-relevansie-en-eerlikheid-ontblote stelling aan te haal en dit nogal as 'n slot nie.

Verstaan my tog reg - ek is nie 'n Kerkorrel-groupie nie. Ek maak nie van hom hierdie wysgeer wat fassinerende aforismes kwytraak en ons, die arme tandlose massa, moet sit en dit ontsyfer nie. Maar dis goed wat iemand kwytraak wat in die oë van die tandlose massa 'n moerse klomp legitimiteit het. Hoekom hierdie legitimiteit aflag sodra hy geluide begin maak waarvan ons/jy nie hou nie? Is dit nie juis die punt waar ons moet begin wonder oor dit wat hy sê nie?

Jammer as ek beledigend was, maar dis 'n onderwerp wat verantwoordelikheid vereis en jou geskribbel maak 'n non-issue daarvan. Jy't my verneuk.
*(Brief ingrypend verkort - Red)*

## Wees gewaarsku

*Johannes Kerkorrel skryf uit Antwerpen:*
Nou ja, dit raak so voorspelbaar: Christi van der Westhuizen beleef haar maandelikse golf van premenstruele spanning en dan haal sy haar frustrasies uit op MY in haar rubriek. En Goosen en Tonteldoos word ALTYD bygesleep, en dan broei die ou groepie hulle ou vrot eier lekker gesellig uit. En Miss PMT het seker nog nooit toegelaat dat feite in die pad staan van haar pop spelery nie, het sy? En daar, tussen die dampe op die walle van die rivier by Broederstroom, kan 'n mens jou ook WAT verbeel, né?

Liewe lesers, moenie sê julle is nie gewaarsku nie. Daardie poespas van 'n berig oor my doen en late in Europa mag 'n mens alleen inneem met 'n helse lot sout. Daar is net een aanhaling wat korrek is, en as ek nou op elke moedswillige stommiteit reageer, gaan ek my afgryslik verveel. Maar kortliks, net die volgende:

Christi, liewe meisie, ek beveel aan dat jy 'n goeie kursus in die joernalistiek gaan volg. Dit raak nou regtig dringend. Konsentreer veral op die gebruik van aanhalingstekens. Die Universiteit van Potchefstroom bied 'n uitstekende vierjaar-kursus aan. Sodra ek terugkom, bring ek vir jou 'n goeie Nederlandse woordeboek saam, sodat jy kan leer om beter te vertaal. 'n Mens mag nie sommer jou eie woorde opmaak nie. Daar is by die PU vir CHO ook 'n skryfskool vir goeie en gewilde prosa, waar jy jou besondere talent vir fiksie kan uitleef.

Aan die heer Goosen, die Uitvinder van Afrikaanse New Wave Sakkie-sakkie: Liewe Anton, 'n mens wil dit nou nie hardop sê nie, maar ons weet hoe vinnig jy op die bandwagon kan spring. Dit verklaar jou bisarre uitsprake. En as jy nou rêrig wil weet hoe goeie Electro-pop klink, gaan luister weer 'n slag na jou Sonja Herholdt-plate.

Aan meneer Tonteldoos: Joos jou wilde ding! Ek beveel aan dat jy vir 'n paar jaar lank nie luister na jou Uriah Heap en Led Zeppelin-plate nie. Dan probeer jy om 'n song te skryf wat vaagweg oorspronklik klink.

Aan die redakteur van *Vrye Weekblad*: Liewe Max, sodra ek terug is, kan jy my uitneem na 'n vreeslike duur, dog polities korrekte restaurant. Ek neem aan jy wil nie NOG 'n hofsaak hê nie, en die plaaslike ontvangs van jou koerant bly ook maar taamlik lou, hmmm? Dan kan ons terselfdertyd 'n lekker intellektuele artikel skryf vir die kunsblaaie oor kultuur en geweld! Sedert my verblyf in die Kulturele Hoofstad van Europa borrel ek eenvoudig oor van idees oor hoe kuns die wêreld kan red. Dit is byvoorbeeld een van my persoonlike idees dat slegs 'n idioot kan verklaar dat anargistiese geweld hom inspireer, en al die kamerade sit juis so by die kulturele kongresse en verknies hulle oor die gebrek aan rigting sedert die bruisende dae van proteskuns in Suid-Afrika.

Aan almal in Zuid-A-frique: sien julle binnekort. Ek twyfel vir geen oomblik dat ek hier is omdat mense hou van my musiek, die songs wat ek skryf, en wat ek op die verhoog doen nie. My alternatiewe neigings word by die dag sterker. Hier is daar miljoene van ons soort, so DOE MAAR VOORT, JONGENS! GA GEWOON DOOR!

## Grieperige Bambi



**Pieter-Dirk Uys as Bambi**

*Moeg vir Poggenpôpol van Grahamstad skryf:*
Pieter-Dirk Uys se Poggenpoel Sisters op vanjaar se Grahamstadse kunsfees het een hoogtepunt opgelewer: die gratis eet- en drinkgoed tydens die langerige pouse. Bambi wys ook vir almal wat getwyfel het sy's rêrig 'n meisie: dis nou die pannekoek in plaas van die koeksister in haar fishnet-bekousde nommertjie.

Dit was opvallend dat die gehoor sowel as die grappies bejaard geraak het, met die kunstenaar nie ver agter nie. Oorwegend Engelssprekend, het menige gryskop gekweel van plesier terwyl alles wat Afrikaans is voor die voet belaglik gemaak is. Die meeste grappies het al té bekend geklink. Tot vervelens toe. Maar nou ja, dis mos die Boere-bashing wat saak maak, veral as die joligheid ten koste van die grapjas se eie geskiedenis is.

Ironies dat die gehoor wat die "Setlaar-kultuur" met sy vele geraamtes en verkrampthede verteenwoordig het, nooit verlei is om die hand in eie boesem te steek nie. Die gatkruipery het sowaar gekeer dat almal plesierig saam vir hulleself kon lag!

Maar as Bambi volgende keer weer griep onderlede het, moet sy liewer van die verhoog af wegbly en in stilte herstel soos ander meisies van haar jare maak. Dalk bewys sy almal 'n guns...

## Subjective critic

*Leora Farber of Mellville writes:*
Johannes Bruwer's "critique" of the Volkskas Atelier Award Exhibition (*Vrye Weekblad* 22 July 1993) reveals that he has little inkling of two fundamental tenets of criticism in the visual arts: the ability to evaluate work objectively and knowledge of current aesthetic discourse.

Bruwer states that works such as mine (incidentally it's spelt Leora Farber and not Naomi Faber as it appeared twice) - which combined found objects into an "absurd" amalgamation "lacking" in "control" - make one appreciate the "incisive simplicity" of other mentioned artists.

Surely it is the critic's task to consider the artist's intention and to evaluate the work within those parameters? Would a critic writing for a "progressive paper" not question naturalized linguistic, aesthetic and social criteria of evaluation? Bruwer does neither. As a point of attack against my work, he sites his subjective preferences (summed up as a liking for "gestroopte" simplicity and order as opposed to the "afgryslik" decorative and chaotic). Bruwer should realize that whilst he may have found the "uncontrolled" quality of my work disturbing, many people are strongly attracted to these works - precisely because of their layered complexity and excessive use of detail of detail and decoration. While stating these particular preferences and refusing to evaluate the work according to the feminist terms it was formulated upon, Bruwer unshamedly admits sexist prejudice. If he possessed even a preliminary knowledge of feminist aesthetics, he would know that "decorative" and "excessive" are words repeatedly used by men throughout Western art history to patronize and denigrate women's art. Under this patriarchal regime, "totalising" values of order, unity and simplicity are privileged and have come to be equated with conceptual and formal creativity. I deliberately used detail, decoration and excess (layering of mixed mediums, multiple forms of representation and ideas) to challenge these patriarchal values. No wonder Bruwer - reading these works from his biased standpoint - found my works disturbing. My intention is to challenge the criteria he sets up as standards of evaluation!

In a country presently undergoing political change, we need criticism which recognises gender and cultural differences and acknowledges their articulation - in objective terms. Such an uninformed paternalism seems incongruous with a newspaper which seeks to induce change through education and enquiry.

*(Subjectively speaking, which is all one can do when it comes to art, I feel that the work in question has all the "layered complexity" of a wedding cake, but is less decorative. I'm waiting for the three other artists - all male - whom I criticized on similar lines as Farber, to accuse me of being a raving feminist. - Johannes Bruwer.)*

kortbegrip

# mense en dinge

**GENTLEMAN DAN:** Daniël Kirstein (69), kleurryke aanbieder van *Die stem en die melodie* Sondagaande oor Radio Allegro, oorlede in die Garden City-kliniek in Johannesburg op Sondag 8 Augustus, aan longontsteking. Gentleman, vlymskerp satiriese humorsin, uitstekende nuusleser en stemkunstenaar.

**GESENSUREER:** Tydskrif *Tribute* van Jon Qwelane is verbied op Flitestar weens 'n voorbladfoto van 'n swart vrou wat 'n wit baba borsvoed. "Niks anders as rassisme nie. Ek vind dit ironies dat my tydskrif in sogenaamde slegte smaak val en verbied word terwyl daar 'n artikel oor sensuur binne-in verskyn."

**PILLOWTALK:** Emma Gilbey, skrywer en uitgewer van 'n ongemagtigde biografie oor die lewe van Winnie Mandela word met regstappe gedreig. Die boek bevat lekker sappige onthullings oor haar liefdeslewe. Vier onbekendes dreig Gilbey en uitgewer Jonathan Cape om *The Lady: The life and times of Winnie Mandela* te staak. Die ANC ontken enige poging om die publikasie van die boek te keer.

**UITSPAN:** Selfs staatshoofde moet soms rus. President Francois Mitterrand van Frankryk kies koers na Latche in die suidweste van sy land; John Major van Brittanje bly Brits deur na sy landgoed by Huntingdon in Cambridgeshire te gaan en Daniel Arap Moi van Kenia wyk uit na sy suiwelplaas by Kunuru in die Rift Valley.
President FW de Klerk gaan sommer Hermanus toe.

**WYS HULLE 1:** Jacqui Mofokeng word Mej Suid-Afrika en oorleef die bohaai oor haar kleur, haar persoonlikheid, die moontlike politieke motiewe agter haar oorwinning en boonop gerugte van 'n baba êrens in haar verlede. Jacqui sê sy sal almal nog wys wat in haar steek.

**WYS HULLE 2:** Pik Botha sê vir die Natalse kongres die NP hoef nie bakhand (soos die ANC) in die buiteland te staan nie, want die NP sal bewys hy is die enigste ware demokratiese party in die land.

**OORDEEL:** Elliot Makhaya van *Sowetan* bevraagteken Radio Metro-omroeper Grant Shakoane se oordeel toe 'n vroulike luisteraar van Tembisa wanhopig kla daar is geen polisie byderhand nie en hulle kan dit nie uit hul huise waag nie. Shakoane se antwoord: Thank you, that was great stuff.

**'SKUUSTOGGIE:** Jean-Paul Praet, Belgiese atleet, dam Charl Mattheus by in die 100km wedloop in België en vra sy land om verskoning vir sy skandelike gedrag. James Small voeg 'n ontoelaatbaarheid toe aan die skeidsregter in die Bok- Wallaby-toets in Brisbane en vra sy land om verskoning vir sy skandelike gedrag.

**HOF-LIKHEID:** Gaye Derby-Lewis, verhoorafwagtend op 'n moord- of samesweringklag, kry borgtog onder polisiebeskerming; Andries Cornelissen, verslaggewer, kry een jaar vonnis vir onbereidwilligheid om voor hof te getuig oor uitlatings waaroor hy volledig geskryf het.
Die hele land kom in hete beroering teen en vir die twee hofuitsprake.




Derek Bauer in *The Weekly Mail*

# koerante sê

**BEELD, 11 AUGUSTUS:** Die media het meer as net welwillendheid in verband met artikel 205 van die Strafproseswet nodig.

**SOWETAN, 9 AUGUSTUS:** There is going to be a lot of cut and thrust in the run-up to the elections. Politicians and their followers must learn to tolerate it. If they don't, this country is doomed.

**SOWETAN, 11 AUGUSTUS:** Whatever the reasons, it is extremely difficult to accept a teachers' strike at this time of the year with equanimity.

**THE STAR, 9 AUGUSTUS:** An irony of the new South Africa is that it needs to lower its economic status if it hopes to prosper.

**RAPPORT, 15 AUGUSTUS:** Intussen groei die agterdog dat heethoofde soos mnr Mokaba verdra word om 'n groot groep militantes vir 'n omvattende grondwetlike skikking kalm te hou deur hulle na die mond te praat.

# liewe land!

**OM TE SIEN:** 'n Britse soldaat wat op die Falkland-eiland diens doen, is na Brittanje gevlieg om 'n nuwe bril te kry nadat sy oue in 'n sokkerwedstryd gebreek het. Daar is geen oogkundiges op die eiland nie. Dit het die weermag net sowat R25 000 gekos.

**VLUGTENDE VORS:** Koninklike bewonderaars kan nou vir 'n beperkte tyd sekere vertrekke van koningin Elizabeth in Windsor Castle besoek teen sowat R90. Hulle sien die kasteel sonder die koningin - sy het kort voor die opening met vakansie vertrek na 'n plek waar dit nie so besig sal wees nie.

**VUUR EN VLAM:** Sokkergeesdriftiges van 'n klein Boliviaanse dorpie, Ixiamas, was so meegesleur deur hul span se oorwinning dat hulle nie agtergekom het 'n brand het in die dorpie uitgebreek nie. Teen die tyd dat die vreugdevure geblus is, het meer as 40 huise afgebrand.

**BANKROT:** Die Sweedse welsynstaat, wat beroemd was omdat dit mense so versorg het, stort in duie. Ekonome meen dit sal nie die geweldige skuldlas kan oorleef nie.

**KOUE KALKOEN:** Mense wat nie soggens aan die gang kan kom voor hulle daardie eerste koppie koffie afgesluk het nie, ly moontlik aan kaffeïne- onttrekking. Die Instituut vir Voedselnavorsing in Reading, Engeland, het bevind die koppie boeretroos vroegoggend verbeter nie die konsentrasievermoë soos algemeen beweer word nie. Dis eerder die onttrekkingsimptome wat ná 'n koffielose nag afgeweer word. Ander simptome van kaffeïne-onttrekking is moegheid, hoofpyn, slaperigheid en swak konsentrasie.

**EN NOU IS DAAR VYF:** Nog een van die enigste ses oorlewende kondors in die vrye natuur in die Amerika's is dood. Die eenjaaroue aasvoëlsoort, die grootste roofvoël ter wêreld, is dood nadat dit vermoedelik in 'n kraglyn vasgevlieg het. Oktober verlede jaar is nog 'n kondor dood nadat dit 'n anti-vriesmiddel ingekry het.

vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRASIEBESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NICOLETTE VILJOEN

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is (011) 837-7017 en die faksnommer 837-3567. Die Pretoria-kantoor se nommer is (012) 83-4879 en die faksnommer is 83-2181

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.

# so sê hulle

*"En waarom moet Afrikaans nie 'n toekoms hê nie? As 'n taal deur inwoners van die land gepraat word en mense wil hul taal laat voortleef, dan sal dit beslis nie uitsterf nie. Net mense self kan 'n taal laat sterf, nie die SAUK nie."*
**DR IVY MATSEPE-CASABURRI,** nuwe voorsitter van die SAUK-raad

*"Die AWB, wat Christene is, is gevaarliker en hou groter lewensgevaar vir my in as die lede van die SAKP. Laat ons bid dat God hulle harte sal aanraak sodat hulle weet dat hulle werklik sy kinders is."*
Aartsbiskop **DESMOND TUTU**

*"Die regering sal mag moet gebruik, of ons doodmaak, om ons uit te kry."*
**PIKKIE COETZEE,** die KP se woordvoerder oor plaaslike sake, wat sê minstens twee derdes van die wit munisipaliteite staan samesmelting met swart dorpe teen

*"Ons het briewe aan plaaslike besture geskryf om vir sulke borde te vra, maar niemand kan ons tot dusver help nie. Dis verbasend hoe dit net verdwyn het."*
**DR ROBERT DE JONG,** hoof van navorsing by die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, wat te laat wakker geskrik het en nou nie 'n enkele apartheidsbordjie in die hande kan kry nie

*"Hoewel mense dink Suid-Afrika het een van die hoogste motordiefstalsyfers, skep dié syfers eintlik 'n vals beeld. Die eienaars van sowat die helfte van die motors wat as gesteel aangemeld word, help om die diefstal te reël."*
Kapt **ANDRÉ BARKHUIZEN,** bevelvoerder van die motordiefstal-eenheid in Johannesburg-Noord

*"Die ANC se skielike aandrang dat die regering moet swig voor Sadtu se eise omdat hy bekommerd is oor swart onderwys, is skynheiligheid van 'n organisasie wat 'n geslag verlore jong mense geskep het met sy slagspreuk van 'Liberation before education'."*
**MARTHINUS VAN SCHALKWYK,** mediadirekteur van die NP

*"Laat almal maar dink ons is 'n klomp ongeorganiseerde kranksinniges. Dit tel in ons guns."*
Bosniese Serbiese offisier **NIKOLA KOLJEVIC,** oor gerugte dat dié faksie se leier, Radovan Karadzic, nie beheer het oor sy militêre bevelvoerder nie

*"Mense moenie kom en dink hulle gaan sy slaapkamer sien nie - dis 'n ander soort museum."*
**MARK FRANCIS,** kurator van die Andy Warhol Museum wat volgende jaar in Pittsburgh, Pennsylvania, gaan open


*"Die apartheidsdier is geskiet en nou verlaat die bosluise hom."*
**PIK BOTHA,** minister van Buitelandse Sake wat sê die ANC en sy ondersteuners in die buiteland het op apartheid geleef en het nou nie 'n beleid om Suid-Afrikaners te bied nie




**Dov Fedler in *The Sunday Star***

## WIL JY WEET?

Neptunus is op die oomblik die verste van die son af - hoewel Pluto, ontdek deur Clyde Tombaugh, normaalweg die verste planeet is. Pluto se oppervlak bestaan uit metaan en Saturnus het minstens 22 satelliete - astronome is egter nie heeltemal seker nie.




**Alistair Findlay in *City Press***

## HET JY GEWEET?

Teen Februarie 1992 was 10 tot 12 miljoen volwassenes en 1 miljoen kinders wêreldwyd al besmet met HIV, die virus wat Aids veroorsaak. Sowat 2 miljoen mense het al Aids opgedoen sedert die siekte in die vroeë tagtigerjare uitgeken is. Teen die jaar 2000 sal tot 40 miljoen mense HIV-positief wees. Sowat 90 persent van volwasse infeksies is te wyte aan heteroseksuele omgang.

## VLIEG IN DIE SALF

# Sinistere draai aan Mokaba-saak



MAX DU PREEZ

'N SINISTERE draai aan die hofsaak waarin 'n jong verslaggewer van die dagblad *Beeld* tot 'n jaar tronkstraf gevonnis is omdat hy geweier het om 'n staatsgetuie te wees in 'n saak waaroor hy verslag gedoen het, wys beter as enigiets anders op die gevare van wetgewing en praktyke soos Artikel 205 van die Strafproseswet.

Polisiemanne en werknemers in die kantore van die Witwatersrandse prokureur-generaal versprei nou die storie dat Andries Cornelissen glo "linkse" konneksies gehad het toe hy nog op universiteit was, en dus glad nie só "onskuldig" is nie.

Dit vat min verbeelding om te glo dat dit kon bygedra het tot die besluit om hardhandig met hom te wees. Miskien beantwoord dít die tergende vraag van die laaste weke: hoekom juis arme Cornelissen?

Joernaliste is byna daagliks ooggetuies van oortredings van die wet - soos tydens geweldpleging in die townships, tydens politieke vergaderings van gewelddadige organisasies soos die AWB en die PAC, en met beriggewing oor misdaad.

Teoreties is dit moontlik om 'n paar honderd keer elke jaar 'n verslaggewer aan Artikel 205-intimidasie te onderwerp. Dit is natuurlik absurd en gebeur ook nie, maar aan die ander kant was dit ewe absurd om Cornelissen voor die hof te daag oor die Peter Mokaba-saak. Die punt is dat die polisie en die prokureur-generaal maklik 'n 205 kon gebruik het om hom by te kom as hulle geglo het hy is die een of ander linksgesinde Afrikaner. Want die diskresie van die prokureur-generaal is absoluut, en boonop is hy verhewe bo alle kritiek.

HOE WEET EK hy is verhewe bo kritiek? Want 'n jaar of twee gelede is ek as redakteur van *Vrye Weekblad* deur die huidige prokureur-generaal van dieselfde afdeling, advokaat Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, weens laster gedagvaar omdat ek durf sê het hy en sy kantoor het 'n vendetta teen *Vrye Weekblad* gevoer deur ons vir elke moontlike tegniese oortreding onder elke moontlike wet te laat vervolg, terwyl ander koerante wat soortgelyke oortredinge begaan, nog altyd met rus gelaat is. In die eerste drie jaar van sy bestaan was *Vrye Weekblad* meer in die hof as selfs die oudste koerante in Suid-Afrika in hul hele geskiedenis. Die lastersaak het *Vrye Weekblad*, die staat en uiteindelik vir Von Lieres tienduisende rande gekos. (Ek en oud-kollega Jacques Pauw is ook al met 'n 205 voor die kop gegooi en moes bontstaan om uit die hof en tronk te bly.)

Von Lieres was weer die man wat uiteindelik moes besluit of Cornelissen vervolg moes word of nie. Natuurlik had hy die reg om hom te laat vervolg - tegnies was Cornelissen volgens die letter van die wet skuldig. Maar almal wat nou sê daar moet weer na die artikel gekyk word - soos die Nasionale Party en selfs die minister van Justisie, Kobie Coetsee - het geweet dis nie eintlik waarvoor die artikel bedoel was nie. Von Lieres kan nie só uit voeling wees dat hy die enigste een was wat dit nie geweet nie - ons weet hy moes 'n LLB-graad behaal het om 'n advokaat te kon word, en 'n LLB is glo nogal moeilik.

MAAR VON LIERES hoef nie eens 'n politieke genie te gewees het om dit te verstaan nie. Twee jaar gelede het die Minister van Wet en Orde skriftelik teenoor die Mediaraad verklaar dat die betrokke artikel "sensitief" toegepas sal word; dat joernaliste nie betrek sal word as die getuienis op 'n ander manier verkry kon word nie; en dat daar eers samesprekinge met die redakteur sal wees voordat tot 'n 205 oorgegaan word. Hoekom is dié beleid nie deur Von Lieres toegepas nie?

Daar was niks "sensitiefs" aan sy en sy personeel se optrede voor, tydens en ná die saak nie, en boonop was dit amper 'n teksboek-saak volgens die department se beleid: duisende mense, insluitende leierselemente van die ANC, het die betrokke vergadering bygewoon en daar bestaan boonop 'n video-band oor Mokaba se gewraakte opmerking wat al tot vervelens toe uitgesaai is. Hoekom is juis Cornelissen uitgesoek?

Dalk is die skinderstorie oor Cornelissen se kastige "linkse" gedagtetjies in sy studentejare een rede. Dalk is daar ook 'n verklaring te vind in die woorde van Von Lieres se luitenant in die hof, aanklaer Gerhard Nel, dat joernaliste "ongehoord arrogant" is.

Selfs ná die wêreldwye reaksie op die hof se uitspraak kom Von Lieres met 'n verklaring waarin hy sy en die hof se optrede goedpraat. Die verslaggewer het sy "eie belange bo dié van die gemeenskap geplaas", sê Von Lieres, en moes dus gestraf word.

Watter loutere onsin. As Cornelissen net in sy eie private belang opgetree het, sou hy enigiets gedoen het om tronkstraf - en 'n aanval deur kriminele in die selle - te vermy. Hy het in belang van die vryheid van spraak en die media opgetree, en dít is in belang van die gemeenskap. Deur 'n staatsgetuie te word oor 'n nuusgebeurtenis wat hy as joernalis gedek het, sou hy daartoe meegehelp het dat die vermoede by sommige gemeenskappe ontstaan dat joernaliste nie neutrale waarnemers is nie, maar spioene vir die polisie en die staat.

Só 'n suspisie kan die bewegingsvryheid van verslaggewers aan bande lê, wat sal beteken die publiek word swakker ingelig. Tot met die eerste algemene verkiesing is die media die enigste vorm van demokrasie in ons land.

NOU JA, die regering kan seker van 'n amptenaar soos Von Lieres ontslae raak, maar die probleem bly dieselfde solank die betrokke en soortgelyke breë en misbruikbare artikels op die wetboek bly. Daar is 'n horde wette wat hulself oopstel vir misbruik, soos die Wet op Nasionale Sleutelpunte, die Wet op Intimidasie, die Wet op die Verbod op Betogings in of naby Hofgeboue, ens.

Alle Suid-Afrikaanse joernaliste was aangenaam verras deur die sterk standpunt wat *Beeld* en haar susterkoerante oor die geval Cornelissen ingeneem het.

Maar dit is moeilik om nie nou op te merk nie dat die Nasionale Pers deur die jare eintlik 'n lat vir hul eie bas gesny het. Nóg *Beeld*, nóg enige ander Afrikaanse koerant het luidkeels beswaar gemaak nie toe dieselfde artikel tevore gebruik is.

Nie een van dié koerante het 'n woord van protes gefluister nie toe 'n ander Afrikaanse koerant deur die staat verplig is om R30 000 pleks van R10 registrasiefooi te betaal nie; of dosyne keer in 'n tydperk van twee jaar oor onbenullighede hof toe gesleep is; of herhaaldelik deur senior staatsamptenare met belastingbetalergeld weens beweerde laster in peperduur regsgedinge ingesleep is. Nog twee sulke staatsondersteunde sake, met polisiegeneraals as eisers, lê vir *Vrye Weekblad* voor. Wag maar om te hoor hoe protesteer *Beeld* as staatsamptenare van die nuwe regime dit met hulle doen.


Wat Artikel 205 betref, is daar myns insiens 'n eenvoudige oplossing. Joernaliste kan nie op absolute privilegie soos prokureurs aanspraak maak nie. Maar die artikel moet herskryf word om dit moeilik te maak vir die staat om joernaliste te misbruik of te intimideer, en voordat 'n joernalis hof toe gesleep word, behoort 'n regter eers te beslis dat daar geen ander uitweg is nie en dat dit oorweldigend in die openbare belang is om die joernalis te verplig om te getuig. Die bewyslas hiervoor moet op die staat rus. Wanneer 'n joernalis dan nog weier omdat sy/hy haar/sy bron wil beskerm, moet so 'n joernalis sonder protes die hof se straf aanvaar. ■



Mangosuthu Buthelezi



FW de Klerk



Constand Viljoen

# 'n Stadige (onvermydelike?) grondverskuiwing

## MAX DU PREEZ sien 'n basiese herrangskikking van politieke lojaliteite en alliansies aan die gebeur

EEN van die beduidendste verwikkelinge in die politiek die jongste tyd is die skielike nuwe toenadering wat Staatspresident FW de Klerk by hoofman Mangosuthu Buthelezi se Inkatha en by genl Constand Viljoen se Afrikaner Volksfront begin soek.

In regeringskringe word nou openlik gesê die NP se aanvanklike "in-die-bed-springery" met die ANC was 'n taktiese fout, of minstens dat dit oordoen was. "Ons is nou al uit die saamslaap-bed uit," sê een bron, "en dit lyk my ons is stadig besig om skuifel-skuifel met ons pantoffels na die Inkatha-bed te beweeg."

Sover dit verkiesingspolitiek betref, was die noue samewerking met die ANC dalk 'n oordeelsfout, maar as dit nie daar was die laaste jaar nie, sou die onderhandelinge beslis nie so ver gevorder het nie.

Daar wás 'n spesiale "deal" tussen die regering en die ANC oor sentrale kwessies. En dit is te danke aan dié ooreenkomste dat Suid-Afrika nou al 'n verkiesingsdatum het en aan 'n konsep-grondwet werk.

Dit was ook grotendeels te danke aan dié gemaklike samewerking, veral dié tussen Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa, dat die ANC fundamentele kompromieë aangegaan het - soveel so dat hulle nou baie na aan hul absolute minimumvereistes vir 'n nie-rassige staat in 'n verenigde Suid-Afrika is.

Maar twee faktore het 'n rol gespeel om die regering en die NP van koers te laat verander: Buthelezi se volgehoue, militante teenstand teen die samespanning van die regering en die NP met die ANC en sy absolute aandrang op sterker outonomie vir streke en waarborge voor 'n verkiesing; en die verskyning op die toneel van Constand Viljoen, wat die regses in só 'n mate verenig het dat hy volgens 'n *Rapport*-peiling reeds 20 persent steun as leier van die Afrikaners het.

Daarby moet gevoeg word die verdeling binne die NP en die kabinet. 'n Sterk groep ondersteuners en verskeie kabinetslede maak beswaar teen die slegte verhouding wat tussen die NP en Inkatha ontstaan het en steun Inkatha se benadering jeens die onderhandelinge en die grondwet.

Die aanvanklik geruste gevoel onder NP-ondersteuners oor die samewerking met die ANC het begin kwyn soos die geweld begin toeneem het en militante uitsprake soos dié van Peter Mokaba nie afgeneem het nie.

Boonop het De Klerk en sy kabinet begin agterkom hulle het heelwat wit steun begin verloor en nie, soos hulle aanvanklik verwag het, ooreenkomstig steun onder die swart en bruin bevolking gewen nie. Strateë het toe begin om die rooi ligte te laat flikker: sonder die Cosag-groep gaan ons in die verkiesing nie veel hond haar-af maak nie.

'n Ander faktor wat De Klerk en sy party nie voorsien het nie, is die briljante manier waarop Viljoen en sy Volksfront en Buthelezi se Inkatha 'n gesamentlike strategiese front teen die regering en die ANC gevorm het en elkeen die ander as 'n bykomende dreigement gebruik het.

By verlede week se NP-kongres in Natal het De Klerk sy nuwe kleure begin wys. Hy het die NP en Inkatha as natuurlike bondgenote beskryf en 'n verdoemende aanval op die ANC gedoen. "Die ANC moet in die komende verkiesing op sy plek gesit word. Die kiesers van Suid-Afrika het die mag om dit te doen," het hy gesê.

En saam met dié nuwe mooi woorde is agter die skerms die een beraad na die ander met senior Inkatha-mense en met Volksfront-mense gehou.

Ná 'n bosberaad met die Volksfront het Constand Viljoen selfs gesuggereer dat sy groep, die NP, Inkatha en ander Cosag-lede 'n Christelike front in die verkiesing teen die ANC kan vorm.

Kort daarna het De Klerk en sy kabinet begin geluide maak wat musiek was vir Inkatha en die regses: die verkiesing sal uitgestel moet word as die vlakke van geweld voortduur; en die beoogde samesmelting van plaaslike owerhede was dalk nie so 'n goeie idee nie - ander oplossings sal gesoek moet word.

Die regses het pas 'n veldtog begin om dié saamsmelt van owerhede teen te staan, en Ferdi Hartzenberg het gedreig met die "Yeltsin-opsie" om die wit massas teen só 'n samesmelting te mobiliseer.

Met die NP/regering wat al nader aan die Inkatha-opsies vir die grondwet en onderhandelinge beweeg en die magte vir die streke in die konsep-grondwet wat al sterker word, word verwag dat Inkatha binnekort na die onderhandelinge kan terugkeer.

As die regering sy gewig agter 'n kaart vir streke ingooi wat Pretoria by die Oos-Transvaalstreek insluit, kan die Volksfront ook terugkeer, want dan word 'n deelstaat waarin daar 'n wit meerderheid is, 'n werklikheid. (Sien Onafhanklike LP Koos van der Merwe se siening hieroor op bladsy 54.) Die regering het reeds teenoor die Volksfront verklaar dat hulle onderneem om hulle self ook vir "selfbeskikking" te beywer.

'n Naderbeweeg van die NP en die Cosag-partye kan tot gevolg hê dat die ANC, die PAC en Azapo hul "patriotiese front"-idee nuwe lewe sal gee, en dan is Suid-Afrika terug by die ou situasie van die twee magsblokke teen mekaar.

Maar die verhouding tussen die NP en die Cosag-partye is nog net 'n flikflooiery - daar was die laaste jaar of wat te veel harde en bittere woorde wat eers vergeet moet word voordat daar van 'n trouery gepraat kan word. ■

# Bloed op die stembrief

**27 April 1994.** 'n Verkiesing wat eweveel aan menselewens gemeet sal kan word as aan stemme? **MARTIE MEIRING** en **INA VAN DER LINDE** berig oor die debat rondom die voorgestelde verkiesingsdatum en besoek die bloeiende Oos-Randse townships om nader aan die hart van dit wat nou tussen Suid-Afrika en sy eerste demokratiese verkiesing staan, te kom




Khumalostraat in Tokoza.
**Foto's:** Sally Shorkend.

AS die vlakke van geweld en intimidasie te hoog is, kan Suid-Afrika nie 'n verkiesing hou nie. Te veel kiesers sal dit nie by die stembus wil waag nie, en in 'n stemming van geweld en intimidasie kan die demokrasie nie uiting vind nie.

Dit maak sin.

Solank Suid-Afrika en sy politieke groepe in 'n magstryd vasgevang is, solank die meerderheid van die bevolking voel hulle is nog nie deel van die demokratiese proses nie, solank die Nasionale Party regeer en die veiligheidsmagte beheer, kan daar nie vrede wees nie. 'n Verkiesing is op die oomblik wat al dié prosesse kan omdraai.

Dit maak ook sin.

Suid-Afrika met sy kultuur van geweld en sy bittere erfenis en verdeeldheid kan nie in die naaste toekoms heeltemal sonder geweld en konflik wees nie. 'n Sekere mate van konflik voor en met 'n verkiesing is dus onvermydelik. Kleiner gewelddadige groepe kan ook nie toegelaat word om geweld as 'n soort vetoreg te gebruik en 'n verkiesing onbepaald uit te stel nie.

Daarmee is ook min fout te vind.

Waaroor daar nie twyfel kan wees nie, is dat dit onmoontlik is om in die huidige omstandighede 'n verkiesingsveldtog of 'n verkiesing self te hou.

Ses weke eis by die 750 menselewens in 'n ontploffing van geweld - veral aan die Oos-Rand, maar ook in Kaapstad en in Natal. Meer as veertig mense sterf die eerste twee weke van Augustus in treinterreur aan die Rand.

Vrees, haat en beskuldigings blom: wit skok oor Peter Mokaba se opruiery teenoor swart frustrasie en woede oor "wit" veiligheid skep 'n groter kloof tussen die rasse. Die Demokratiese Party se vergadering word gewelddadig ontwrig, en die opbrekers hou vol dit was hulle reg om dit te kon doen.

Vir elke lyk is daar ses, sewe gesinslede wat getraumatiseer word. Dood lei tot begrafnis; begrafnis lei tot emosie en massa-opsweping; massa-opsweping lei tot nog dood.

Politieke leiers kom en gaan in die bloedige townships, maar hulle kon net sowel gebly het. Vredesmonitors swoeg lang ure in lewensgevaar, maar hulle is soos skoenlappers teen 'n stormwind.

Wat beteken vrome woorde in Kemptonpark en TV-debatte oor demokrasie en 'n grondwet wat almal gelyk maak as jy jou huis in vlamme sien opgaan, as jy jou kinders aan klippe of aan polisiekoeëls sien beswyk? En as jou land oor 'n dekade al meer as 17 000 lewens aan geweld verloor het.

Die hoopvolle gedagte van 'n vredesmag saamgestel uit alle groepe het gou in politieke retoriek en binnegevegte vasgeval. En hoe futiel is die verwagting tog nie dat 'n VN-vredesmag hiernatoe kan kom nie - met Bosnië, Somalië en Ciprus reeds deur hierdie dungesaaide magte beset?

Intussen luister ons daagliks na die berigte oor die dodetol soos ons na die weerberig luister.■



Mantombi Mahlangu is nege maande swanger en is al vier weke in die vlugtelingsentrum by die Natalspruithospitaal. Sy weet die hospitaalpersoneel sal met haar bevalling help. Baie vlugtelinge het al baba's in die hospitaal gehad. Haar ander kinders het tydens 'n demonstrasie verdwyn.



Litte losmaak vir hostelbewoners. Maar dis nie hul gevaarwapens nie. Dis tradisionele wapens vir 'n feestelike verwelkoming vir hoofman Buthelezi in Thokoza.

## DIE OORLOGSONE

"Dis 'n oorlogsone, dié," sê 'n matrone van die Natalspruithospitaal in Katlehong. Stof en rook hang oor die uitgestrekte gebiede van Katlehong, Thokoza en die plakkerkampe Mandela, Holomisa, Pholapark wat rondom lê. Die strate is vieslik, taxi's staan in plate, sonder klandisie. Vrugteverkopers gesels met mekaar. Niemand koop nie.

Die groot Natalspruithospitaal by die ingang van die geweldgeteisterde Thokoza en Katlehong bly egter besig. Motors bring komberse vir vlugtelinge. Twee ambulanse ry in. Klein wit motors van die plaaslike Vredeskomitee ry in en uit.

Die hospitaal is 'n senusentrum. Dis teen 'n hospitaal se aard om vlugtelinge te huisves, om dienste te verleen aan 'n vredesgroep, maar dis al plek waar daar met veiligheid gepraat - en onderhandel - kan word.

Op 'n tafel in die ontvangskamer van dr Norman Kearnes, superintendent van die hospitaal, staan 20 plastiek-pilhouers, netjies gerangskik, elkeen met 'n stukkie vervormde metaal so groot soos die punt van 'n pinkie. Aan sommige kleef donker bloedvlekke. Dis koeëls wat die vorige dag uit liggame gehaal is. 'n Paar dae gelede, vertel 'n suster, het sy 'n hele skoendoos vol koeëls weggestuur polisie toe.

"Hierdie hospitaal het altyd gewondes behandel, maar dit was meestal meswonde. Die afgelope jare is 80 persent van die gevalle skietwonde. Meestal toegedien met hoëslaankraghandwapens, meestal AK 47s en meestal baie ernstige, aaklige beserings," sê hy.

Met tye is al agt teaters van die noodafdeling tegelyk in gebruik. Met die treinaanval op die Germiston-stasie twee jaar gelede het 50 beseerdes op een slag by die voordeur ingestroom. Die laaste vier weke het hulle tot 350 skietgevalle behandel. Die wat doodgeskiet is, kom nooit by die hospitaal uit nie.

'n Suster wat soms in die trauma-eenheid help aflos, vertel die hospitaal moet die beste in die land wees as dit kom by noodbehandeling. In enige "wit" hospitaal beteken 'n messteek in die hart gewoonlik die einde. Hier word tot drie gewondes per week met messteke in die hart ontvang. 'n Paar dae later stap hulle lewend hier uit.

Sy sê dis meestal jong AK-swaaiende kinders (tussen 13 en 15) wat die skietwerk doen. Dis hulle wat geld vra voordat hulle jou deurlaat by 'n padblokkade en dis hulle wat kom geld vra om jou huis te "beskerm".

Kearnes is bekommerd oor die kwaai druk op die hospitaal se bronne. Geldelike en menslike bronne. Een gewonde vra die sorg van verskeie dokters en spesialiste, beset 'n bed vir etlike dae terwyl gewone siekes moet wag.

Die verpleegpersoneel wat in die townships woon, ly hieronder. Heeldag werk hulle met gewondes. Hulle sien borskaste wat aan flarde geruk is, koppe wat half weggeskiet is, en arms en bene wat nooit weer ordentlik sal werk nie.

En met dié wete gaan hulle saans huis toe terwyl die skote rondom hulle klap. Baie kla dat hulle nie kan slaap nie en altyd moeg is. Bedags is daar dikwels nie vervoer om by die ▶

hospitaal uit te kom nie. Kearnes beskryf hul toestand as "getraumatiseer".

'n Polisie-helikopter vlieg herhaaldelik oor die uitgestrekte geboue wat die laaste paar jaar nie net 'n plek geword het waarheen gewondes gebring word nie, maar ook waar duisende vlugtelinge kom skuiling soek teen die geweld.

"Ek weet nie hoe 'n oorlog lyk nie, maar hierdie moet deksels na daaraan wees."

Die een groot vrees is dat die hospitaal sy politiek neutrale beeld gaan verloor. "Die oomblik dat dit gebeur, word ons deel van die oorlogsgebied. Dan gaan personeel die hospitaal in strome verlaat." Beelde van Sarajevo-hospitale flits deur jou kop.

Kearnes sê: "Hierdie hospitaal funksioneer op gerugte. Ons hoor gerugte dat die Zoeloes kom of dat ander groepe gaan aanval. 'n Halfuur later begin die gewondes instroom. Ons kan nie vooruit beplan nie, want ons weet nie van die een oomblik tot die volgende wat gaan gebeur nie."

Dit word 'n paar oomblikke later bevestig toe 'n gerug die rondte begin doen dat Mangosothu Buthelezi en FW de Klerk (nogal) saam die townships besoek. Soos 'n veldbrand versprei dit deur die hospitaal.

Dié gerug slaan ook by die opskamer van die Wits-Vaalvredeskomitee in die hospitaalterrein uit. Die groot aantal jongmanne en vroue wat as vredesmonitors ontplooi, word gewaarsku om versigtig te wees.


Maar die groot klomp mense wat wag om met die vredeskomitee te praat (verteenwoordigers van die polisie, gemeenskappe en politieke partye) raak opgewonde. Iemand het kom vertel van 'n aanval uit 'n Casspir op twee mans. 'n Afgekapte kop van 'n vrou is gevind, maar nie die liggaam nie. 'n Huis brand onderkant die Huddersfield-stadion.

'n Vrou begin opgewonde en verontwaardig vertel dat 'n jongmeisie in 'n Casspir verkrag is. Hoe weet sy? Sy het die meisie gesien.

'n Vredesmonitor kom uit die klein opskamer en 'n man begin hom dadelik vertel die ANC-kaarte van hom en sy vriende is gesteel. Dit beteken dat iemand moeilikheid gaan maak en dan gaan die polisie sê dis weer die ANC.

Teen die betonmuur koester 'n klomp vroue en klein kinders hulself in die wintersonnetjie, hul besittings in kartondose en komberse rondom hulle. Die Rooi Kruis bring binnekort brood en sop. Die kinders is honger, sê 'n vrou. Haar driejarige sit styf teen haar. Sy is al vier weke op die hospitaalgronde. Haar twee ouer kinders het verdwyn. Hulle was in die skool en het nooit huis toe gekom nie. Sy bid dat hulle kos sal hê.

Sibongile Ntuli sê iemand het in die nag petrolbomme na haar huis gegooi. Toe het sy gehardloop. Sy weet nie waarheen haar kinders gehardloop het nie. "Jy hardloop maar net as jy bang is in die nag," sê sy.



**Marube Seje sit met sy bakkie kos in die Palm Ridge-vlugtelingsaal. Die Indiërgemeenskap van dié dorp het hul gemeenskapsaal vir honderde vlugtelinge oopgestel. Gesinsraadgewers en sielkundiges besoek ook die saal vir berading.**

# MOORDSTRATE

DAAR is 'n groot ophef in Khumalostraat - een van die moordstrate. In die township het Schoemanstraat die ANC-straat geword - die gevaarsone vir die IVP-begrafnisgangers wat in die straat af moet beweeg na die stadion waar die begrafnisbyeenkomste gehou word. Khumalostraat is IVP-gebied - dit loop voor die gevreesde Kwamadala-hostel verby. Nou is die straat rumoerig. Groot Casspirs kom versper die straat voor 'n gemeenskapsentrum. Duisende mense stroom na binne met oorlogliedere en jillende vrouestemme. Hulle wag op hoofman Buthelezi wat die gebied kom besoek het. Weermag-helikopters en Buffels kom verby.


"Hier sal nie vandag moeilikheid kom nie," sê 'n ou indoena. "Die mense het nie hul regte wapens hier nie." 'n Ander indoena sê die hoofman kom vrede praat. Hy wil hê die mense moet ophou baklei.

Maar terwyl die hoofman praat, word 'n huis afgebrand en vlug vroue 'n systraat af met kinders wat soos albasters na alle kante toe spat.

# DIE PRÁÁTMAG

IN die Chris Hani-kamp by Daveyton het 'n legende ontstaan. "Die klein mannetjie wat reg kan praat", word van Con Roux gesê.

Roux, voorsitter van die Benoni-Boksburg Vredeskomitee, het al baie die aantyging gehoor dat die vredewerkers eintlik niks beteken nie. En hy ken ook die verweer: as dit nie vir die vredewerkers was nie, sou daar meer geweld gewees het.



**Con Roux, die man wat in praat glo.**

Maar hy glo dit. Con Roux, erfgenaam en werker in die groot Con Roux-konstruksiemaatskappy, het sy werk in die familiesaak prysgegee om heeltyds vredewerker te wees.

Dis 'n lid van die gemeenskapspolisie wat vertel: "Elf hutte is daardie nag in Chris Hani afgebrand. Die mense was kwaad, ontstoke. Toe kom dié taai, klein outjie. Hy praat sag. Maar hy práát. Hy het almal bymekaar gekry: die mense van die hutte, die polisie, die gemeenskapsleiers. Hy het 'n groot vuur laat maak en toe moes almal praat. Die makgotlaleiers het geweet hoe om hul saak te stel. En Con Roux weet hoe om te luister. Tot die vroeë ure het hulle gepraat. Toe het hulle ooreengekom. Daarna het almal sommer lifts in die Casspir gekry en ek sê jou, daardie nag kón meer hutte gebrand het."

Natuurlik is daar die eindelose frustrasies. Wanneer die boodskappe kom van "shoot-outs" is dit dikwels te laat om die lewensverlies te stop. Maar die praat en die onderhandelinge daarna, help om die gemeenskap beter te integreer.

Dis ook die boodskap van Peter Harris van die Wits-Vaal Vredeskomitee: "This is an incredible learning curve in social restructuring."

Con Roux wens elke gemeenskap kan sy eie Casspir kry: "Verf die ding in watter kleur ook, maar sorg dat die gemeenskapsleiers, die polisie en die vredesmonitors sáám die townships en die kampe patrolleer. Dis al manier om die wantroue, die vreeslike voortslepende agterdog teenoor mekaar te besweer."

# Pretoria het nog niks so vermaaklik gesien vandat ET van sy perd afgeval het nie.

Pretoria-Boekfees 26-29 Augustus.
Sunnypark-Winkelsentrum, Sunnyside, Pretoria.

*Opgeruimheid. 'n Gegrinnik en geproes.*
*Jy kan nie help om oorrompel te word deur ons bedwelmende verskeidenheid kinder-, naslaan-, kuns-, liefdes-, kook- en koffietafel-boeke nie.*

*Dis die Pretoria-Boekfees.*
*Jipppeeeeeyayaaaeeeyaaaayaaayaaaaaaaaaaaa!*

EXCLUSIVE BOOKS



**Daagliks** kom **die dood,** maar **die lewe** gaan voort in Sarajevo. Foto: Greg Marinovich/ Southlight.

*Twee ooggetuieverslae uit Bosnië-Herzegovina*

# van paradys tot hel in 500 dae

**ANNÈ MARIÉ DU PREEZ**, 'n Suid-Afrikaner wat in Sarajevo woon en vir die Verenigde Nasies se inligtingsdiens werk, verduidelik die aanloop en aard van die bloedige burgeroorlog in Bosnië-Herzegovina

BOSNIË, paradys van die verdoemdes. So beskryf Misha Glenny, skrywer van die boek *Die Val van Joegoe-Slawië*, dié verlore land.

Voor die oorlog was Bosnië inderdaad 'n paradys. Die mense het 'n hoë lewenspeil gehandhaaf. Die land is dramaties en asembenemend pragtig. In die somer was daar rose, rose, rose so ver as die oog kan sien. En grafte.

Die Bosniërs se erfenis het hulle verdoem tot ewige konfrontasie. Dié bymekaarkompunt van Oos en Wes, die Christendom en Islam, demokrasie en sosialisme, tradisionele bygeloof en agterdog teenoor moderne vooruitstrewendheid, is 'n resep vir katastrofe.

Bosnië se Moslems is Slawiërs wat gedurende vyf eeue van Turkse oorheersing tot die Moslem-geloof bekeer is. Hulle is al nasie ter wêreld wat uitgeken word deur hulle geloof, eerder as taal of etnisiteit. Hulle is in wese meestal Kroate of Serwiërs hoewel daar 'n taamlike mengsel van Albaniese, Turkse, Joodse en Egiptiese bloed in hulle are vloei, en hulle praat Serwo-Kroaties.

Baie van dié Moslems was nog nooit in 'n moskee nie. Hulle is modern, dra Westerse klere, het Westerse gewoontes, en sou ewe tuis wees in Londen, Parys - of Kaapstad. Die deel van hulle kultuur wat van hulle Moslems maak, was voor die oorlog vir hulle so belangrik as wat die Duitse of Franse kultuur vir Afrikaners is. En hulle is bevrees dat hulle geliefde Bosnië gaan ontaard in 'n fundamentalistiese Islamitiese staat.

MAAR DIE HUIDIGE oorlog het mense gedwing om 'n kant te kies, en omdat die feit dat hulle Moslems is in die grootste mate bygedra het tot die bloedvergieting in Bosnië, het dit 'n groot verskuiwing in sentimente meegebring. Jong mense het begin Arabies leer, meer mense gebruik die Moslemgroet "Merhaba" pleks van die plaaslike "Dobor Dan" - en meer mense begin die moskee gereeld besoek.

En die ironie is dat hulle in dié keuse ingedwing is deur Christen-vegters.

Die 1968 studente-opstand in Joegoe-Slawië het jong Moslems die eerste kans gegee om as 'n groep konsessies van veldmaarskalk Tito se kommunistiese regering af te dwing. Moslems in die Bosniese Kommunisteparty het druk op die regering uitgeoefen om hulle te erken as 'n nasie uit eie reg, met die argument dat dit sou help om spanning tussen Kroate en Serwiërs te verlig. Dié argument het Tito oortuig, en in die 1974-grondwet is die Moslems se status tot dié van 'n nasie verhoog.

In die Tweede Wêreldoorlog het die meeste Moslems met die Kroatiese fasciste, die Ustashe, saamgewerk teen die oorwegend Serwiese Partisane van Tito. Byna elke familie in Bosnië het 'n familielid wat in die Tweede Wêreldoorlog aan die een of ander kant geveg het. En hulle het nog nie die bittere stryd vergeet nie. Die pro-partisane het ook nog nie vergeet wie hulle vyande was nie. Elke distrik in Bosnië het 'n monument vir die partisane wat in die oorlog gesterf het. Op die meeste monumente is daar een Moslemnaam vir elke vier Serbiërs.

In die begin van die voormalige Joegoe-Slawië se verbrokkeling was mense wat die implikasies van die land se ineenstorting verstaan het, die meeste bekommerd oor die impak wat dit op Bosnië sou hê.


Die besluit van die Europese Gemeenskap om Slowenië en Kroasië se onafhanklikheid te erken, het Bosnië voor 'n onmoontlike situasie te staan gebring. Die republiek had drie keuses, en elk van die drie sou tot oorlog lei. Dit kon deel word van die nuwe Joegoe-Slawië (Serwië en Montenegro) en deur President Milosevic en Serwië regeer word. Of hulle kon verdeling tussen Serwië en Kroasië aanvaar, soos President Tudjman van Kroasië en President Milosevic wou hê. Of hulle kon aandring op aanvaarding as 'n onafhanklike staat. Die eerste opsie was onaanvaarbaar vir die Moslems en Kroate in Bosnië, die tweede vir die Moslems en die Joegoe-Slawe, en die derde vir die Serwiërs.

Van al die entiteite wat die voormalige Joegoe-Slawië uitgemaak het, het Bosnië die langste geskiedenis as 'n definieerbare staat, koninkryk of republiek. Terselfdertyd het Bosnië sedert die Middeleeue nie as 'n onafhanklike entiteit bestaan nie. Maar dit is ondenkbaar dat die etniese en nasionale mengsel in Bosnië sonder 'n oorlog verdeel kan word.

OM VREDE TE HANDHAAF, kan Bosnië nie aan Serwië of Kroasië behoort nie. Dit moet 'n brug tussen die twee vorm, en 'n gelyke verhouding met albei handhaaf. Want meer as 60 persent van Joegoe-Slawië se militêre nywerheid was in Bosnië, en meer as 60 persent hiervan in Kroatiese of Moslem-gebiede.

Die integrasie van die drie etniese groepe in Bosnië is van so 'n aard dat 'n verdeling vergelyk kan word met die mees delikate skeiding van 'n Siamese tweeling. Die geringste fout kan die dood van een, of albei, veroorsaak.

Herzegovina, die Westelike deel van Bosnië-Herzegovina wat aan Kroasië grens, word verdeel deur die Neretvarivier. Die Serwiërs sien die rivier as die grens tussen Serwiese en Kroatiese gebiede, maar die Kroate argumenteer dat baie dorpe oos van die rivier aan hulle behoort. Weens dié verskil in sienswyse is baie dorpe wat aan weerskante van die rivier lê, in die oorlog totaal verwoes ▶



Dié 20-jarige Serwiër met die skuilnaam Arrow is een van die Bosniese leër se twee beste skerpskutters in Sarajevo. Die voormalige student in die joernalistiek weet nie meer hoeveel mense sy al geskiet het nie. Foto: Martin Nangle/AP.

Die stad Mostar is 'n goeie voorbeeld van dié onmoontlike etniese situasie en die algemene tragedie van die oorlog in Bosnië. Mostar behoort, volgens die Kroate, aan hulle. Maar die Serwiërs eis dat die deel van die stad aan die regterkant van die rivier aan hulle behoort. Die Moslems is die grootste etniese groep in Mostar, maar die ander twee groepe het hulle tot onlangs nie hieraan gesteur nie.

Die kern van die konflik en tragedie in Bosnië lê in die republiek self. Deur die partye langs nasionalistiese lyne te organiseer, is al drie die gemeenskappe verantwoordelik vir die land se huidige lot. Dié verdeling het verseker dat enige oorlog in Bosnië 'n herhaling sou wees van die bloedige konflik van 1941-1945. Al wat Bosnië sou kon red, was 'n politieke party wat die steun van al drie die gemeenskappe kon wen. Maar ná die lang geskiedenis van politieke onderdrukking het die basis vir so 'n party nie bestaan nie.

Bosnië het deur die eeue oorleef danksy 'n skild wat deur óf die Oostenrykse óf die Turkse ryk verskaf is, óf ná die Tweede Wêreldoorlog, deur die eenheid van die Joegoe-Slawiese staat. Die enkele keer dat daar nie 'n bemiddelaar was nie - tussen 1941 en 1945 - was die resultate 'n skrikwekkende nasionalistiese en godsdiensoorlog waarvan die geweld alle ander konflikte in die gebied oorskadu het.

Maar die oorlog in Bosnië het lank voor 1992 al in Kroasië en Serwië begin.

IN APRIL 1990 het die Kroatiese Demokratiese Unie (HDZ - Hravatska Demokratska Zajednica) die demokratiese verkiesing in Kroasië gewen. Die meerderheid van die 600 000 Serbiërs wat in Kroasië woon, is verstedelik en hulle was, voor die oorlog in Kroasië, heeltemal geïntegreer in die Kroatiese gemeenskap.

Maar die gedeelte van die Serwiese bevolking in die Krajina, 'n gebied in die suidweste van Kroasië tussen die Adriatiese See en Bosnië, is 'n geharde en eenvoudige landelike gemeenskap.

President Tudjman het nie die kompleksiteit van die verskille in die Serwiese gemeenskap verstaan nie. Of miskien was hy nie bevoeg om dit te verstaan nie. En in die afgeleë gebiede van Kroasië is sy regering verteenwoordig deur 'n totaal verskillende tipe Kroaat met geweldige antipatie jeens Serwiërs, en dit het gelei tot konflik tussen die twee groepe. Die herlewing van Kroatiese nasionalisme het vir Serwiërs een ding beteken - die herlewing van fascisme.

In die Tweede Wêreldoorlog het die Ustashe (Kroatiese fasciste) met die Nazi's saamgewerk. Die Nazi's het hul hande vol gehad met die Partisane, maar die Ustashe, wat hulle landgenote verstaan het, het geweet hoe om hulle te benader. Derduisende Serwiërs wat Tito se Partisane organisasie ondersteun het, is deur die Ustashe vermoor.

Plekke soos die hawestad Split, waar daar na die oorwinning van die HDZ in Kroasië 'n geesdriftige herlewing was van militante Kroatiese nasionalisme, is ver verwyder van die Sentraal-Europese sofisme van Zagreb, waar Serwiese geleerdes en Kroate in harmonie saamwoon.

Gedurende Tito se bewind, soos in die res van Oos-Europa, is nasionalisme ingesluk deur die allesoorheersende sosialistiese ideologie. Hy was 'n Kroaat, en het die delikate ewewig verstaan tussen die nasionale groepe in Joegoe-Slawië, en gedurende sy bewind het Serwiërs die massiewe staatsdiens oorheers.

DIE GROOT PROBLEEM van die Joegoe-Slawiese staat was die dominansie van Serwiërs oor Kroate, en die groot probleem van 'n onafhanklike Kroasië was die dominansie van Kroate oor Serwiërs.

Toe Tudjman in Kroasië aan bewind kom, het hy met hom 'n obsessie saamgebring vir die skep van 'n staat wat met die Kroate vereenselwig kon word. En dit het beteken dat Serwiërs van hul status as deel van die meerderheid Joegoe-Slawiese nasie in Kroasië ontneem moes word, en die nuwe posisie moes inneem van 'n minderheids-

groep in Kroasië. Kroaties is as die taal van die nuwe administrasie ingestel, en die Serwiërs se Kirilliese skrif is uitgegooi. Dit was onnodig en uitlokkend. Net 'n geringe persentasie van die Serwiërs in Kroasië het die Kirilliese skrif gebruik. Die meeste gebruik die Latynse alfabet, en praat selfs die Kroatiese dialek.

Talle Serwiërs is van hulle poste in die staatsdiens onthef. Militantes in die HDZ het geesdriftig van die Serwiërs ontslae geraak. Vir die Serwiërs was dit 'n geweldige skok toe hulle besef dat hulle deur Kroate vervang word, en vir hulle was dit die terugkeer van hulle grootste nagmerrie - die terreur en vervolging van die fascistiese Kroatiese Ustashe.

Elke uitlokkende besluit wat deur Tudjman se bewind in Zagreb geneem is, het die Serwiërs nader gedryf aan die Sosialistiese Party van Serwië, en aan Slobodan Milosevic, wat in 1990 aan bewind gekom het ná die demokratiese verkiesing in Serwië.

Milosevic was, naas Tito, die invloedrykste politikus in Joegoe-Slawië ná die Tweede Wêreldoorlog. Hy word ook verantwoordelik gehou daarvoor dat hy die kompleksiteit van Joegoe-Slawië se etniese samestelling uitgebuit het om sy eie politieke doelstellings te bereik.

Die dryfveer agter Serwiese politiek is 'n soeke na eenheid, en hul leuse is "Samo Sloga Srbina Spasava" - slegs eenheid kan die Serwiërs red.

Milosevic was vasbeslote dat hy Joegoe-Slawië se meester sou wees ná Tito se dood. 'n Joegoe-Slawië waarvan die Serwiërs die dominante faktor sou wees. Hy het dit vir Slowenië moontlik gemaak om onafhanklikheid te verkry, sy teorie laat vaar dat alle Serwiërs op dieselfde grondgebied moes woon, formeel afstand gedoen van eise vir grondgebied in Bosnië, en die nuwe mini-Joegoe-Slawië tot stand gebring uit Serwië en Montenegro.

Maar Milosevic en Tudjman het ernstige verskille gehad oor Kroasië se posisie, en Milosevic het voet by stuk gehou dat Kroasië net onafhanklikheid kon verkry deur afstand te doen van die gebiede waar Serwiërs woon. Die implikasie was dat Serwië nie Kroasië se afskeiding sou duld nie.

Maar die politieke debat in Kroasië is teen dié tyd oorheers deur die obsessie om 'n onafhanklike staat te skep.

Op 28 Junie 1989 het Serwië die 600e herdenking gevier van die Slag van Kosovo, toe die Middeleeuse Serwiese koninkryk deur die Turkse Ryk verslaan is.

Milosevic het die herdenking in Kosovo bygewoon, en in sy toespraak gesê dat die Serwiërs ses eeue ná die geskiedkundige slag wéér betrokke was by rusies en gevegte - nie gewapende gevegte nie, het hy gesê, maar dit kan nie uitgesluit word nie.

Ná die eerste gevegte tussen Serwiërs en Kroate in Knin in die Krajina, was dit duidelik dat die twee republieke, Serwië en Kroasië, op 'n koers was wat net tot oorlog kon lei. Om dit te vermy, sou Milosevic sy aandrang op 'n Joegoe-Slawiese federasie moes laat vaar, en Tudjman sou groter gewilligheid moes wys om met die Serwiese minderheid in Kroasië te onderhandel. Geeneen van die twee presidente wou kopgee nie.

TEEN 1991 WAS Serwiese nasionalisme 'n gevestigde instelling in Serwië. Regse ekstremiste en anti-Kroatiese paranoïa het oral kop uitgesteek, en die ver-regse "Chetnik" embleem - 'n skedel en doodsbeendere, en die leuse "Vryheid of Dood" - het oral op straat verskyn.

Milosevic kon nie sy reputasie as 'n oudkommunis afskud nie, en sy diktatoriale manier van regeer het talle opposisiepartye tot stand laat kom in die maande ná die verkiesing. In Maart 1991 het 'n massabetoging wat deur sy opposisie beplan is, gelei tot grootskaalse gewapende onrus en bloedvergieting. Belgrado het soos 'n slagveld gelyk. Milosevic het die weermag ingeroep. Die opstande, grootliks deur studente aan die gang gehou, het meer as 'n week geduur. Maar die alliansie van opposisiepartye en studente kon Milosevic nie onttroon nie. En tydens die opstande het Milosevic en die JNA se militêre leiers 'n alliansie gesluit wat dit moontlik sou maak om oorlog te voer.

Die weermag se rol was van allesoorheersende belang in die disintegrasie van Bosnië-Herzegovina, en het bepaal of die wydverspreide onrus sou ontplof in oorlog. Die hulp wat die JNA aan Serwiese groepe in Kroasië en BH verleen het, het die onrus laat eskaleer. ■



**Twee Bosniese Kroate, Mijo Bogelio, 64, en sy seun Zvonko, 32, verduidelik aan 'n Bosniese Moslem-soldaat dat hulle uit hul huis in Dranovic Ricia naby Kakanj moes vlug toe hul Moslem-bure dit aan die brand steek. Foto: Greg Marinovich/AP.**

# die moeder van alle burgeroorloë



'n Britse VVO-soldaat keer 'n klein Moslem-vlugteling sagkens weg van 'n VVO-basis in Vitez in Bosnië. Foto: David Brauchli/AP.

IN die net meer as 'n jaar van oorlog in Bosnië-Herzegovina is sowat 200 000 mense dood en vermis, en 70 000 ernstig verwond. Daar is 3- miljoen vlugtelinge in die land, en sowat 3 miljoen mense moet klaarkom sonder water en elektrisiteit.

Hoewel algemeen aanvaar word dat die oorlog die gevolg is daarvan dat die Europese Gemeenskap en die VSA Bosnië op 7 April 1992 as 'n onafhanklike staat erken het, is daar aanduidings dat die oorlog al in Augustus 1991 deur Serwië beplan is - agt maande vóór die erkenning van Bosnië-Herzegovina. Duitsland word onder meer blameer vir die konflik omdat hulle die meer onwillige lede van die EEG onder druk geplaas het om die republieke van die voormalige Joegoe-Slawië te erken wat onafhanklikheid nagestreef het.

Die eerste skote het al in April 1992 in Sarajevo geklap, maar die aanvanklike Serwiese aanslag is vir die eerste keer met mening in Mei 1992 teengestaan. Teenoffensiewe het begin in westelike Herzegovina en in middel- en noordelike Bosnië. In die westelike Herzegovina het Kroatiese magte (wat tot 20 000 lede van Kroasië se weermag ingesluit het) die federale Joegoe-Slawiese weermag teruggedryf. In 'n ses weke lange veldtog is die beleg van Mostar gebreek. In middel- en noordelike Bosnië het magte van die Bosniese (Moslem) Gebiedsmag in die somer en herfs van 1992 suksesvolle veldtogte geloods vanuit Tuzla. Die kritieke veldslae in Bosnië-Herzegovina teen die Serwiese gewapende magte was in Brcko, Orasje, Bosanski Samac, Bracanica en Gradacac.

TEEN EINDE 1992 en begin 1993 het dit duidelik geword dat die Serwiese weermag sekere swakhede het toe hulle by Bratunac in oostelike Bosnië deur Moslem-guerrillas 'n gevoelige slag toegedien is. Want hoewel die Bosniese Serwiese weermag meer swaar wapens, tenks en artillerie het as enige van die ander goepe, het hulle nie infanterie-eenhede nie. En die Moslems maak aanspraak op die meeste infanterie-eenhede, wat hulle in staat gestel het om in die somer geweldig veld te wen in Middel-Bosnië. Dit is ook die enkele faktor wat dit tot dusver toe vir die Serwiërs moeilik gemaak het om Sarajevo in te neem.

Teen die tyd dat 'n algemene staakvuurooreenkoms in Maart 1993 onderteken is - 'n jaar ná die eerste veldslae in Bosnië, was daar gevegte aan 'n hele aantal fronte in Bosnië-Herzegovina. Die beleg van Sarajevo duur voort, en aanduidings was, tot onlangs, dat dit besig was om te eskaleer. In Middel-Bosnië en die weste van Herzegovina duur die gevegte voort tussen die Bosniese Moslem-magte en die Bosniese Kroatiese weermag.

NAAS DIE VELDSLAG om Sarajevo, is die kritieke veldslae dié in noord-Bosnië. Gevegte om die beheer van Brcko is beslissend - sonder beheer van dié korridor tussen die noorde van Bosnië en Serwië kan die Serwiërs nie die Serwiese vesting van Banja Luka verbind met Serwië nie. Boonop sou dit onmoontlik wees om Serwiese magte in die gebied van voorrade te voorsien.

Die militêre alliansies wat in die oorlog in Bosnië ontstaan het, is onverklaarbaar en surrealisties. Vroeg in die oorlog in die Krajina het Moslems uit Bosnië daar opgedaag om saam met die Serwiërs teen die Kroate te veg - vir die ideaal van 'n verenigde Joegoe-Slawië. En in die agtien maande van die oorlog in Bosnië is daar 'n gedurige verskuiwing van alliansies tussen die verskillende groepe in verskillende dele van die land. In sommige streke veg Moslems en Kroate teen mekaar. Op ander plekke veg hulle saam teen die Serwiërs. In ander streke veg die Kroate en Serwiërs saam teen die Moslems. En op nog ander plekke veg al drie die groepe teen mekaar. Op die oomblik probeer al drie die vegtende partye soveel grondgebied as moontlik inpalm om hul posisies in onderhandelinge te versterk.

# die diepste wond

DIE diepste wond waarvan Bosniërs in die toekoms sal moet genees, is dié van etniese suiwering. Hulle het mekaar koelbloedig en meedoënloos uit dorpies en stede verjaag waar hulle vir dekades bure was. In Sarajevo speel die Serwiese, Moslem en Kroatiese kinders daagliks saam op straat, terwyl hul familielede buite die stad, en in ander landstreke, besig is om mekaar stelselmatig te probeer uitwis.

Nog een van die vele tragedies van Bosnië, en die hele voormalige Joegoe-Slawië, is "gemengde" families. Iemand met een Serwiese ouer en een Moslem ouer word deur geeneen van die gemeenskappe aanvaar nie. Die ironie is dat, as daar genoeg van dié families was, dié tragedie nie moontlik sou wees nie. Maar die realiteit is dat daar families is waar lede letterlik aan verskillende kante veg. Dit is, in meer as een sin van die woord, 'n burgeroorlog.

Die beleg van Sarajevo is die fokuspunt van die oorlog in Bosnië. Sarajevo is nie net die hoofstad nie, maar ook 'n simbool van samewerking tussen die drie etniese groepe. Hier het hulle saam 'n vooruitstrewende gemeenskap geskep, saam gewerk, en saam geleef.

En ná byna 18 maande van gevangenskap in hul geliefde stad, is die moraal van Sarajevo se mense steeds 'n klein wonderwerk. Die stad is feitlik totaal verwoes, en daar is omtrent geen gebou wat nie letsels van die oorlog dra nie. Die swart verbrande skelette van geboue vorm 'n troostelose raamwerk om die stad, maar die mense beur voort.

Vieruur soggens is die eerste mense al onderweg na een van die plekke in die stad waar hulle water gaan haal. En elfuur saans, ondanks die aandklokreël wat van 10 nm in werking is, kom die laaste groepies terug. Heeldag sleep mense water van die stad af teen die heuwels uit. Hulle gebruik kruiwaens, babawaentjies, bagasiekarretjies, enigiets wat hulle op wiele kan prakseer, met soveel 5-liter plastiekkanne as wat hulle het en kan behartig. Die plastiekkanne is kookoliehouers wat hulle van die VN se Hoëkommissariaat vir Vlugtelinge kry.

DIT IS MEESTAL die vroue van Sarajevo wat van donker tot donker water aandra. Die mans is in die loopgrawe, in Zuc, op Bjelasnica, Igman en in die heuwels om Sarajevo. En die kinders word in die huis gehou want daar is gereeld mortier- en artillerie-aanvalle op mense wat ure lank in lang toue wag op water en voedsel. En dan is daar die skerpskutters, wat soos honger hiënas sit en wag op 'n weerlose prooi. Die skerpskutters is Satan se dissipels in Sarajevo. Hulle vermoor sonder skroom klein kindertjies, vroue, ou mense, die stad se honger rondloperhonde. En hulle slaap nooit. Selfs wanneer die tenk- en kanonvuur en die masjiengeweervuur uit die loopgrawe om Sarajevo stil is, is die skerpskutters steeds op hulle doodswaak.

OP DIE OOMBLIK hou Sarajevo asem op. Intense onderhandelinge is aan die gang om die stadspoorte ná 18 maande oop te gooi. Hoop en wanhoop wissel mekaar telkemale per dag af. Die mense is moedig, maar totaal uitgeput. Agtien maande se honger, slapelose nagte, angs en vertwyfeling het sy tol geëis. En hulle begin vermoed wat die wêreld lankal weet - dat hul leiers hulle gebruik as 'n offer om te bereik wat nie moontlik is nie.

Bosnië en Sarajevo is 'n passie vir die mense van die land. En vir die inwoners van Sarajevo is die stad hulle lewensaar. Van speenoud tot stokoud ken liedere vol hartstog en liefde oor hulle land - en oor Sarajevo. Almal sing met oorgawe die lied wat Kemal Monteno, Sarajevo se mees geliefde en bekende sanger en liedjieskrywer, oor Sarajevo geskryf het. "Waar ek ook al gaan, ek droom van jou. Alle paaie lei na jou. Ek verlang om jou ligte te sien. Ek wil jou van my drome vertel, Sarajevo, my geliefde stad." - AM du Preez ■



In baie stede en dorpe in Bosnië-Herzegovina - soos hier in Mostar - is daar nie water in die huise nie en moet jy maar elke dag jou bottels gaan volmaak by die enkele waterbronne. Foto: Zoran Bozicevic/AP.



'n Uitgeputte Bosniese Moslem-soldaat raak met sy kop op sy mes aan die slaap in die dorpie Bandol naby Travnik tydens 'n offensief teen Bosniese Kroate. Foto: Greg Marinovich/AP.



Die Britse kaptein Peter Bullock van die VVO-magte en 'n tolk help 'n Bosniese Moslem-vrou in 'n pantservoertuig tydens 'n geveg tussen Bosniese Moslems en Bosniese Kroate om haar huis in Dolac naby Travnik. Foto: Foto: Anthony Lloyd/AP.

# Sarajevo-dagboek:

# *Ons wag met 'n glimlag op Godot*

**MARIANA KATZAROVA** is 'n Bulgaarse joernalis wat pas die voormalige Joegoe-Slawië op 'n sending van die internasionale Lawyers Committee for Human Rights besoek het

VERSKRIK deur die gedonder van 'n hernieude bombardering stap ek en Aida, 'n 17-jarige Bosniër wat vir die New York-gebaseerde Internasionale Reddingskomitee werk, 'n paar stelle trappe op in die Holiday Inn, die naaste punt aan die frontlinies - en ontdek dat die hysbak deur een of ander wonderwerk wel werk.

Aida kan haar oë nie glo nie - meer as 'n jaar lank al werk geen enkele hyser in Sarajevo nie.

Ons stap in en skielik begin sy speel: sy druk die knoppies na willekeur en ons vlieg - met luide gelag - op en af van die kelder na die boonste verdieping. Sy onthou die ou dae, die vergete vooroorlogse gevoel dat jy in 'n normale stad is. Maar 'n ontploffing buite ruk ons terug na die hede. Stil stap ons by die hyser uit.

Iemand het die televisie in die voorportaal aangeskakel gelaat. 'n Bosniese lied weerklink deur die vertrek. Aida staan 'n ruk stil en kyk na die skerm. Dit wys die kalm en glimlaggende gesigte van tienderjarige soldate in Bosniese uniforms wat in 'n groen bergveld sit. Sy begin saamsing: "Glimlag, moenie huil nie. Dis geen sonde om vir die stad te sterf nie..." Toe bloos sy skaam en fluister: "Kyk, kyk net na hulle. Is hulle nie pragtig nie?"

In Novi Sad pleeg vyftien jong Serwiese soldate, pas terug van die oorlog, dieselfde week selfmoord. By die ingang na die dorp Gorazde, in die ooste van Bosnië, vorm Serwiese vroue 'n menslike ketting om te keer dat 'n humanitêre hulpkonvooi inkom. Die dag toe ons in Sarajevo aankom, was 'n treurige gedenkdag - een jaar ná die slagting van 'n groep mense wat tougestaan het vir brood, 'n voorval wat die ganse wêreld geskok het.

Die VVO-soldate in Sarajevo het ons vertel 'n Franse majoor het later sy eie ondersoek op die ramptoneel gedoen. Sy verslag was kort: die kartets is van die Bosniese kant gevuur. Ek het Aida nie van dié bevinding vertel nie.

In die militêre skuiling wat eens die lughawe van Sarajevo was, het die VVO-vredesmagte 'n unieke aandenking uitgedink. Hulle stempel nuwelinge se paspoort met 'n rooi seël: "Maybe Airlines - Sarajevo".

Die eerste ding in Sarajevo wat jou sintuie verwar en jou oë seermaak, is die kleure. Toe ek uitkyk deur die klein verstergaatjie in die agterdeur van die pantservoertuig wat ons van die lughawe deur niemandsland bring na die VVO-Beskermingsmag se hoofkantoor (eens die stad se poskantoor), is my oë verblind deur die rooi en groen van Sarajevo. Ek onthou die enorme, surrealistiese rooi tamaties in die tuine van die huise met hul vensters gebreek en hul rooi teëldakke vernietig, en die dik ingkroen van die bome. Daar was g'n mens te sien nie.

As die hemel 'n verlate groen plek met tuine vol helderrooi tamaties is, dan is Sarajevo beslis 'n hemel. In hul gebroke Engels spreek talle inwoners van Sarajevo die nuwe naam vir hul stad - "safe haven" - uit as "safe heaven".

IN DIE VYFTIEN maande lange beleg van Sarajevo is tussen tien en twaalf duisend mense doodgemaak. Omtrent 1 500 het gesterf in die twee maande nadat die Veiligheidsraad die stad tot veilige hawe verklaar het, tesame met die vyf ander Bosniese enklaves Bihac, Gorazde, Srebrenica, Tuzla en Zepa. Die inwoners van Sarajevo, vasgevang in die kleurryke vallei van die Miljacka-rivier en gedurig gebombardeer deur die Serwiërs, oorlewe deur die ernstige tekorte aan kos, water en brandstof. Om hier 'n glas water te vra is soos om in Engeland die familiejuwele te vra. 'n Kwartbottel Evian-water (van die humanitêre hulp) in die oggend is net genoeg om jou oë nat te maak en die smaak van 'n misdaad in jou mond te laat. Daar is net 'n paar putte vir die hele stad - in Konak, in Bistrik en in Pionirska Dolina, waar mense 'n halwe dag in sig van die skerpskutters wag. (Onlangs is twaalf mense in 'n mortieraanval dood terwyl hulle tougestaan het vir water.) Daar is geen water in die hospitale nie; ▶

operasies moet daarsonder uitgevoer word. Die eerste gevalle van ingewandskoors en disenterie het al verskyn.

OMDAT DIE BRANDSTOF afgesny is, moes die stad se bakkery sluit. Die stapelkos is die pasta wat deur humanitêre hulp verskaf word. Die vernaamste ligbron is 'n handgemaakte *kandilo* - 'n stukkie tou in 'n fles olie. Die gebreekte vensters van elke huis en woonstel is vervang deur termale foelie, afgelewer deur die VVO se Hoë Kommissie vir Vlugtelinge, met dié se voorletters in blou gedruk daarop. "Die eerste ding wat elke mens vra wat van buite hier aankom, is hoe kry ons dit reg om te kook, te lees, te stort en by ons volle verstand te bly in dié stad," sê Spomenka Beus, 'n voormalige professor wat nou vir die Bosniese regering werk. Haar pa was Oosters-Ortodoks; haar ma 'n Katoliek en sy is Sarajevaans.

"Ons is ontneem van so baie dinge waaraan ons gewoond was," sê sy. "Dis veral erg vir die jong mense, soos my seun. Hulle het geen hoop nie en voel verlore. Ons probeer hulle maar so besig as moontlik hou. Maar ons enigste kans is om hier te bly. Ek weet as vlugteling in die buiteland sal ek nooit weer 'n professor wees nie. En ek kan my nie indink om as 'n 'tweedehandse persoon' verneder te word deur 'n slagter se vrou iewers in Frankryk nie."

Die VVO-soldate en die humanitêre hulpamptenare is al mense wat gereed lyk vir oorlog in Sarajevo, met hul wit jeeps, helms en walkie-talkies. Sarajevane - vroue in syrokke met grimering en mans in pakke en dasse - weier om op te tree asof hulle in 'n beleërde stad is. Soggens loop hulle werk toe en saans huis toe, al kos dit hulle 'n uur of twee. Net in sekere strate tussen geboue moet hulle hardloop omdat hulle blootgestel is aan Serwiese skerpskutters op die dakke, wat jou tot op een kilometer kan afmaai. In die eerste maande van die beleg het mense wag gestaan by die ingange van geboue om te kyk waar daar moontlik skerpskutters kan wees. Nou help dit nie meer nie, skerpskutters is regdeur die stad.

"AS JY DIT in ons werklikheid vertaal, beteken die idee van 'n veilige hawe eenvoudig dat Sarajevo 'n ghetto of tronk sal bly met gereelde sarsies van skerpskutters wanneer jy in die straat loop," sê Zdravko Grebo, uitvoerende direkteur van die Oop Samelewing-Fonds (Soros-Stigting) in Bosnië. Tot onlangs het hy met die buitewêreld in verbinding gebly deur sy satelliet-telefoon/fakslyn. Grebo voorspel Sarajevo gaan binnekort oorstroom word deur honderde duisende nuwe vlugtelinge, ingeprop in oorvol huise en woonstelgeboue in 'n stad wat nie eens hul eie tuiste is nie, afhanklik van humanitêre hulp van die VVO om basies te oorlewe, met byna geen ekonomiese bedrywigheid nie, misdaad wat gedy, postitusie en 'n swartmark.

Grebo, wat voor die oorlog 'n regsprofessor was, bestuur nou Sarajevo se private radio-stasie ZID ("Muur") en is een van 'n klein groep intellektuele wat weier om die stad te verlaat. "My woonstel is heeltemal vernietig, en drie keer deur kartetse van tenks getref. Ek het stukkies mortierskrapnel in my been gehad, ek het 'n skerpskutter se koeël in my rug gehad. En ek dink dis heeltemal ontoepaslik om my in dié situasie te vra wat dink ek van 'n vreedsame oplossing," sê Grebo.

" 'n Vriend van my sê ons is nou heeltemal vry - vry van besittings, eiendom, verantwoordelikhede, hoop. In die oggend word jy wakker in 'n huis sonder vensters - in my geval sonder mure. Agt van ons het 'n kwaai winter deurgebring in dié oop spasie, wat ons eens ons huis genoem het, sonder hout of steenkool, sonder enige vorm van brandstof. En ek het my boeke verbrand om warm te bly. Om in dié situasie vir ons te vra om te glo dat almal, die hele wêreld, ons wil help, is eenvoudig 'n sinisisme, 'n leuen."

GREBO EN 'N vriendekring van kunstenaars, skrywers, joernaliste en akteurs wat in Sarajevo agterbly, het besluit om op hul eie manier terug te veg. In die begin was dit 'n spontane kulturele weerstand. Die toneelregisseur Haris Pasovic en 'n groep akteurs het besluit om 'n werkwinkel in Sarajevo te organiseer en mense vanoor die hele wêreld te nooi om by hulle aan te sluit. Die oogmerk is om die projek vol te hou totdat die oorlog eindig of die stad in duie stort.

"Die regte ding om nou te doen is om met ons te kom saamwerk in Sarajevo," sê Pasovic. "Sommige mense, soos Joan Baez en Bianca Jagger, het ons kom ondersteun. Ander het net 'n dag gebly, na ons gekyk asof ons eksotiese diere in 'n dieretuin is en vertrek. Ons het nie monitors van ons lyding nodig nie. Ons vra intellektuele van die Weste en die Ooste dus om hulle hier by ons in Sarajevo te kom aansluit in 'n kunswerkwinkel - die enigste ding wat ons kan doen om die skerpskutters teen te staan."

Susan Sontag was die eerste een wat gehoor gegee het aan die oproep. Sy sal *Waiting for Godot* regisseer. Ander uitvoerings wat aangebied sal word, is *Alcestis*, *Ajax*, *Ionesco Project* en die groepaanbiedings *Sheherazade 2001* en *Dystopia Project*. Die akteur Michael Douglas en die regisseurs Jim Jarmusch en Andrzej Wajda wil 'n filmfees in Sarajevo aanbied. Daar is ook planne dat die Poolse intellektuele Adam Michnik en Czeslaw Milosz, sowel as die voormalige Tsjeggo-Slowaakse president Vaclav Havel, gaan deelneem aan die kulturele weerstand. 'n Netwerk van Amerikaanse en Europese kunstenaars het begin werk aan 'n internasionale versameling eietydse kuns wat in Sarajevo vertoon gaan word. Die tentoonstelling, "Hulde aan Sarajevo", sal die stad se multikulturele gemeenskap huldig.

SUADA KAPIC, 'n film- en teater-regisseur van Sarajevo, het met die idee vorendag gekom om al dié artistieke bedrywighede saam te snoer in wat sy noem "Spirits of Sarajevo - Sarajevo International City". Haar bydrae tot dié kulturele weerstand sal die performance-stuk *Jelly Bomb* wees, wat 'n versameling foto's insluit wat sedert die begin van die beleg geneem is en die mulitikulturele agtergrond van die stad en die gees van Sarajevane uitbeeld.

Nog 'n deel van die projek is *The Guide Book to Sarajevo* deur die joernalis Miroslav Prstojevic, die eerste boek wat in die beleërde stad geskryf en in Engels vertaal is. Dit beeld die stad nie as slagoffer uit nie, maar as 'n plek van eksperimentering waar humor steeds 'n oorwinning oor terreur kan behaal. Die boek gee instruksies oor hoe om te oorlewe sonder vervoer, hotels, taxi's, telefone, kos, winkels, verhitting, water, inligting, elektrisiteit. Dis 'n kroniek van Sarajevo se uithouvermoë. Die Internasionale Teaterinstituut, wat in Parys gebaseer is, het besluit om "Spirits of Sarajevo" te borg.

Onlangs het VVO-amptenare gesê die koshulp aan 1,5 miljoen Bosniërs gaan met die helfte verminder word. Toe kom die nuus dat die VVO Bosnië dalk kan verlaat as die leiers nie die partisieplan aanvaar wat deur Serwië en Kroasië voorgestel is nie.

En die "nuwe Palestyne van Europa" wag steeds op Godot. ■

© (Kopiereg Nation News Service.)



Twee vroue van Sarajevo, waar die krag selde aan is, dra hul daaglikse bondel vuurmaakhout huis toe. Foto: Nigel Marple/AP.

# oor wit tokkelossies en/of pistool/e

FOTO'S SALLY SHORKEND

## MAX DU PREEZ probeer sy eie neerslagtigheid besweer ná 'n besoek aan Schweizer-Reneke



**Die Leier met sy perd en sy dogter.**



**Die ander leier in die ander deel van die dorp.**

"DIE Leier is reg: dis die begin van die Derde Boere-oorlog," sê die korpulente omie (hoekom het alle regse mans boeppense?) in sy kamoefleer-drag met effens onsekere bravade. "Dis ons volksleër wat hier marsjeer, en hulle gaan nie ophou marsjeer voor ons vry is nie."

"Ons is skrikkerig vir wat die Boere in die nag aan ons kan kom doen," sê 'n kêrel van so dertig met 'n sokkerklub-sweetpak aan. "Maar die Boere is diep in hul harte bang vir ons net omdat ons swart is, al het ons nog nooit iets aan hulle gedoen nie. Partykeer is ek amper jammer vir hulle."

Schweizer-Reneke en Ipelegeng. Wit dorp en lokasie. ANC en AWB. Wenkommando en Umkhonto we Sizwe. Twee Wes-Transvaalse seuns wat vereer word: Eugene TerreBlanche van Ventersdorp, AWB-leier, en Joe Modise van Lichtenburg, MK-leier.

'n Buitelandse korrespondent se droom. 'n Amerikaanse TV-man vryf sy yl kuif plat en posisioneer hom voor die kamera sodat die Wenkommando-opmars agter hom in die skoot wys. "This is South Africa," sê hy. "A tale of two cities..." God help ons, dink ek.

Voor ons die dorp kon in, is ons by twee polisieversperrings voorgekeer, deurgesoek en om ID's gevra. Hulle stop ons 'n afgerolde papier in die hand met die opskrif "Aan alle voornemende reisigers na en vanaf Schweizer-Reneke". Die distrik is tot onrusgebied verklaar, sê die papier, wat beteken daar is 'n verbod "op die dra en vervoer van vuurwapens". Dit maak sin, dink ek. Maar, gaan die papier voort, die distrikskommissaris, kolonel Jan Terblans, het "vrystelling ten opsigte van die dra en vervoer van sekere vuurwapens verleen. Slegs 'n gelisensieerde pistool/e en/of rewolwer/s mag ingevolge hierdie vrystelling deur diegene wat die byeenkoms bywoon, onderweg na en vanaf die gemelde byeenkoms te Schweizer-Reneke in hul voertuie vervoer word."

Dit word nog ouliker: "Persone wat nie die byeenkoms bywoon nie, mag nie 'n rewolwer en/of pistool in of op 'n openbare plek in die onrusgebied vervoer of dra nie."

Ek kan my oë nie glo nie, en vra die konstabel wat ons motor deursoek: "As ons nie kon bewys ons is AWB nie en ons het 'n pistool gehad, was ons in die moeilikheid. As ons AWB was, dan was dit orraait om 'n wapen te hê?" "Ja," sê hy kortaf. "O," sê ek.

Eers later, nadat ek honderde manne in kakie of kamoefleerdrag gesien het met minstens een pistool/e en/of rewolwer/s op die sy, lees ek die res van die papier: "Diegene wat die byeenkoms bywoon mag slegs 'n gelisensieerde pistool/e en/of rewolwer/s in of op 'n openbare plek by hulle dra indien sodanige pistool/e en/of rewolwer/s in 'n holster gedra word wat aan hulle persoon (liggaam) vasgeheg is en indien sodanige pistool/e en/of rewolwer/s volkome bedek is sodat die vuurwapens geensins sigbaar is nie."


So much vir die onrusgebied. Ook maar net die kleur van hul kamoefleerdrag wat hulle van die AWB onderskei, dink ek by myself.

'N PAAR CESSNAS en Piper Cubs kom met tussenposes oorgevlieg - die AWB se "lugvleuel". Die laaste verbyvlug se tydsberekening is 'n bietjie uit, want hulle vlieg onder die Wenkommando se "kapelaan" (glo dit of nie, hy is glo regtig 'n predikant) se gebed oor.


Ek kyk op na die vliegtuie en bestraf myself



Die skare in Schweizer-Reneke.




Die skare in Ipelegeng.



Die vuurwapens wat "geensins sigbaar" was nie.

onmiddellik as ek wonder: hoe kan iemand wat intelligent genoeg is om 'n vliegtuig te vlieg, tot die AWB behoort?

Ek staan op 'n graswal en rek my nek om al die manewales te sien. "Is jy Max du Preez?" vra 'n stem agter my. Ek steek my hand uit en sê ja. Die man in kakie met die boeppens en baard en kommando-hoed klap my hand weg. "Jou bliksemse vark, wat kom maak jy hier?" roep hy agter my aan. Ek probeer so gou moontlik tussen die ander mense verdwyn.

Vyf minute later. Ek kry 'n harde stamp in my rug. "Ek hoor jy hou jou parmantig met ons mense," sê 'n jongerige knaap wat nie eintlik 'n baard moes probeer groei het nie. Hy staan reg voor my en sy asem ruik nie lekker nie. Hy dra 'n reusagtige falliese simbool in 'n holster aan sy sy. Sy kamerade drom om ons saam. "Jy is nou onder die Boere, ou maat. Hier donner ons kafferboeties en kommuniste dood." Ek probeer iets sê, maar hy stamp my voor die bors. "Hou net jou bek, want hier kak jy vandag. Jy is nie welkom nie. Toe, weg is jy lokasie toe!" En hy gee nog 'n stamp. Ek probeer so waardig moontlik tussen die mense verdwyn, want te veel manne in kakie het begin naderstaan.

Ek loop 'n paar kollegas raak en voel 'n bietjie veiliger. Nie veilig genoeg nie. "Is jy 'n kommunis?" vra 'n man met duidelike kortmannetjiesindroom my baie aggressief. "Nee, en jy?" "Lyk ek soos een?" "Wel, lyk ek soos een?" "Jy skryf soos een." Ek mompel iets en stap saam met my kollegas aan.

Ek verwonder my hardop teenoor mede-joernaliste oor dié kommunis-spook wat nog so dik onder die Afrikaners loop. "Dis die witmense se tokkelossie," sê kollega Louis Kirstein.

Die opmars deur die strate begin. Die Wenkommando kry die vryheid van die dorp. Ons staan saam met 'n paar ander joernaliste en buitelandse korrespondente op 'n straathoek. Dis half komieklik, half tragies. 'n SAUK-joernalis vra saggies die vraag wat in ons almal se koppe gekom het: "Ek wonder of daar ernstige inteling in dié gebied was?"

ONS RY DIE twee, drie kilometer na die township. Die township-mense gaan hul rustige gang, loop en sit rond soos hulle graag op Saterdae doen, baie waai as ons verbyry.

By die primitiewe klein stadion is Joe Modise aan die woord. Hy het 'n swart togarige ding aan met blomme om sy nek. Die enigste nuus in sy lang en langsame rede is dat hy 'n beroep op Apla doen

om die wapen neer te lê, en die AWB "hier langsaan" vra om die verlede in die verlede te los en hande te vat om saam die toekoms vreedsaam en voorspoedig te maak. Ná hom praat Rocky Malebane-Metsing, hy van Bop-staatsgreep-faam, ewe lank en langsaam en belowe dat g'n wit boer se plaas ooit weggevat sal word nie.

Daar is geen vuurwapen in sig nie. Net 'n paar MK-manne wat 'n drilvertoning gehou het, het uniform aan. Daar is 'n karnaval-atmosfeer en mense is uitbundig oor die belangrike besoek van 'n ANC-leier uit Johannesburg. "Wat dink die baas van dié man?" vra 'n ou swart omie my op Afrikaans toe Modise gaan sit.

Dan kom die optog na die polisiekantoor om 'n memorandum oor ontevredenheid met die polisie se houding en optrede te oorhandig. Modise, Malebane-Metsing en die plaaslike ANC-leier word binne die polisiekantoor se heining toegelaat, groet ewe plegtig die ongemaklike polisie-offisier met die hand en praat hulle praat. Die skare is doodstil. "Viva ANC!" skreeu die plaaslike ANC-leier toe hulle klaar gepraat is, en met groot geesdrif dans die skare daar weg en gaan stil huis toe.

My oom Andries Lategan het al die jare in die Schweizer-distrik geboer. Ek het wonderlike herinneringe van kuier op sy plaas. Maar ek sal nie maklik weer op dié dorp kom nie. Iets het verskriklik verkeerd geloop met my mense.




ONS KONDIG MET TROTS DIE GEBOORTE VAN...

DIE NUWE SUID-AFRIKAANSE GOUDMUNTBEURS AAN.

'n Kind ervaar die lewe op 'n eenvoudige manier. Op dieselfde wyse is beleggings in tasbare bates 'n aantreklike opsie.

Beleggingswysheid het egter weinig met ouderdom te make.

'n Dinamiese jong beleggingsbestuurskorps het hul intrek by die Goudmuntbeurs geneem en bied aan houers van konvensionele beleggingsportefeuljes eenvoudige en tasbare beleggingsopsies aan. Beleggings- of ander edelmetaalmunte bied aan die belegger outonome bestuur, vervoerbaarheid en likiediteit wat deur internasionale geldeenhede ondersteun word.

Dit is as nuwe eienaars van die Goudmuntbeurs ons plig om nuwe plaaslike en internasionale muntbeleggingsgeleenthede vir ons mark te identifiseer en beskikbaar te stel.

Voorbeeld hiervan is die klassieke Britse Proefstelle en rare Portugese en Amerikaanse munte wat tans as opsies oorweeg word.

In die nuwe lewenskragtige gees van die Goudmuntbeurs sal u 'n komplimentêre bottel Goudmuntbeurs Brut Vonkelwyn ontvang vir enige aankope van internasionale beleggingsmunte gedurende Augustus en September 1993.

Namate 'n mens se verantwoordelikhede toeneem moet sake soos boedelbeplanning en stygende onderwyskoste oorweeg word.

Met beleggingsmunte hoef u nie aan maandelikse premies gebind te wees nie. Ook is u belegging nie van plaaslike ekonomiese strukture vir hul groei afhanklik nie.

Beleggingsmunte is die allerbeste opsie om u toekoms te verseker.

Ons nuwer verbeterde diens sluit in: gratis veilige parkering, volkome vertroulikheid, deskundige advies, 'n landwye diens met geregistreerde spoedversending en versekeringsdekking, 'n akkurate evalueringsdiens en, vir munteienaars wat graag hul beleggingsmuntportefeuljes wil herstruktureer, 'n geleentheid om hul munte d.m.v. die Goudmuntbeurs se effektebeurs-tipe mark, aan ander muntversamelaars en beleggers te bied.

Ook kan munteienaars ons "Goudlyn" diens (Tel (011) **331 3095**) vir die jongste goudpryse en ander tersake inligting raadpleeg, en kan hulle ook op ons "Gold Report" kwartaalblad inteken.



Die Suid-Afrikaanse Goudmuntbeurs

27ste Vloer Carlton Sentrum, Jhb Sentraal Tel: (011) **331-3341**

KONTAK 'N MAKELAAR VANDAG NOG

Stuur asseblief vir my verdere inligting oor Die NUWE S.A. Goudmuntbeurs.

Naam:

Adres:

Tel:( ) Faks:( ) (indien van toepassing)

Pos aan: S.A. Goudmuntbeurs Vrypos JH105, Johannesburg, 2000. Faks: (011) 331-1115

KAYE – EDDIE DEALE LOWERY 5286



'n Landdroshof uit die oogpunt van die beskuldigde in die beskuldigdebank. (Foto: Sally Shorkend)

# die reg is nog nie kleurblind nie

deur esma anderson en beverley mitchell

## In Suid-Afrika kan jou etniese en kulturele afkoms steeds jou lot in die hof bepaal

"AS ek aan regspleging, die wet en ons howe dink, is my sterkste gevoel frustrasie. Frustrasie met ons magteloosheid om reg en geregtigheid te laat geskied."

Dié woorde van Richard Spoor - 'n Johannesburgse prokureur wat dikwels mense in die landdroshowe verteenwoordig wat vir politieke oortredings aangekla word kragtens die strafproseswet - som die frustrasies van baie prokureurs en beskuldigdes op.

Want die nuwe Suid-Afrika het nog nie in die howe, veral die landdroshowe, uitgekom nie, sê hulle, en sal waarskynlik ook nie in die naaste toekoms haar gesig daar wys nie.

Veral in die oë van die swart gemeenskap is die howe steeds 'n wit instelling waarvan hulle totaal vervreemd is. En dit tas die geloofwaardigheid van ons regstelsel aan.

Die oorgrote meerderheid landdroste en staatsaanklaers is wit (sien kassie hiernaas). En dit gaan nie oor blote koppetel nie, sê regslui: dat dié amptenare meestal wit is, speel 'n groot rol in die regsproses - veral weens sosio-kulturele verskille.

"Die tolke oorbrug die taalprobleem deels, maar nie die probleem van die idioom nie: hoe mense praat en dink," sê Spoor.

Jules Browde, nasionale voorsitter van Regslui vir Menseregte, wys uit dat swartmense wat nie regsverteenwoordiging het nie, dalk skuldig kan pleit op aanklagte van moord omdat hulle wel iemand doodgemaak het, maar nie verstaan dat daar 'n verskil is tussen moord met voorbedagte rade en moord ter selfverdediging nie.

"Dit is onregverdig dat die onus op die beskuldigde rus om dié konsepte te verstaan," sê Browde.

Johan van der Vyver, professor in die regte aan die Universiteit van die Witwatersrand, sê landdroste het oor die algemeen nie begrip vir swartmense se kultuur en mentaliteit nie. "Hulle verstaan byvoorbeeld 'n regse wit man. Hulle weet waar hy vandaan kom en waarvan hy praat. Hulle het net eenvoudig nie daardie gevoel en begrip vir 'n swart man nie," sê hy.

"Weens apartheid en sy agtergrond is daar 'n ingebore, onbewuste agterstand in die landdros se kop. Ek kan dink dit moet vir sommige van hulle moeilik wees, want weens die politieke verandering moet hulle nou skielik na swartmense kyk as mense. Maar vir ander sal dit die geleentheid bied om aanpassings te maak."

'n Goeie voorbeeld van kulturele misverstande, sê Spoor, is die saak waarin stakende bosbouwerkers in Oos-Transvaal skuldig ▶

bevind is aan intimidasie.

Dié werkers is almal op plase gebore en het 'n sterk tradisionele agtergrond. Hulle het by mekaar gekom om te praat oor die staking en iemand stel toe voor dat hulle na 'n naburige plaas gaan om die werkers daar om ondersteuning te vra. Die voorstel word aanvaar en hulle toyi-toyi almal af soontoe op die maat van vryheidsliedere.

Die bosbouwerkers sê hulle wou die mense op die naburige plaas net gaan vra om saam met hulle te staak. Maar die landdros, wat volgens Spoor duidelik nie verstaan het hoe mense in landelike gebiede dink nie, bevind toe dat hulle optrede nie redelik was nie. Was dit werklik hul bedoeling, sê hy, sou hulle 'n verteenwoordiger gestuur het - soos "beskaafde mense" sou doen.

Essa Moosa, 'n prokureur van Kaapstad, sê landdroste beoordeel nie net vanuit hul eie vooroordele nie, maar dié vooroordele beïnvloed ook uiteindelik hul interpretasie van die getuienis. "Daar moet iewers 'n balans gevind word tussen die standaarde van die wit landdros en die swart beskuldigde."

Die Departement van Justisie sê egter "regterlike amptenare in Suid-Afrika is bekwame persone en die Departement het volle vertroue dat hulle regspraak op 'n regverdige wyse geskied, sonder inagneming van ras, geslag, geloofs- of politieke oortuigings."

Voorbeelde van hoe landdroste onbewus kan diskrimineer weens hul kulturele verskille is twee sake wat onlangs in die Johannesburgse landdroshof hanteer is. In die een saak is 'n Indiër wat R821 se onverwerkte aluminium by sy werkgewer gesteel het, tot een jaar tronkstraf gevonnis.

In die ander saak het 'n 22-jarige wit man tereg gestaan op 103 aanklagte van bedrog ter waarde van R72 000, geld wat hy oor 'n tydperk van vier maande verduister het. Hy is tot net een jaar tronkstraf en drie jaar gemeenskapsdiens gevonnis. Dié twee sake het op dieselfde dag voorgekom.

Sowel Spoor as Van der Vyver sê goeie regspleging vind soms plaas in ons landdroshowe. Maar, sê Van der Vyver, die regspleging in dié howe is oor die algemeen nie op standaard nie.

Spoor sê hy is veral beïndruk deur die professionaliteit van die streeklanddroste. "Hulle blyk 'n groter begrip te hê vir dié faktore en staar hulle klaarblyklik nie blind teen hulle eie kulturele vooroordele nie."

Van der Vyver sê die politieke verandering gee landdroste nou die kans om foute van die verlede reg te stel. " 'n Verandering is reeds te sien in die houding van landdroste. As hulle hou by die gees van die nuwe Suid-Afrika, kan hulle deur hul eie optrede hul geloofwaardigheid weer opbou." ■



## DIE KLEUR VAN DIE GEREG

VOLGENS die jongste statistieke van die Departement van Justisie (31 Maart 1993) is die oorgrote meerderheid landdroste en staatsaanklaers wit:

| AANTAL STAATSAANKLAERS: | | AANTAL LANDDROSTE: | |
|---|---|---|---|
| Wit | 965 | Wit | 847 |
| Swart | 92 | Swart | 11 |
| Bruin | 96 | Bruin | 16 |
| Indiërs | 67 | Indiërs | 18 |
| TOTAAL | 1 220 | TOTAAL | 892 |

Die Departement sê die aantal staatsaanklaers uit "ander gemeenskappe" wat in 1992 aangestel is, verteenwoordig reeds 43 persent van die totale aantal staatsaanklaers wat in dié jaar in die Departement aangestel is.

Die Departement sê die aantal "landdroste van kleur" het die afgelope verslagjaar met 66 persent toegeneem en die aantal "staatsaanklaers van kleur" met 45 persent.

# die wet tel meer as regverdigheid

IN Suid-Afrika het beskuldigdes nie die reg op 'n regverdige en billike verhoor nie.

En dié stelling is gesaghebbend - dit word deur die Appèlhof self gemaak in die uitspraak in die sake Staat v Rudman en Staat v Mthwana (1992):

"Waarop 'n beskuldigde mens geregtig is, is 'n verhoor wat aanhangig gemaak en uitgevoer word in ooreenstemming met die formaliteite, reëls en beginsels van prosedure wat die wet vereis. Hy is nie geregtig op 'n verhoor wat regverdig is wanneer dit gemeet word aan abstrakte opvattings van regverdigheid en geregtigheid nie." Aldus die Appèlhof se interpretasie van die Strafproseswet.

"In geen Westerse demokrasie ter wêreld is 'n beskuldigde se kans op 'n regverdige verhoor so beperk soos in Suid-Afrika nie," sê die prokureur Richard Spoor.

Boonop, sê die prokureur Essa Moosa, is daar steeds geen Handves van Menseregte, grondwetlike bepaling of enige ander wetgewing wat 'n beskuldigde se reg op 'n regverdige en billike verhoor verskans nie. "'n Beskuldigde kan nie 'n billike verhoor eis as 'n reg nie," sê hy.

Hoewel 'n beskuldigde of aangehoudene kragtens die Strafproseswet geregtig is op regsverteenwoordiging sodra hy of sy gearresteer is, is die polisie geensins verplig om die verdagte toegang te gee tot 'n prokureur of selfs 'n familielid nie. Die polisie is ook nie verplig om 'n beskuldigde wat gevang is, in kennis te stel van sy reg op regsverteenwoordiging nie. Daar is blykbaar géén plig aan die kant van die polisie om die beskuldigde van enige van sy regte in kennis te stel nie.

Die staat is ook nie verplig om 'n beskuldigde wat nie regsverteenwoordiging kan bekostig nie, daarvan te voorsien nie. Al uitsondering is 'n beskuldigde wat aangekla is van 'n halsmisdaad aan wie die doodstraf moontlik opgelê kan word. Die meeste beskuldigdes wat kriminele oortredings begaan het, het gevolglik nie regsverteenwoordiging nie - 'n situasie wat die Hooggeregshof self al betreur het.

Veral swart beskuldigdes word hierdeur benadeel omdat baie van hulle nie geletterd of hoogs opgevoed is nie. Boonop geskied die meeste verhore in Engels of Afrikaans - tale wat hulle meestal nie goed verstaan nie.

Hoewel 'n stelsel van Openbare Verdedigers in Johannesburg begin is om dié situasie te probeer verlig, sê Spoor (self 'n lid van dié liggaam se bestuurskomitee), is daar nie genoeg fondse beskikbaar om dit veel langer te onderhou nie en lyk die kanse skraal dat dit na ander dele van die land uitgebrei gaan word.

Intussen gaan onskuldige mense - of mense teen wie die getuienis maar skraps is - moontlik tronk toe omdat hulle nie regsverteenwoordiging kon bekostig nie. Die aantal kwytskeldings van mense wat wél regsverteenwoordiging geniet, is in verhouding drasties hoër. Spoor sê in die tipe politieke oortredings wat hy meestal behartig, is die persentasie kwytskeldings selfs tot 90 persent.

Jules Browde, nasionale voorsitter van Regslui vir Menseregte, sê die onus behoort op die landdros te rus om in sake wat ingewikkeld is, toe te sien dat die beskuldigde regsverteenwoordiging kry en verwittig word

van al die moontlikhede.

Moosa stem saam en sê beskuldigdes wat hul eie verdediging behartig, verstaan nie die tegniese aspekte van die wet en van prosedures nie en hul kanse op 'n billike verhoor word sodoende verskraal.

Een van die grootste vergrype van geregtigheid in Suid-Afrika, sê Browde en Spoor, is die gebrek aan wetlike beskerming teen skulderkennings wat onder dwang of marteling gemaak word.

Sou 'n beskuldigde só 'n wanpraktyk onder 'n landdros se aandag wil bring, rus die onus op hom om te bewys dat hy nie vroeër vrywillig skuld erken het nie. Dit is veral verontrustend omdat die Hooggeregshof in die saak Staat v Khumalo (1992) bevind het nóg die polisie nóg die landdros is verplig om 'n beskuldigde in te lig oor sy reg op regsverteenwoordiging vóór hy 'n verklaring aflê.

So 'n verpligting, het die hof beslis, sal nie prakties wees in ons strafreg nie omdat dit sou lei tot die vryspreking van skuldige mense en nie in die gemeenskap se belang sou wees nie.

Browde sê dié situasie is onhoudbaar. "Geen beskuldigde behoort op enige wyse ondervra te word sonder regsverteenwoordiging nie. Baie mense is in die verlede in aanhouding sonder verhoor gehou en gemartel. Dit kan nie meer geduld word nie."

Maar die wet maak ook ander vergrype moontlik. Kragtens Artikel 119 van die Strafproseswet moet 'n mens wat gearresteer is weens 'n ernstige misdaad so spoedig moontlik sy skuld of onskuld in die hof bepleit - selfs al het hy nog nie toegang gehad tot regsverteenwoordiging nie. Onder dié omstandighede en uit vrees vir intimidasie deur die polisie, het die meeste beskuldigdes skuldig gepleit.

Daarom, sê Spoor, het 'n aantal regsgeleerdes oorlog verklaar op dié bepaling, wat as besonder onregverdig beskou is. Hulle moeite is beloon deur bepalings in Artikels 85 en 87, waarvolgens 'n beskuldigde kan weier om te pleit of eers meer besonderhede oor die klagtes teen hom kan aanvra voordat hy pleit.

"Dié artikels was 'n baie magtige wapen tot die beskuldigde se beskikking, veral as die staat 'n baie swak saak teen hom/haar gehad het," sê Spoor.

"Baie ernstige vergrype het onder artikel 119 plaasgevind. Sê nou maar iemand is dood in geweld in 'n township en die polisie is nie mooi seker wie verantwoordelik is nie. Dan het hulle gewoonlik almal in die skare gearresteer en dié mense is binne enkele ure gedwing om te pleit - selfs al is daar geen jota getuienis teen hulle nie. En die mense kon vir 18 tot 22 maande aangehou word tot die saak uiteindelik voorkom. Onder artikels 85 en 87 kon dié mense vóórdat hulle pleit daarop aandring dat die polisie of die staat moet spesifiseer waarvan hulle aangekla word en wat hulle aandeel in die misdaad was."

Maar dié oorwinning was van korte duur. In die laaste parlementsitting is wetgewing deurgevoer wat bepaal dat artikels 85 en 87 nie meer op artikel 119 betrekking het nie. Hierdeur is beskuldigdes weer van 'n belangrike reg ontneem wat hulle 'n beter kans op 'n regverdige verhoor gegun het.

"Geen beskuldigde behoort gevra te word om te pleit voor hulle regsverteenwoordiging bekom het nie," sê Browde. "So 'n persoon, én sy regsverteenwoordiger, behoort ook ingelig te word oor die besonderhede van die aanklag wat teen hom ingebring is."

In antwoord op 'n vraag van *Vrye Weekblad* oor die implikasies van dié wetgewing sê die Departement van Justisie: "Hierdie betrokke artikels handel oor hoogs tegniese aspekte in die strafproseswet en deur aan u versoek te voldoen sal dit tot gevolg hê dat daar wetsuitleg/regsadvies verskaf word, wat in stryd met Departementele beleid is. Dit word voorgestel dat u u eie regsadviseur in die verband nader."

Verder laat die wet selfs toe dat bewyse wat op onwettige wyse bekom is, in die hof teen 'n beskuldigde ingedien kan word - selfs al het die polisie die bewyse bekom deur óf onwettige arrestasie óf deursoeking van hul eiendom sonder 'n lasbrief. 'n Beskuldigde óf die verdediging het ook nie die reg om die staat se getuienis en bewyse teen 'n beskuldigde te sien nie. Al dié tekortkominge van ons wetgewing, sê Spoor, dra by tot 'n situasie waar reg en geregtigheid amper by uitsondering geskied, eerder as dat dit 'n reël is. ■

## DANKIE VADER, DIS VRYDAG!

GEREGTIGHEID word dikwels uitgelewer aan die buie en voorkeure van landdroste en aanklaers, sê 'n prokureur van Pretoria en 'n staatsaanklaer van Johannesburg wat albei nie hul name genoem wil hê nie.

Die prokureur sê as 'n saak aanhangig gemaak word, is dit amper "jungle law" en hang dit af van hoe die landdros voel of 'n mens 'n regverdige kans staan of nie. "Dit hang in groot mate af van watter landdros jy kry en hoe hy oor sekere kwessies voel."

Die staatsaanklaer sê 'n mens wat 'n oortreding begaan het, staan op 'n Vrydag 'n beter kans om lig daarvan af te kom as op 'n Maandag. Ná die naweek, sê die staatsaanklaer, ly die landdros maar soos die meeste mense aan die Maandagoggend-blues. Dan is hy (bitter selde 'n sy) krapperig, geïrriteerd en is die skokkende berigte in die Sondagkoerante oor die hoë misdaadsyfer en gruwel-verhale nog vars in sy geheue.

Op 'n Vrydag, daarenteen, stel hy nie werklik belang in wat voor hom afspeel nie en wil hy net so gou moontlik by die huis kom om te ontspan vir die naweek. Dan is die kanse sterker dat hy en die staatsaanklaer albei minder indringende vrae sal vra en jou sal probeer vastrek. Dan, sê die staatsaanklaer, kan jy maar daar staan en sê: "Dankie vader, dis Vrydag!"




**Illustrasie deur Andy Mason uit die boek *Street Law* deur David McQuoid-Mason.**



# groen in jou agterplaas

deur ina van der linde

## As jy wil hê die natuur moet gered word, begin sommer in jou huis en tuin

OP Boomplantdag besluit ons om nie net 'n boom te plant nie, maar sommer uit te vind hoe ons in ons eie agterplaas bietjie groener kan leef. Dis nét die plek vir kwelgeeste wat snags wakker lê oor St Lucia, oorbeweiding en hongersnood, die gat in die osoonlaag, berge afvalhope, besoedelde riviere en suurreën in die Hoëveld om hul ding te begin doen.

Maar om die groen ding te doen, kom ons agter, verg bietjie moeite en heelwat vindingrykheid. Dit kan jou geld spaar, die gewete sus en selfs avontuurlik wees.

En wie van ons wil nie die regte ding doen nie. Maar, ontdek mens algaande, dis nie altyd so maklik om vas te stel wat die regte ding is nie, en dit kan jou ook geld kos.

Soos wanneer jy groen produkte by die supermark wil koop en uitvind dit kos 10 tot 15 persent duurder as die res - en boonop werk dit nie so goed nie. Veral nie die fosfaatvrye waspoeiers nie. Die vervaardigers het dit ook agtergekom, want die meeste van die produkte het sedert dit drie jaar gelede verskyn het, weer van die rakke verdwyn.

Reckitt en Colman se Down to Earth-reeks is ná 'n bemarkingsveldtog van R3 miljoen aan die mark onttrek behalwe vir hul skottelgoedwasmiddel. Dieselfde geld Pick 'n Pay se groen reeks. Die produkte was meestal daarop ingestel om fosfate en ander waterverrykende middels uit te skakel. Marknavorsing het gewys dat skaars 'n halfmiljoen mense dit gekoop het.

Groenes, wys dit weer, is hoofsaaklik die goed ingeligte, welaf mense wat dit kan bekostig om duurder te betaal vir produkte wat nie so goed werk nie.

DR KELVIN KEMM, wetenskaplike en direkteur van die Groen en Goud Forum, meen die meeste van die sogenaamde groen produkte is in elk geval gegrond op valse aannames oor wat skadelik is vir die natuur en nie op wetenskaplike navorsing nie. Soos die een kettingwinkel wat "omgewingsvriendelike water" verkoop omdat dit in 'n glasbottel en nie in 'n plastiekbottel kom nie.

Fosfate, byvoorbeeld, is 'n middel wat in kunsmis gebruik word. Dit is nie water-besoedelend nie, maar kan daartoe bydra dat die water oormatig verryk word sodat alge en plante te welig in ons riviere groei en sodoende die ekologie kan versteur.

"Baie min van die groen produkte maak enige verskil, maar dit kos vervaardigers miljoene rande," sê Kemm. "Dis hoofsaaklik 'n sielkundige en bemarkingsfoefie. Dikwels is die eerste aannames wat vervaardigers oor groen produkte maak nie reg nie. Byvoorbeeld die ongebleikte toiletpapier wat van die veronderstelling uitgaan dat chlorine as bleikmiddel skadelik vir die omgewing is. Dis nog nooit bewys dat dit meer of minder skadelik is as gebleikte toiletpapier nie."

Die groen revolusie het wel op een gebied in Suid-Afrika posgevat en dis by die produksie van CFC's. Suid-Afrika is van die wêreldleiers op die gebied. In die Montreal-ooreenkoms in 1990 is die teikendatum dat lande teen 1995 hul CFC-produksie met 50 persent moet verminder. Suid-Afrika het in 1991 sy CFC-produksie met 65 persent afgeskaal.

Maar die dryfmiddels wat deesdae gebruik word, sê Kemm, is weer uiters ontvlambaar en plofbaar.

"Die tyd is aan ons kant. Kyk ons terug na die Tweede Wêreldoorlog, skaars 50 jaar gelede, was daar nog geen helikopters nie, geen rekenaars of mikro-elektronika nie," sê hy. "Ons kan net so min sien wat 50 jaar vorentoe gaan gebeur. Noodoptredes om 'n probleem te keer - soos die gat in die osoonlaag wat geen wetenskaplike van faam nog eers met sekerheid kan sê deur CFC's veroorsaak word nie - is onvanpas in 'n Derde Wêreldland waar geld liewers dringend aan ontwikkeling spandeer moet word. En as werklik bewys kan word 'n produk is skadelik vir die omgewing sal wetenskaplikes wel 'n oplossing daarvoor vind."

CHRIS VILJOEN, hoofwetenskaplike van die Randwaterraad, stem saam dat omgewingsvriendelike produkte feitlik geen impak op die water aan die Rand kon maak nie. Maar hy gaan van die standpunt uit dat "elke bietjie help". Die sondaars as dit by waterbesoedeling kom, is eerder diegene wat onoordeelkundige kunsmis en gifstowwe toedien, wat 'n afvloei in die opvangsgebiede veroorsaak.

Kemm meen in Suid-Afrika moet ons eerder konsentreer op verpakking, die herwinning van produkte en rommelbeheer. En waterbeheer, natuurlik.

Begin by die badkamer, sê die Randwaterraad. Dis hier waar twee-derdes van die water in die gewone huishouding gebruik word: vir die spoel van die toilet, en vir bad- en stortwater. 'n Toilet gebruik 11 liter per spoel, 'n bad water is 120 liter en 'n stort 75 liter. Outomatiese wasmasjiene en skottelgoedwasmasjiene gebruik tot 150 liter per keer. ■

## gesonde tuine

PLANT inheems waar moontlik, want ons eie plante is beter bestand teen siektes en peste, en peste het natuurlike biologiese vyande wat help om dit in toom te hou. Boonop verseker dit groter biodiversiteit.

Maar nou het ons ook uitheemse groente en ander plante. Hiervoor kom raad van 'n span Voortrekkers van Menlopark in Pretoria wat die laaste vier jaar navorsing doen oor alternatiewe plaagbeheer in stadstuine.

En 'n plaag, sê Henriëtte du Toit en Leonora de Beer, wat betrokke is by die Mantisspan se navorsing, is net wanneer goggas jou plante begin doodmaak of jou huis verrineweer.

In 'n roostuin het hulle geëksperimenteer met kakiebos, rabarberblare en ander middels en bevind dat plae in 'n stadstuin grootliks met alternatiewe metodes beveg kan word.

Chemiese beheer is 'n laaste uitweg en dan moet dit net gebruik word nadat die instruksies deeglik deurgelees en tot op die letter na uitgevoer word.

Rottegif en slakkegif is van die skadelikste vir voëls. Gaan kyk maar by die voëlrehabilitasiesentrums. Dis meestal glasogies, muisvoëls en tiptolle (spuitgif vir vrugtebome), roofvoëls soos uile, valke en arende (rottegif en vergiftigde karkasse) en vleiloeries, olyflysters en hoephoepe (slakkegif en gif vir wurms op die grasperk).

- Die eerste verdedigingslinie teen plae is om wildeknoffel of stink-Afrikaners of kruie soos koorskruid, salie en wynruit in jou tuin te plant.
- Plae soos plantluise of miere kan met 'n sterk straal water afgespuit word en verbasend genoeg, klim hulle nie gou weer op nie.
- Kakiebos is die panasee vir die meeste plae. Plant dit tussen groentes soos tamaties en pampoene, of sny kakiebos in repe en strooi onder rypwordende groente. 'n Kakiebostak in die hondehok vir vlooie en kakiebos in die komposhoop help vir snywurms en miere.
- Goggasakkies vir kleremotte en vismotte:
  200 g droë kakiebosblare en -saad
  200 g laventelblare en blomme

## GEBRUIK SÓ MINDER KRAG

DOELTREFFENDE kragverbruik is goed vir die sak en die omgewing. Begin deur elektriese toestelle meer oordeelkundig te gebruik. Deur die kortlys van gemiddelde maandelikse gebruikskoste van toestelle te vergelyk wat opgestel is deur Eskom, kan jy self besluit waarop jy wil bespaar. Die koste is bereken teen 'n tarief van 16 sent per eenheid.

'n Tweestaaf-fluoresseerbuis (1 meter) kos jou R2,40 per maand, 'n 60 W gloeilamp R1,44 en 'n 100 W gloeilamp R 2,40.

'n Groot geiser kos R72, 'n ketel R5,18, 'n mikrogolfoond (45 uur in gebruik) R9,36, 'n oond (bakelement) vir dieselfde tydperk R10,13. 'n Groot stoofplaat wat vir 2 ure per dag aan is, kos R19,20, 'n klein stoofplaat R7,20.

'n Radio wat vier ure per dag speel kos R0,35 per maand, 'n kleur-TV (ses ure per dag), R2,30, en 'n swart-en-wit TV, R2.30, en 'n hoëtroustel (30 ure per maand), R0,86.

Luukses soos 'n lugversorger wat twaalf ure per dag vir 20 dae loop, kos R96, 'n swembadpomp wat agt ure 'n dag loop, R28,80.

'n Tuimeldroër (12 dae vir twee ure per dag) kos R11,52, 'n dubbelbalie wasmasjien R2,59 en 'n outomatiese wasmasjien R3,89. 'n Strykyster (24 ure per maand in gebruik), R3,84.

'n Olie en 'n waaier-verwarmer (60 ure per maand in gebruik) kos R32 en 'n Capil-verwarmer R24. 'n Vrieskas kos R10,30 en 'n yskas R17,16.





# KAKIEBOS-EKSTRAK - DIE WONDERMIDDEL

500 g vars kakiebosblare, sade, blomme en takkies
2,5 l kookwater
10 ml kasterolie of sonneblomolie
30 ml vloeibare seep

Snipper die kakiebos en giet kookwater oor. Laat staan tot dit afgekoel het. Filtreer deur 'n sif en moeseliendoek. Voeg olie en seep by en spuit die besmette plantdele. Herhaal weekliks indien nodig, veral ná 'n reënbui. Olie word gebruik om die ekstrak te laat vasklou aan die blare en seep om dit makliker te laat versprei.

- Dopluise:
  Spuit met kakiebos-ekstrak. Neem 'n ou tandeborsel en vryf die dopluise af, aangesien hulle in die volwasse stadium nie beweeglik is nie en reeds vasgeheg is aan die plantmateriaal.
- Miere:
  Gooi kakiebos-ekstrak in miergate.
- Slakke: Maak 'n lokval met 'n omgekeerde margarienhouer met 'n deurtjie ingesny. Plaas die lokval binne-in sodat voëls en huisdiere dit nie kan bykom nie. As slakpille gebruik word, moet die slakke elke oggend verwyder word. Ander lokaas is 'n mengsel van 30 ml hawermout of semels en 15 ml gips; hondepille gemeng met metablokkies (vuuraanstekers); bier in 'n houertjie - die slakke val daarin en verdrink.
- Rooimyt: wend 'n mengsel van 250 ml suiker en 1,5 liter water aan.
- Maak 'n liglokval vir kewers, motte en insekte wat in die nag rondvlieg: Plaas water onder 'n lig in 'n boom, of op die grond.

Deesdae is daar ook kommersiële produkte op die mark wat omgewingsvriendelik is. Bill Smith van Efekto sê 'n produk bekend as Eco en Trounce is bio-vergaanbaar en geskik vir plae op vrugtebome, groente, blomme sierbome- en struike. Die aktiewe bestanddele is kalsiumsoute van vetsure en piretriene, wat afkomstig is van blomkrisante. Die middels is net doeltreffend terwyl dit nog nat is en wanneer dit regstreeks op die plae gespuit word. Vrugte en groente is eetbaar die oomblik dat die spuitmiddel droog geword het.

Nog 'n nuwe produk op die mark is die oulike AnTrap. Dis 'n plastiekhouertjie met gaatjies. Binne-in is 'n lokmiddel vir miere. Die werkermiere dra die lokmiddel aan die vir koningin onder in die nes. As sy vrek, sterf die hele nes saam met haar uit.

# hoe gemaak met afval?

HELP dit om sorgsaam jou blikke, papier, glas en plastiek in verskillende sakke te pak - en die munisipaliteit kom en neuk alles deurmekaar?

Ja wel, verseker die reinigingsafdelings van munisipaliteite ons. In Pretoria en die meeste dorpe aan die Rand is daar privaat kontrakteurs wat op vullishope die herwinbare produkte van die res skei. Deur jou goed in verskillende sakke te pak, help jy hulle dus.




Die stadsraad van Randburg het 'n ander oplossing gesoek en 'n herwinningsaanleg teen R8 miljoen laat oprig - maar twee weke gelede is veiling gehou nadat die privaat kontrakteur wat dit bestuur het, handdoek ingegooi het. Maar hulle gaan wéér probeer, sê Mark Jacobs en Willem Kruger van die reinigingsafdeling.

Duur en min grond is die probleem as dit kom by stortingsterreine. En die groot afstande wat vullislorries moet ry om dit te gaan stort. Dis hoekom besluit is om 'n herwinningsaanleg te bou.

Dit het in 1991 in werking getree. Die 350 ton per dag afval word op 'n vervoerband gegooi, waar die herwinbare materiaal met die hand geskei word van die res. Daar is afsonderlike bakke vir blik, plastiek, en papier. Tuinafval word op 'n afsonderlike hoop gegooi om kompos mee te maak - dit maak 40 tot 55 persent van afval uit. Net sowat 16 persent van die afval is heeltemal onbruikbaar en moet na 'n stortingsterrein vervoer word.

Die herwinbare materiaal word gebaal en aan maatskappye gelewer wat herwinning doen.

Maar die probleem was dat die bedrag wat hulle vir herwinning ontvang het, te klein was en te veel fluktueer om die bedryf aan die gang te hou. En net twee persent van die mense van Randburg het gemaak soos die stadsraad gevra het: Skei asseblief nat en droë afval. Nat afval is alles met 'n voginhoud. Wanneer koffiemoer en piesangskille tussen die koerantpapier beland, is dit nie vir herwinning geskik nie.

Herwinningsmaatskappye groei sterk. Nico Koch van Collect-a-can sê dit gaan nie soseer daaroor om geld uit blikkies te maak nie, maar om te verseker dat die produk gesien word as 'n aanwins vir die gemeenskap sodat daar 'n voortdurende aanvraag na die produk is.

Herwinningsmaatskappye tree dus op as openbare beeldbouers vir die produkte.

As 'n produk as omgewingsvriendelik beskou word omdat dit herwin kan word, verseker die produseerders dat daar ook in 'n groener toekoms 'n plek vir die produk gaan wees.

# die mastercard het verval

## Die Nuwe Natte en die Frederik en Frederick-show

deur Hamilton Wende

'N FAKS van Buitelandse Sake word in my kantoor uitgespoeg: wees om 4.30 vm by die lugmagbasis Waterkloof. En ek word gewaarsku: bring baie kontant saam, want "kredietkaarte word nie geredelik aanvaar in Zambië nie".

Ek en sowat twee dosyn ander joernaliste meld ons aan vir die vlug. Ons kry vodka en Coke om te drink en gebraaide hoender en droëwors om te kou.

En ons kry nog 'n waarskuwing. "Ons is deur die Zambiese veiligheidsbeamptes ingelig," sê die toergids met 'n moestas van Buitelandse Sake, "dat daar 'n veiligheid-sone van 15 meter rondom President Chiluba is en hulle sal vuiste, stewels, geweerkolwe - enigiets wat hulle nodig het, gebruik om dit af te dwing. Wees dus versigtig."

Ons land om 8.30 vm in Lusaka - net betyds om ons kameras op te stel vir die historiese oomblik wanneer President FW de Klerk op 'n amptelike staatsbesoek sy voete op die Zambiese aanloopbaan sit.

President Frederick Chiluba kom eerste daar aan. Met 'n swierige optog van polisie-motorfietse, swart BMW-limousines en flitsende blou ligte.

'n Man van Buitelandse Sake - grys pak, grys skoene, 'n das in verskillende skakerings van grys - kom fluister nog 'n waarskuwing in my oor. "As jy in hulle pad kom, sal hulle jou skiet - sommer net só." Hy klap sy vingers onder my neus.

Die optog hou stil sonder dat iemand geskiet word. Chiluba stap na die podium voor die erewag.


DAN LAND DIE vliegtuig en dis moeilik om die toneel te glo. Die Suid-Afrikaanse vlag wapper trots in die bries voor die kennisgewing "Welcome in Zambia". Die bries dra die klanke van *Die Stem* oor die aanloopbaan - gespeel deur die Zambiese Leër-orkes. De Klerk tree na vore op die rooi tapyt, word hartlik verwelkom deur Chiluba en inspekteer dan die kraaknetjiese, post-koloniale erewag van die 1ste Zambiese Regiment.

Toe De Klerk en Chiluba hande skud, stroom die media-mense vorentoe om die oomblik vas te lê. Dit ontsenu die mense van Buitelandse Sake. "Die geweerkolwe, die geweerkolwe..." kreun hulle agter ons aan soos 'n Kurtz-mantra.

Natuurlik gebeur daar niks van die aard nie. Daar's die gewone gekibbel tussen die pers en die veiligheidsbeamptes, en dan kry ons ons foto's en die presidente wat hulle wou hê - 'n segment in die aandnuus.

Almal is tevrede, behalwe die mense van Buitelandse Sake. Hulle wag net vir een of ander ramp om te gebeur.

Ons vertrek na Lusaka se skougronde. De Klerk gaan die Suid-Afrikaanse pawiljoen besoek en die skou amptelik open.



*Die Stem* **speel en Fredrik en Frederick staan op aandag**

"Is julle van Suid-Afrika?" vra die man wat toesig hou oor die Toyota-uitstalling. "Ja," sê ons. "Welkom in Zambië," sê hy.

Ek was 'n paar weke voor die verkiesing en die verandering van die regering laas in Zambië. Die land lyk nou vir my baie anders. Die jong man wat ons bier bedien by die skou dra 'n T-hemp met die leuse: "The Customer Is Always Right."

Hoewel die inflasiekoers hoog is, daal dit maand ná maand en die mense met wie ek gesels, meen almal dit gaan al hoe beter, ten minste polities. Zambië kan moontlik as Afrika se suksesvolste nuwe demokrasie beskou word. En, net ingeval ons dit vergeet, dis grotendeels te danke aan Kenneth Kaunda wat sy nederlaag so hoflik aanvaar het in die verkiesing. (Cosag-lesers, liasseer dit asseblief onder "A" vir "27 April".)

Die skou self is nie baie opwindend nie. En die toesprake is so vervelig dat die verslaggewers maar sukkel om 'n storie daaruit te haal. "De Klerk kap sosialisme" klink nie juis na 'n dramatiese scoop nie.

Ná 'n biertjie of twee in die Hotel Intercontinental en 'n blitstoer deur Lusaka sit ons af na State House vir nog 'n vervelige perskonferensie ("De Klerk en Chiluba kap sosialisme") en aandete op die uitgestrekte grasperk buite, met agtergrondmusiek deur die Zambiese Leër-orkes.

In die bus op pad terug na die hotel gee Moestas van Buitelandse Sake ons nog 'n waarskuwing. Ons moet almal sorg ons boek die volgende oggend teen 8.30 by die hotel uit. "Anders mis ons dalk die vlug, want hulle het net twee rekenaars in die hotel."

Dis die laaste strooi. Die res van die aand sien jy net hoe loop aangeklamde joernaliste in die Intercontinental se gange en skree vir mekaar: "Het jy al uitgeboek?" En die mense van Buitelandse Sake reageer selfvoldaan: "Wag maar tot môre, dan sal jy sien."

Dis mos AFRIKA, wys hul houding. En hulle - die nuwe Nattes wat vir die eerste keer in hul lewens noord van die Verwoerdburg-winkelsentrum reis - is die chaperones wat ons moet begelei deur die oerwoud van swaaiende geweerkolwe, skietlustige soldate en hopeloos onbetroubare vertrekprosedures waar nie eens jou Mastercard jou kan red nie.

Dis die probleem. Die "mastercard" het lankal verval. Maar die ingewortelde gevoel van meerderwaardigheid wat hulle van geslagte se apartheid geërf het, bly opsigtelik om hulle hang. Regdeur die reis tree hulle op asof die Zambiërs nie veel meer is nie as 'n klompie goeie "boys" wat 'n piesangrepubliek bedryf wat uiteindelik die lig gesien het deur bwana Fred vir 'n kuiertjie te nooi.

Dit is terneerdrukkend, want basies is hulle ordentlike mense, dié nuwe Natte, en op hul lomp, onbewus rassistiese manier het hulle goeie bedoelings. Ongetwyfeld het dinge wel verander. Ek bedoel, kyk maar na Abe Williams en die nuwe vlag met die son en die strepe en als.

Nee, maar alle grappies op 'n stokkie, dink ek die aand oor 'n paar whiskys in die kroeg, miskien het iets aan die reis tog 'n uitwerking op hulle gehad. Miskien het hul persepsies iets nuuts bygekry wat sal help om die skanse af te breek wat steeds in die apartheidsiel oorbly.

DIE VOLGENDE DAG ná brekfis kos dit ons omtrent drie minute om uit te boek. Ons word blitssnel na die lughawe gebring om te sien hoe verlaat De Klerk Zambië amptelik.

Ná al die swier en plegtigheid sien 'n paar van ons 'n eensame figuur oor die aanloopbaan na ons C-130 stap. Dis Grys Skoene. Hy dra twee half-leë winkelsakke met 'n paar gekerfde renosters en slaaibakke van hout as aandenkings.

Toe hy ons sien, lig hy die sakke omhoog: "Ek dink ek het vanoggend omtrent die helfte van die land gekoop, har, har, har..."


Eers toe ons in die vliegtuig klim, hoor ons 21 mense is vermoor in Tembisa: die begin van 'n nuwe, tragiese siklus van geweld by die huis. Die Zambiese soldate staan nog flink op aandag op die aanloopbaan en die Suid-Afrikaanse vlag wapper nog trots in die wind wanneer ons vliegtuig wegrol, op pad na die suide. ■

**vrye weekblad**

Die enigste nuustydskrif in Suid-Afrika wat die naam werd is.

As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy Hein Grosskopf se opwindende politieke riller, *Artistic Graves*, uitgegee deur Ravan Press. Die boek sou jou andersins R36,48 kos.

*Artistic Graves* gaan oor Ben Benadie, 'n misdadiger wat deur 'n Suid-Afrikaanse bevrydingsbeweging gewerf en na 'n ander land gestuur word om militêr en polities opgelei te word. Namate sy betrokkenheid verdiep deur gebeure wat lei na die ondersoek van 'n dubbele agent en 'n poging om dié te elimineer, kom Benadie agter dat wraak en sinlose geweld nie die middele is om sy beweging se politieke doeleindes te bereik nie.




Dis geen gewone politieke riller nie: die fyn besonderhede van geheime werk, die spanning betrokke by die hantering van plofstowwe en die vrees om deur die vyand gevang en ondervra te word kan net kom van iemand wat in dergelike situasies betrokke was.

Die skrywer, Hein Grosskopf, is in Bloemfontein gebore en het in voorstedelike Johannesburg grootgeword. Ná die instelling van die Noodtoestand in 1986 het hy Suid-Afrika verlaat om hom aan te sluit by Umkhonto we Sizwe, die militêre vleuel van die African National Congress. Meer onlangs het hy gewerk as administratiewe sekretaris van die ANC se Repatriasie-komitee. Grosskopf bly steeds in ballingskap met sy gesin.

Intekenare kry *Vrye Weekblad* voor die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie 'n boek nie.

Die spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry Hein Grosskopf se boek - so stuur dadelik die vorm aan *VWB*-intekenare, Posbus 177, Newtown, 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.

Ja, ek wil graag Hein Grosskopf se boek hê.

Naam: ............................................................ .....

Adres en poskode: ............................................ .....

............................................................ .....

............................................................ ....

Telefoonnommer: ............................................ .....

Kredietkaartnr: ............................................ .....

Vervaldatum: Maand ........................ Jaar .....

Handtekening: ............................................ ..

❑ tuisaflewering

❑ per pos

**vrye weekblad**

# vrouefront

## veertien is dalk net reg vir stem

deur sus strydom

SUS jr en haar innige boesemvriendinne Souf en Puleng wil beroemd word. Soos in famous.

Vroue kom nêrens nie, sê hulle, as hulle nie famous is nie.

Presies waar Sus jr en kie wil kom, is nie baie duidelik nie, solank dit net beroemd is. So, nou ondersoek hulle die moontlikhede van modelle word, of 'n vrouegroep natuurlik stig, of, wonder hulle, moet hulle op vlooimarkte hul eie skeppings verkoop, of moet hulle daar gaan "busk".

Nou kyk, dit weet Sus sr ook, busking is, soos hulle sê, the name of the game. Ellen, Souf se niggie, het al in junior orkeste gespeel, pryse gewen, selfs opnames vir die SAUK gemaak met haar blokfluit. En toe gaan "busk" sy, en, ek meen, toe rol die rande, sy in haar blomrokkie met 'n ou hoedjie by haar voete en als, foeitog.

Sus jr (wat haarself al onderskeidelik as Soosey, Suzi en Soosah voorgestel en onderteken het) en Souf is saam in die klas en Puleng is, kan jy maar sê, skoolloos omdat sy in "cram college" is. Cram is wat Sus jr en Souf met heel hul harte sal wil doen, maar hul verkrampte, agterlike ouers glo in TOD, huiswerk en veldskool.

Maar moet vandag se tieners en môre se Melrose Placers nie onderskat nie. AS hulle geweet het wat die woorde beteken, sou jy kon sê hulle het "carpe diem" uitgevind. Sus jr kan tromme speel, Souf kan so 'n bietjie sing en Puleng kan glo een of ander ritmiese ding doen. Rondom dié talente het die drie hul aangemeld by verskeie talentsoekers (sê hulle) en toe besluit hulle die heel beste ding is om "ontdek" te word.

Daarom is die drie nou busryers, Rockey straat-besoekers, Bruma Lake-gangers en by wie weet watter uithang pizzerias of koffiedrinkplekke te sien. Tussen die drie het hulle al op een coke drie uur lank in 'n plek gesit en wag om ontdek te word. Sus sr dink ernstig die drie behóórt ontdek te word: Sus jr dra iemand se ouma se teagown, en haar pa se (kan jy glo bruin) onderbaadjie, haar fourteen ups en kouse met daisies op. Souf is opvallend in T-hemp, denims en iemand se ou army-jas en Puleng is die toppunt van "more dash than cash" in hotpants, tsotsi-tekkies, twéé onderbaadjies en 'n fez.

In hul soeke na roem het hulle darem al 'n stewige credo uitgewerk. Jy kom nêrens sonder 'n mission nie, sê hulle - as hulle die dag genoeg tyd kan afknyp om met hul ouers oor sulke dinge te praat. 'n Mission beteken integriteit, regverdigheid, jy vermy zef-dinge en jy sorg dat jy altyd "daar is" vir al jou buddies - so twee, drie of meer keer per dag. Geld is hoegenaamd nie belangrik nie, solank daar darem genoeg bucks is vir die bus, of 'n coke en 'n "hammie".

Amper wanhopig het Sus sr eindelik die brandende vraag gestel: en wat dink julle van die huidige toestand? As dit die toestand in die land is waarvan Sus sr sou praat, het die drie gemeen: die hele spulletjie is "zef" - vieslik en sommer gemeen. Wie's al hierdie ou kraters op TV en in die koerante wat die hele tyd net moan oor hoe vreeslik alles is en hulle doen net mooi zilch.

Hel, ek meen (en die drie kan heftig raak) wat van die townships wat afbrand en al die kinders wat vir traanrook moet weghol en nie kan skoolgaan of musiekluister nie? Hel, ek meen, as als so zef om jou is, dan wil jy mos net klippe gooi. Puleng se nefie is geskiet en nou is hy doof. Dis mislik, hierdie toestand.

Nou wonder Sus sr: moet ons nie maar vir die veertienjariges die stem gee nie en die veertigjariges die stem ontneem nie.

A, vat vyf, Ma, sê Sus jr hierop.



# mama tembu kry 'n facelift

'n Toneel uit *Ipi Tombi*.

## *Ipi Tombi* gaan vir die dollars

deur christi van der westhuizen

STEFAN SWANEPOEL glo nie aan hoge kunsfilms nie. Nee. Gee hom eerder 'n lekker pretprent en hy's gelukkig. En dís wat *Ipi Tombi* is, vertel hy opgewonde.

Maar wie is dié Swanepoel-kêrel? Hy word beskryf as 'n "baanbreker in die eiendombedryf" en 'n vooruitstrewende entrepreneur - en nou is hy die optimistiese vervaardiger van *Ipi Tombi*. En as dit van hóm afhang, gaan *Ipi Tombi* die dollars laat inrol.

Eiehandig pak Swanepoel dit darem nie aan nie. Jan Michael Vincent, die betreklik bekende TV-ster (onthou julle nog *Airwolf*?) en Maxwell Caulfield, van *Dynasty*- en *Grease II*-faam, speel twee korrupte Amerikaners in *Ipi Tombi*. Mbongeni Ngema, bekend vir sy *Sarafina!*, is ingeroep om die musiek 'n meer kontemporêre klank te gee.



**Mbongeni Ngema en Stefan Swanepoel.**

Swanepoel was nie oorspronklik by *Ipi Tombi* betrokke nie. Die filmvervaardiger Tommie Meyer, eens 'n vennoot van Jamie Uys, het reeds sowat tagtig persent van die prent geskiet toe hy sy rieme finansieel styfloop. "Nadat Meyer gelikwideer is, het die mense betrokke by produksie my aangestel om te kyk hoe die filmregte bekom kon word," vertel Swanepoel. "Dis opgeveil en Capricorn Films (bestaande uit die belanghebbendes) is gevorm om die filmregte aan te skaf. Die volgende stap was om die film te voltooi. Dis toe dat ons besef dat die meeste kostuums en stelle nie meer bestaan nie."

Maar aan vindingrykheid is daar geen tekort by Swanepoel nie. "Ons het die draaiboek herskryf en omtrent twintig persent van die bestaande filmmateriaal uitgegooi."

En dis waar die Amerikaners inkom. Vincent speel 'n onderduimse skrywer en Caulfield 'n amptenaar van die Verenigde Nasies. Met die byvoeging van dié rolle het 'n ietwat verskillende *Ipi Tombi* die lig gesien.

MAAR HOEKOM JUIS twee dowwe sterre soos Vincent en Caulfield - veral in die lig van die amok wat Vincent gemaak het toe hy 'n paar jaar gelede hier was?

"Wel, 'n groot naam, soos sê maar De Niro, sal nie in só 'n film optree nie," sê Swanepoel. "En Vincent is nogal bekend. Watter ster het in elk geval nog nie kontroversie veroorsaak nie? Caulfield is 'n 'rising star' - hy's definitief nog op pad boontoe."

Ngema is verantwoordelik daarvoor om die *Ipi Tombi*-musiek 'n meer upbeat-inspuiting te gee. Dit is darem al twintig jaar oud. Swanepoel hoop die musiek sal opnuut internasionale trefferslyste haal. "Ons wil dieselfde suksesverhaal as iets soos *The Bodyguard* hê: daai film was 'n groot lokettreffer en Whitney Houston se musiek was baie gewild."

Sou mens dus kon sê *Ipi Tombi* laat die bestaande grense in die kuns van filmmaak onaangetas bly? "Ja. *Ipi Tombi* is goeie vermaak vir die hele gesin. Mense sal in 'n goeie bui by die film uitkom. Hulle sal mekaar vrae vra soos 'wat was daai lekker liedjie in die toneel waar...?' - en dan sal hulle die CD gaan koop."



**Zap Dragons (Foto: Sally Shorkend)**

# DIE RADIO BEGIN LUISTER

EEN ding krap nou al lank aan Suid-Afrikaanse musikante: die gebrek aan ondersteuning van platemaatskappye en (veral) radiostasies.

Die kwotastelsel op radiostasies soos 5FM het in die verlede beteken dat slegs 'n geringe persentasie plaaslike musiek daagliks gehoor is. Dit wil blyk dat plaaslike musiek nie volgens dieselfde kriteria as oorsese musiek beoordeel is nie - asof Suid-Afrikaanse musiek minder verdienste het as internasionale musiek.

Platemaatskappye was ook minder bereid om te belê in kunstenaars se loopbane - behalwe as hulle taamlik seker was die groep gaan gewild wees. Veral Johnny Clegg se sukses in Frankryk het die vertroue in plaaslike musiek geleidelik begin herstel. Freedom '93 Battle of the Bands is die eerste volwaardige poging om 'n stem te gee aan groepe wat normaalweg nie platekontrakte sou kry nie - hetsy oor polities bewuste lirieke of gewoon 'n onkommersiële aanslag.

Die Battle of the Bands was presies dít: groepe is die kans gegun om liedjies lewend op 5FM op te voer en daarna kon luisteraars inbel en stem. Twaalf groepe het die uitdunne oorleef - en 'n plaat met 'n samestelling van hul musiek word nou deur Teal Trutone uitgereik. Die produksie beloof om uitstekend te wees want dit is in Londen gedoen deur die hoog aangeprese Suid-Afrikaanse vervaardiger Peter Pearlson.

Van die groepe op die plaat is al bekend (soos No Friends of Harry). Veral groepe wat hulle brood tot dusver op die verhoog moes verdien - soos N'Goi, The Electric Petals en Zap Dragons - verdien aandag.

Dié verwikkeling lei moontlik nog tot 'n Renaissance in Suid-Afrikaanse musiek.

- CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

# 'n verrassende nuwe lewe

*Juffrou Sophia vlug vorentoe* deur Berta Smit, Queillerie.

Gerrit Olivier

Die ruimte is 'n woonstel in Stellenbosch met 'n uitsig oor 'n parkie, Papagaaiberg en die beroering van wolke. In die donker gang, waar Juffrou Sophia meestal vinnig verbyskuif, hang die portrette van voorouers. Dit is hierdie ruimte wat sy ná haar ernstige siekbed weer in besit moet neem deur haarself te sê: "dit is*my* bed. Hier sit ek in*my* stoel. Daar staan *my* spieëltafel, *my* jonkmanskas" (20).

Daar is boeke waarin 'n klein ruimte, 'n beperkte bestaan vergroot word om heelwat meer te omvat omdat 'n boeiende gees daarin opgesluit is. Die bekendste voorbeeld sou seker Goncharof se Oblomov wees. Met *Juffrou Sophia vlug vorentoe*, meer as twintig jaar na haar vorige boek, bereik Berta Smit 'n dergelike effek.

Die titel, ontleen aan een van die opskrifte wat telkens as inleiding by 'n teksgedeelte dien, is 'n aanduiding van sowel die formaliteit en gedistansieerdheid van die vertelling as die skrynende humor wat so dikwels na vore kom. Want vir Juffrou Sophia is daar geen "vorentoe" en geen "vlug" nie: as 'n terminaal siek en verswakte bejaarde sal sy haar woonstel nie meer verlaat nie.

Met die eerste sin van die roman - "Hulle het alles van haar weggeneem" - word Juffrou Sophia afgestroop en geïsoleer van almal. Sy word ook van haar verlede afgesny deurdat sy ná haar ontslag uit die hospitaal moet verneem van die politieke hervorming wat ingelui is deur De Klerk se 2 Februarie 1992-toespraak.

By haar tuiskoms wag daar op haar nie alleen die aanpassing by die uitsigloosheid van 'n ingeperkte bestaan nie. Die boek beskryf ook die worsteling - as ek so 'n groot woord mag gebruik - van 'n waardige, ietwat pedanties (sy staan nie om dowe neute as "Juffrou Sophia" bekend nie ), behoudend-Christelike oujongnooi-onderwyseres om 'n greep op 'n nuwe persoonlike en politieke situasie te kom.

Op 'n praktiese en alledaagse vlak beteken dit ook die konfrontasie met Mavis: die bediende van wie sy nooit veel geweet het nie, maar wat nou haar huishoudster en enigste versorger word, gedurende die lang dae ook haar enigste aanspraak, die een aan wie sy letterlik uitgelewer is.

Die aanbieding van die vertelling in klein episodes, met titels wat wissel van die informatiewe tot die ironiese bekommentarieërde tot aanhalings uit populêre en literêre bronne, dra daartoe by om 'n afstand ten opsigte van Juffrou Sophia te skep. Deur al die gebeurtenisse heen bly die agterdog teenoor Mavis, die irritasie met Mavis as een van "dié mense" 'n deurlopende draad.

Met 'n mengsel van opwinding en ontroering merk 'n mens hoe hierdie klein wêreldjie begin oopgaan om al hoe meer in te sluit. Onder andere word dit bewerkstellig deur die invoer van 'n innerlike dialoog deur twee binnepraters: die idealistiese en romantiserende teenoor die nugtere en skeptiese, wat in Juffrou Sophia se gees teenoor mekaaar te staan kom.




Teen die agtergrond van die hedendaagse politieke geweld is die terugflitse na Juffrou Sophia se jeug die terugkeer na 'n veronderstelde spanninglose en gelukkige verlede, maar al gou blyk dat die portrette in die gang ook op 'n meer onheilspellende aanwesigheid dui. Telkens tree die moeder of grootmoeder in die jonger Sophia se lewe in om haar nuuskierigheid en begeertes te fnuik en haar vryheid te ontneem. Hierdie episodes skyn slegs voorspel te wees op wat later gaan gebeur - maar volg 'n mens leidrade op, is hier 'n onderliggende woede om 'n geknotte bestaan wat eers baie later in die woorde van 'n romankarakter tot uitbarsting kom: "julle het ons nie die reg gegun op 'n eie lewe nie julle alleen het geweet wat vir ons reg en goed is..." (231).


Dergelike herinneringe, tesame met die verbysterende aard van die nuus op die tv en in die koerant, laat Juffrou Sophia gryp na dié instrument wat haar 'n gevoel van mag en bevryding gee: haar pen. "Sy begin woorde neerskryf: *geweld* en dan *haat...wantroue...waarheid*" (43). Uit hierdie eerste woorde groei dan 'n roman - en dis veelseggend dat dit 'n roman oor Issa is, die buurvrou wat op papier Juffrou Sophia se surrogaat-kind word.

Die fragment van haar roman oor Issa - wat nogal sterk herinner aan die simbolies-Christelike inslag van Smit se vroeër werk - berus op Juffrou Sophia se poging om sin aan haar lewe te gee, maar ook op 'n ambisie om, gerugsteun deur die skrywersuitsprake, boeke van Moltmann, Panichas en Keith W. Clements se *A Patriotism for Today*, vir sowel Issa as vir 'n in sonde vervalle land 'n reddende boodskap te bied. 'n Voorbarigheid miskien, soos wat die siniese binneprater dit inderdaad ook sien, dié oplê van jou eie oortuigings aan 'n verskeurde land.


Maar hierdie grandiose projek word langsamerhand oorwoeker deur 'n ander gegewe waarmee Juffrou Sophia behep raak: Mavis se probleme met haar besope skoonsuster Charlene. Aan die einde van Smit se roman, wanneer Mavis uiteindelik ook háár behoeftigheid kom bely en verwelkom word as "My kind! My liewe kind!" (242), bied die eenvouudige dade van medemenslikheid - 'n oranje trui, die hulp van 'n maatskaplike werker - 'n ander soort uitkoms.

'n Mens mag dalk kla dat die slot, net soos 'n paar ander gedeeltes van die boek, net té literêr ingeklee is: "vergewe ons ons sondes soos ons hulle vergewe wat teen ons gesondig het Pa Ma kan julle my hoor Issa Charlene hoor kom terug liewe kind my kinders kom" (252). Maar op weg na dié verlossende einde is daar veel om te geniet in hierdie intelligente en plek-plek werklik aangrypende boek. Die beskrywing in hoofstuk 19 van 'n Sondag terwyl 'n kerkdiens aan die gang is en Juffrou Sophia desperaat kontak probeer maak met Mavis, is tegelykertyd komies en verskriklik, soos trouens haar hele konflik met Mavis. Haar karnavaleske danspassies voor die gemeentevroue, met 'n mond wat witgesmeer is om die ouvrou-"baardjie" te verwyder, is self-ironies en fyn satiries - en so sou 'n mens nog meer kan noem.

Die karigste gegewens lei in Juffrou Sophia vlug vorentoe tot 'n onderhoudende en gevarieerde verhaal gevul met patos. Van hierdie "arme, sieklike, hulpelose ou vrou" (190) het Berta Smit 'n onvergeetlike karakter gemaak.



Vaarwel! Exclusive Books in Hillbrow, Johannesburg, 'n boekwinkel waarmee talle mense saamgeleef het en die eerste in die Exclusive-ketting, het vandeesmaand weemoedig gesluit. Dié besluit is nie ligtelik geneem nie, sê die bestuurder Ronny Oppenheim, maar wat almal gevrees het, het 'n werklikheid geword. Die meeste van die boeke op die uitverkoping is binne ure verkoop en net 'n paar somber gereelde klante het bly dwaal in 'n leë, spookagtige winkel. Maar Hillbrow se verlies is Durban se aanwins - 'n nuwe Exclusive open in Oktober in die Pavillion-sentrum in Durban Westville, en daarna sal die groep "nog meer nasionaal word as wat dit is", sê Oppenheim.




# is 'n volkskuns moontlik?

*Raiding the Icebox* deur Peter Wollen, Verso, 1993.

**WILLIAM PRETORIUS**

DIE slotsom waartoe Peter Wollen in dié prikkelende versameling essays kom, dat 'n volkskuns - "people's art" - nie werklik moontlik is nie, is waarskynlik slegte nuus vir die nasionale kulturele organisasies.

Wollen bereik dié slotsom via modernisme, 'n kulturele verskynsel wat sigself nog nie uitgewoed het nie. Post-modernisme, met 'n gemedieerde werklikheid as enigste belangstelling, tel nie - dis Westerse provinsialisme.

Verbastering is egter geen rede tot pessimisme nie. Die kruising van inheemse kuns met Westerse kuns, etniese kuns met toeristekuns, skep gebiede "where urban vernacular and para-tourist forms begin to merge, bringing increasingly complex and innovative blends of different cultural elements". Modernisme, 'n hegemoniese Amerikaanse beweging, is die "yskas" waaruit ander nasies (lees Derde Wêreld) kom gaps om 'n basies toeristekuns te produseer. Dis in werklikheid wêreldwye vooruitgang.

Wollen spits hom veral toe op 'n geskiedenis van modernisme, wat volgens hom oorspronklik verbonde was aan Fordisme, 'n produksielyn-tegniek wat met die eeuwending 'n eenvoudige, volmaakte Ford-motor geproduseer het en die zeitgeist van die tyd geword het. Meganiese konformiteit as 'n ideaal het die woord "robot" aan die letterkunde gegee, Chanel se klein swart rokkie aan die modewêreld, en die presiese chorus-line dansery van die Rockettes en die Tiller Girls aan massa-vermaak. Dit het oorlewe regdeur na Andy Warhol en sy eindelose reproduksies van sopblikke en kulturele ikone soos Marilyn Monroe en James Dean.

KUNSTENAARS HET gerebelleer teen Fordisme en die vorms van meganiese reproduksie, hoewel politieke denkers, onder andere Gramsci, gemeen het dit bevry die kreatiewe denke van fisieke roetine-werk. Hulle het dié vorms ondermyn deur fantasie en private wêrelde (surrealisme), 'n subversiewe klem op emosie pleks van logika ("situationalism"), of uitheemse invloede soos Oriëntalistiek ('n flambojante "pantomime of slavery and liberation") met die helder, stralende kleure wat Cartier in staat gestel het om vir die eerste keer blou en turkoois stene naas mekaar te gebruik.

Die puritynse klem in Fordisme op funksionele, meganiese eenvoud het uiteindelik verval weens die eise van verbruikers. Die eenvoudige Model T Ford het 'n petrol-suipende, pienk Cadillac met vlerke geword. Tekste het elektronies geword. Robotte het rekenaars geword. En 'n suiwer volkskuns het onmoontlik geword namate kultuur wêreldwye kultuur geword het.

Wollen se informatiewe argumente is veelvlakkig, eerder as lineêr. Sy stellings is soms aanvegbaar, soos hulle móét wees in so 'n boek. Hy beweer byvoorbeeld motors het geen betekenis vir die werkers wat hulle maak nie, net vir die kopers - hoewel 'n mens sou dink motors beteken geld, sekuriteit, salarisse en so meer vir die fabriekswerker.

Hy word ook 'n toeris in sy eie komplekse kultuurgeskiedenis - hy reduseer byvoorbeeld die verskeidenheid van die kunstenaars in Gavin Younge se Art of the South African Townships tot "idiosyncratic and innovative". Maar dis waarskynlik onvermydelik in 'n werk wat so 'n groot gebied op 'n bondige, gekondenseerde manier omvat. En hy maak wel 'n belangrike punt op dié kulturele reis - as geen mens 'n eiland is nie, dan is kultuur ook nie. ■

## kortkeuse
deur william pretorius

Louis B Meyer: MERCHANT OF DREAMS deur Charles Higham, Pan MacMillan, R114: Louis B Myer se lewe as Hollywood-mogul sou 'n wonderlike rolprent maak: hy het Jode uit Europa gered terwyl MGM handel gedryf het met Hitler en Mussolini, Greta Garbo beskerm toe sy 'n geheime agent vir die Geallieerdes was, en al sy beroemde sterre teen skandale beskerm. Higham se biografie is geselserig en maak van skinder 'n kunsvorm, soos dit in Hollywood is, en die ideale medium vir dié soort boek. Baie genotvol.

THE SEXY FACTOR deur Frances Kendall, Amagi Books. Ingeval jy nie geweet het nie, mans en vroue is verskillend, volgens Kendall, baie verskillend, en dié biologiese oos en wes sal nooit ontmoet nie. Nie 'n boek vir feministe nie, maar vir dié wat die moeder wil terugplaas in moederskap.

JERK deur Dennis Cooper en Nayland Blake, Artspace Books. 'n Vreemde marionet-storieboek oor die reeksmoordenaar Dean Corll en sy slagoffers. Alles is te kunstig, te selfbewus om werklik ontstellend te wees. Die stofomslag sê die boek ondersoek rituele verslawing, kulturele ikonografie en fetisjisme. As dit maar dit gedoen het.


TURBOTT WOLFE deur William Plomer, Ad Donker. Nuwe uitgawe van Plomer se beroemde roman met agtergrondstukke oor die oorpronklike teks deur Roy Campbell, Nadine Gordimer, Stephen Gray, Peter Wilhelm en andere.

COME CELEBRATE deur Bernard Spong en Cedric Mayson, Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, Posbus 4921, Johannesburg 2000, R20. 'n Kort geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke wat wys hoe hulle, om Christelike beginsels te praktiseer, 'n aktiewe rol teen apartheid moes speel en verdruk en vervolg is onder PW Botha se verdrukkende regering.

Tekens van die tye: twee nuwe boeke oor alles wat jy ooit wou geweet het oor regstellende optrede in die nuwe Suid-Afrika. Hulle is: REVERSING DISCRIMINATION, geredigeer deur Duncan Innes, Matthew Kentridge en Helen Perold, van Oxford University Press teen R54,99; en AFFIRMATIVE ACTION IN A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA, geredigeer deur Charles Adams en uitgegee deur Juta teen R94,60.

# angola

## In dié uittreksel uit die hoofstuk "Angola" in Hein Grosskopf se boek *Artistic Graves* word beskryf hoe die hoofkarakter, Ben Benadie, as MK-lid in Angola opgelei word om bomme te plant.



**Hein Grosskopf**

THE best part was the explosives. For the first time I handled the stuff bombs are made of. That's when I first heard the warning: "You can only make one mistake. Only one." When the instructor told us how easily that innocent-looking block of modelling clay would blow us all away, we took him at his word. And we didn't make mistakes. But we sweated. Jesus, we sweated.

The first time we blasted was fun. And that was the last time it was fun. Fun because we didn't quite believe him. How can a little two hundred gram block of some brownish stuff be really dangerous? It's as big as a twenty-pack of cigarettes. Come on! That was the last time our hands didn't sweat when we touched explosives. After we'd seen what that little cigarette pack did to more than a foot of solid tree trunk, that is. Sweat out of respect and fear. It was still interesting after that, but no longer fun.

It was only after developing respect for explosives that the real teaching started. Booby traps, sabotage with and without explosives, micro-switches and time fuses. We learnt to kill and destroy in countless imaginative ways. Quietly, noisily, in such a way as to confuse the police. You name it, it was there.

BUT MORE IMPORTANT than how was why. Why destroy? Why kill? Why sabotage? And who or what? Which brought us back to why.

In between the explosives came the drilling. Endless instructions and conversations. Barked in Mongane's gruff voice. He had problems with his voice and was later to die of throat cancer.

"Who is the enemy?"

"Ours is not a war of fixed battle-lines."

But surely we knew who the enemy was? Yes and no. Ask anybody who has seen the suppression of the mid-eighties uprising, who has lived with the Casspirs in the streets, and he'll tell you who the enemy is. The white soldiers and policemen who patrol there, beat them up and have target practice once in a while. And the white men in the city, dressed in their smart civilian clothes, who completed their national service two months ago. And who would be back in uniform, in the same Casspir in the same township, in six months. For him, that is the enemy. He is right. And wrong. He knows who the enemy is, and he doesn't.

Mongane was right. Am I then the enemy? He was also wrong. And then I became a friend, a comrade. Then not everybody with a white skin is "white". When he speaks about "whites" the memory of Bram Fisher, Jack Hodgson and Ruth First underlies what is said. They had pale skins, but weren't white.

And yet, one never entirely escapes the past. One is so used to things - people - being divided into categories that, once they're removed, relating normally is difficult. Because the abnormal has become the norm. It's strange, being only one of two trainees with pale skins. Not bad or oppressive or uncomfortable, just strange. Strange to expect the past of master-servant and oppressor-oppressed relationships to disappear when one crosses the Limpopo.

FROM THE FIRST DAY we are comrades, training and sweating together, but at night, when we are lying in our beds in the dark and speaking to the roof, some hesitate and some raise their voices before speaking about the "Boers". Another white, Mike O'Connor, lies in the bed next to mine. An intellectual. A serious one. We do not communicate with each other. We come from totally different worlds. No white alliance here. At first some are careful, or extra-careless, when making jokes in or about Afrikaans. Afrikaans, the language that killed hundreds in Soweto. I am careful when I - if I - respond.

Probing one another, trying to see behind the skin. Gently, but still probing. Trying to find oneself as much as the other. And not only in skin. The vestiges of "national states" are also still there.

Two trainees, one Venda the other Sotho, neither speaking Zulu. Comrades immediately, but friendship is built on a third level, through the white man's language. Slowly.

For a week or two we are careful, polite, considerate. But there's no time for politeness, for gentle manners. Not on five hours sleep a night. Tempers flare up when a rifle accidentally slams into you four hours into a march. Orders have to be given without regard for niceties. Orders are by definition not polite. We cannot be polite. Not for ever, and finally the manners drop away, leaving the real people. People who can tell you to go to hell. Not in spite of skin or language, but regardless of that. People who realise that we aren't there to make friends. And, because we stop trying to become friends, that is what we become. Or something more. ■

# die politieke riller as versoening

*Artistic Graves* deur Hein Grosskopf, Ravan Press, R36,48.

**WILLIAM PRETORIUS**

WANNEER 'n mens Hein Grosskopf se *Artistic Graves* resenseer, moet jy natuurlik vra: wat is werklikheid, wat is fiksie?

Grosskopf spot: "Dié boek is fiksie. Dit het nie gebeur nie, maar dit kón." Ja, dit kon. Grosskopf ontken egter dat hy vereenselwig moet word met die boek se verteller, Ben Benadie, wat hy as 'n dief voorstel. Maar daar is parallelle: Benadie sluit hom by die ANC aan, word in Angola opgelei en keer in die geheim terug na Johannesburg.

Die verhaal is fiksie, wat aan die moontlike grens. Benadie elimineer militêre offisiere, 'n konvooi spesiale SAW-rekrute, die "nasties ...who, within six months, would be blowing up the Angolan oil refinery or mining villages (or) civilians in Livingstone. Or shooting Botswana policemen. Or burning Mozambican teachers. Or shooting children in the townships." Benadie dompel Johannesburg ook in duisternis deur die kragvoorsiening op te blaas. Nou ja.

In die begin van die boek skuil Benadie in 'n goedkoop hotel-cum-bordeel in Mayfair, waar hy wag op die polisie se noodlottige klop aan die deur. Al die bestanddele van 'n noir riller is daar: die buitestaander, 'n toiingrige deel van die stad, 'n ongure hotelkamer, 'n neon-kennisgewing. Die roman is 'n terugflits.

Interessant hou Grosskopf hom by die konvensies van die noir riller. Jy hoor selde Benadie se innerlike stem, al is die vertelling in die eerste persoon. Die storie word aan luisteraars vertel, 'n roman van aksie eerder as diep, persoonlike introspeksie. Sy gebruik van die genre hou die verhaal ook by konkrete besonderhede; die toonaard is dikwels ekonomies, dringend, maar ook saaklik, dokumentêr.


Benadie se vriendin Julia verander hom van 'n dief in 'n politieke bekeerling - 'n gladde, maklike gesprek wat nie baie oortuigend is nie. Maar dis dalk doelbewus: Julia gee Benadie, 'n blanko mens voor sy bekering, nuwe identiteite - 'n student, 'n yuppie, ander Suid-Afrikaanse tipes wat hy op sy sendings moet speel om nie gevang te word nie.

DIT IS EGTER geen filosofiese boek nie. Was dit filosofies, didakties, sou dit apologeties geword het. Die roman doen verslag van Benadie, teken fisieke besonderhede aan - ons weet wat hy eet, wanneer hy kots van vrees, siek voel - en sy gedagtes as 'n reaksie op bepaalde oomblikke, eerder as 'n denkstelsel. En veral die gevolge van sy opleiding: sy kennis van bomme, die daaglikse vindingrykheid, geslepenheid en staal van senuwees om aan die lewe te bly. Benadie word 'n "precision machine", en Grosskopf, as romansier, doen moeite om elke besonderheid van die geheime lewe eg te maak.

Identiteit is 'n sterk tema in die roman. Benadie se steunpilaar in sy persoonlike, politieke vloeiing is Mabel, 'n prostituut by wie hy tussen sy sendings woon, en wat hom op sy regte naam noem. In dié soort kontra-oorlogvoering is identiteite nie vasgepen nie. Wie is die vyand, wonder Benadie, en ontdek homself en sy verganklikheid, "any death reminds you of your own". Die vyand - want dit is die oorlog van die muis, van die enkeling teen 'n onregverdige apartheidstelsel - word gespesifiseer. "It's difficult to believe that somebody you've been studying, whose skin you've lived in for two weeks, will be dead tomorrow. Even if you know you're going to kill him. Morbid thoughts for a morbid job." Dié vyand is nie gesigloos nie, hy's 'n mens eerder as 'n staatsideologie, en 'n slagoffer van dié ideologie.

Julia betig Benadie: hulle moet die vyand nie verontmenslik nie. Dié klem op vermensliking word 'n sentrale paradoks. Deur te hou by gestroopte genre-konvensies humaniseer Grosskopf se dringende styl, die dikwels kaal saaklikheid, nie altyd nie, maar distansieer jou. Die genre oorwin. Dis 'n politieke riller, eerder as 'n ontleding van die oorsake en gevolge van politieke geweld.

MAAR IRONIES IS die manier van vertelling ook die boek se krag. Genre is toeganklik, 'n stabiele, uitkenbare manier van storievertel. As die militêre, die polisie - die vyand in Grosskopf se roman - hul eie verhaal moes vertel, sou hulle, dink ek, dieselfde genre gebruik het. Dis aktueel, bekend, en laat heroïsme toe. In dié sin verdiep Grosskopf se roman die genre en dien dit as 'n vorm van versoening tussen die "ou" en die "nuwe" Suid-Afrika. Soos die titel, wat uit 'n gedig gehaal is,




impliseer, het die poëtiese die skrywer verlaat. Al wat oorbly, is verskriklike feite. En die lewe as 'n vermoeide noir riller, 'n B-graad drama wat ons almal kan verstaan, gered in die roman deur politieke oortuigings, die eksistensiële trauma.

Grosskopf het 'n verskriklike verhaal om te vertel, maar dit moet vertel word. Die vertelling daarvan baan die weg vir ander verhale van "die ander kant", van die voormalige "vyand" - en al wat 'n mens sal hoor, al wat 'n mens wél hoor, is die stemme van ander Suid-Afrikaners. ■

## IETS NUUTS OM TE LEES


X-RAY VISAGIE EN DIE VINGERS VAN GOD deur Harry Kalmer, Tafelberg, R34,95. Kalmer se debuutroman, 'n spannende "terro-roman" oor 'n groep anargiste, die Vinger van God, 'n Afrikaanse Baader-Meinhof-bende. Resensie volg.

FOXTROT VAN DIE VLEISETERS deur Eben Venter, Tafelberg, R39,95. Nog 'n debuut-roman, sowel 'n lykskou-verslag as 'n plesierige afskeidsparty van die Ou Suid-Afrika en PW Botha se laaste Noodtoestand. Resensie volg.

ONWAARSKYNLIKE ENGELE deur Rachelle Greeff, Tafelberg, R34,95. Kortverhale met bitter humor oor taboe en universele onderwerpe: die vrou se ambivalente verhouding met kos, menstruasie, geboorte, liefde en sterfte. Resensie volg.

DIE VRANK SMAAK VAN FRAMBOSE deur JM Gilfillan, Human & Rousseau, R34,99. Kortverhale oor mense wat pynlike omstandighede oorkom. Resensie volg.

DIE DUIWEL SE TUIN deur Francois Bloemhof, Tafelberg, R39,95. 'n Groen uitbreiding in Durbanville word 'n onheilspellende plek. Resensie volg.




# die perke van verdraagsaamheid

deur william pretorius

## Vryheid van spraak is polities korrek - maar vryheid van seks?

OP die Perke van Vryheid-fees, deur die *Weekly Mail* en die *Guardian* aangebied in die Wits-teater, Johannesburg, sien jy die perke van verdraagsaamheid sowel as dié wat die perke bepaal: die Joodse Raad van Afgevaardigdes maak seker die 1940 Nazi-propagandafilm *Jud Suss* word onttrek; die AWB betoog teen *De Voortrekkers*, wat 'n seksuele aanslag aan Voortrekkerbeelde gee; en 'n groep fundamentalistiese Christene beset die teater waar Scorsese se *The Last Temptation of Christ* vertoon gaan word. 'n Handjievol stemmige Katolieke sing buitekant gesange. Nou weet ons.

Die fees bring ook die sensors en die gesensureerdes van die ou Suid-Afrika by mekaar - 'n twyfelagtige nostalgie, want dieselfde Sensuurraad is nog aan bewind. Sensors is elasties - hulle rek en krimp indien nodig.

Die fees se kern is die debat deur politieke verteenwoordigers oor seks en haat-toesprake - 'n voorskou van die sensuur wat voorlê, indien enige. Mens kan kyk na die paneel van respektabele gesigte, na Gill Marcus (ANC), Jeremy Cronin (SAKP), Gavin Woods (IVP), Tony Leon (DP), Marthinus van Schalkwyk (NP), na... wie? die neo-establishment?... en wonder wat dink hulle van seks en politiek. Jaki Serote (PAC) daag nie op nie, maar dis gewoon in die nuwe Suid-Afrika, brom iemand agter my.

Die kort films vooraf is merkwaardig: haat-toesprake (Mokaba doen sy Kill the Boer-ding, die PAC bied One Settler One Bullet, en Barend Strydom vertel 'n Australiese joernalis wat ewe kranksinnig lyk hy sal meer swartmense doodmaak), girlieprente, naaktonele, en 'n ejakulasie-skoot wat aanhou en aanhou... totdat iemand in die gehoor vir die "speler" hande klap. Dan iets baie bisars: 'n seksterapeut wat haar vagina oopskroef met 'n ingedrukte staalhoepel - "it's not at all painful," lag sy - en haar gehoor laat inloer met 'n flitslig, een vir een, terwyl sy grappies maak oor hoe klam en warm dit daarbinne is. Later word die mense afgeneem met haar borste wat oor hul ore hang, soos 'n bonkige hoed. Seksuele toeriste wat aandenkings versamel. So iets kan seker net in 'n uiters repressiewe samelewing soos Amerika gebeur...

Te oordeel na die bespreking wat volg, kan ons nog 'n lang ruk uit voeling bly met ons onderdele. Niemand in die paneel sê die towerwoorde nie: "In die nuwe Suid-Afrika sal daar geen sensuur wees nie." Almal doen moeite om onbevange te wees, veral oor politiek. Maar seks. Wel, natuurlik is almal ten gunste van vryheid van spraak, van vryheid - maar daar's perke.

Gill Marcus sê seks is privaat, tussen twee mense. Waarom dit in die openbaar vertoon? Van Schalkwyk het ernstige probleme met van die kykstof. Hy sou dit verbied. Hoekom? Omdat die meerderheid dit nie wil hê nie. Hoe weet hy, vra die voorsitter, Gilbert Marcus, gaan daar oor elke seksfilm 'n referendum wees? Nee. Van Schalkwyk se argument, soos ek dit verstaan, gaan so: die meerderheid stem vir ons, ons wil dié dinge nie hê nie, dus wil die meerderheid dit ook nie hê nie... 'n sirkel.

Erotika moet toegelaat word, maar nie pornografie nie, sê iemand. Majorie Heins, direkteur van 'n organisasie teen sensuur, sê Kanada het erotika gewettig, maar nie pornografie nie. Die doeanebeamptes het onmiddellik besendings van gay en lesbiër-erotika gekonfiskeer. Buitendien, wie besluit wat eroties is? Neo-sensors?

Maar natuurlik, 'n mens ken pornografie wanneer jy dit sien. Gill Marcus sê dit verneder vroue, wat tweede-, derde-, vierdeklas-burgers is. Jy't nog nie my vrou ontmoet nie, spot Ralph Boffard van *Penthouse*. Sy's nie deel van die Suid-Afrikaanse werklikheid nie, kap Marcus terug - 'n klein voorval, maar stof tot nadenke.

Heelwat van die debat gaan oor hoe om die parameters van 'n Suid-Afrikaanse werklikheid te omskryf. Maar wie omskryf dié werklikheid - dié maghebbers, dié wat die diskoers van hierdie "werklikheid" wil beheer, dié wat 'n "werklikheid" nodig het om dit namens die massas te manipuleer, of die meerderheid? Parameters kan nie laat vaar word nie totdat almal as deel van die Suid-Afrikaanse werklikheid aanvaar word. Totdat almal of alles - protesmarse, die ANC, Boffard se vrou - déél is van dié werklikheid sal ons sensuur hê, of minstens beperkte verdraagsaamheid.

Die mees radikale stelling in dié paneelbespreking sou wees dat iemand opstaan en sê: "Haai, ek hou van seks." Hy/sy sou waarskynlik vertel word wanneer, waar en hoe om dit te doen. 'n Visuele uitbeelding sou pornografie wees. Dan tref dit 'n mens: die perke wat seks en pornografie afsonderlik omskryf, die begeerte om dit apart van die samelewing te hou, net in plastiekomhulsels toegelaat, is juis wat pornografie skep en laat voortbestaan. Moenie seks as gewoon of alledaags aanvaar nie, al is dit hoe ryk aan verskeidenheid. Dié soort denke sal seks altyd afsonderlik hou van gewone menslike ervaring. En feeste soos dié nodig maak.

Nog skrikwekkender is die bespreking oor godslastering. Almal staan verdraagsaamheid voor - maar nie, sê die fundamentalis Peter Hammond, pornografie wat verkragting en kindermolestering veroorsaak nie. Dis waar feministiese argumente teen pornografie ook eindig. Of films soos *Midnight Cowboy* oor 'n transvestuut-prostituut. Hammond het nie dié film gesien nie. Hy wil selfsensuur sien in films, en noem die Hays Code, wat in werklikheid dertig jaar gelede in Amerika verwerp is as oudmodies en verspot.

Imam Raschid Omar het ook 'n "maar" wat verdraagsaamheid betref: moenie Moslems beledig nie. Omar praat verstandig en beredeneerd. Die doodstraf aan Salman Rushdie weens *The Satanic Verses* was swak strategie omdat die boek postmodernisties is; lesers sou dit ná ses bladsye wegsmyt. Die fatwa het verseker dit verkoop miljoene eksemplare.

Dominee Naas Ferreira sê God het mense keuses gegee. Dit moet nie deur sensuur weggeneem word nie. Hy's kranksinnig, sis die fundamentaliste. Die konsep van verdraagsaamheid word gevaarlik. 'n Mens besef: dié fundamentalisme het niks te doen met Christenskap (begrip, verdraagsaamheid, minsaamheid) nie. Dié mense is bevooroordeeldes wat konsensus, en dus 'n absolute waarheid, onder mekaar gevind het.

Ná die bespreking weier hulle om die teater te verlaat sodat *The Last Temptation of Christ* vertoon kan word - 'n film wat hulle nog nie gesien het nie. Toe die polisie, ná anderhalf uur, hulle uiteindelik vra om die teater te verlaat, stap hulle uit en sing gesange.

Buite gesels ek met 'n joernalis en fotograaf wat kom kyk het na die besetting van die teater. Toe kom 'n motor van hul koerant hulle haal. Daar was 'n slagting in Tembisa. "Die koeëls vlieg oral rond."




## CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN gesels met die sangeres Danièle Pascal en haar pianis, Janine Neethling

**Danièle Pascal het in Algerië gewoon tot sy 14 was, verder in Frankryk skoolgegaan en 'n graad in die linguïstiek in Amerika behaal. In Kanada het 'n man eendag haar kop in 'n embuiahout-kas gedruk en gesê: "Ruik! - dís hoe Afrika ruik." Sy kon níks ruik nie. Vandag, na jare in Suid-Afrika, ken sy die reuk van embuia.**

**Is jy nie maar net 'n Piaf-clone nie, Danièle?**
Ek vergelyk myself nie met Dietrich en Piaf nie. Ek wil nie Dietrich of Piaf wees nie. Ek ís ook nie hulle nie en sal ook nooit wees nie. Ek wil ek wees. My musiekverwerkings verskil ook van hulle s'n. Hulle was ikone - ek is nie God nie, ek is nie universeel nie, ek's 'n aktrise. Make-believe. Kom ontsnap, kom deel my droom, my truuk. Almal het dit nodig.

**Hoekom doen julle juis Piaf?**
**DP:** Piaf én Dietrich bring teater, musiek en stories bymekaar. Omdat ek 'n verhoogaktrise is, hou ek daarvan om stories aan die gehoor te vertel. In *Paris to Berlin* is daar 'n narratief om die een lied aan die ander te verbind. Daarin ontwikkel die tema van die predator en die slagoffer. Janine is hoofsaaklik die predator - maar van die verhoog af is sy die slagoffer... [lag]. Die verskille tussen Piaf en Dietrich word hierdeur uitgelig: Piaf is emosie en passie; Dietrich is stil en koud.

**Identifiseer julle enigsins met haar?**
**JN:** Emosioneel, ja. Piaf se musiek handel oor vroue - spesifiek prostitute. Dit gaan oor liefde, unrequited love. Haar lewe was ongelooflik intens en my lewe is ook. Dinge gebeur baie vinnig - dis soos 'n roller-coaster.
**DP:** Ja, met die teatraliteit, emosie, passie, die oorgawe wat 'n kunstenaar op die verhoog beleef. Piaf was altyd baie nederig en ek voel dis hoe 'n kunstenaar behoort te wees. Die publiek is koning - die gehoor het die mag. Ek identifiseer nie met Dietrich nie want sy's glamorous - ek's nie glamorous nie.

**Jy sê in die vertoning dat Dietrich en Piaf slegs in die kollig vervulling kon kry. En jy?**
Dit gaan maar saam met die lewenstyl. Ek toer die hele tyd: daar is geen sekuriteit, geen stabiliteit nie... dis soos 'n dwelm, 'n magneet. Jy het nie tyd vir 'n sosiale of 'n persoonlike lewe nie.

**Verlang jy nie partykeer na 'n meer stabiele lewe nie?**
Ek is vyftig en ek is baie energiek. Wel, amper vyftig. As ek 'n plooi kry, is dit okay want ek verdien dit. Ek het vir elkeen gewerk - hulle is myne. Ek wil nie 'n pensioenplan hê nie, sekuriteit in my werk, nee. Ek wil 'n kunstenaar wees, 'n ware gipsy, ek wil nie vir iemand werk wat vir my dikteer nie. Ek sal nooit 'n prostitusie-vertoning doen nie. Die tipe vertoning waar jy gaan en baie geld maak, maar niemand luister nie. Mense vra wie's daardie bitch? Hulle wil Steve Hofmeyr en Rina Hugo hoor.
**JN:** Ons lewe totaal nomadiese lewens waar ons een dag in Graaff-Reinet is en die volgende dag in Aliwal-Noord en dan is ons in Pretoria.
**DP:** Dis in Janine se bloed om hierdie werk te doen. Sy sal nóú haar tasse pak vir Duitsland as ek so sê. Sy sal oor enigiets tree vir haar werk.
**JN:** Nee! Darem nie enigiets nie. Maar mens maak opofferings.
**DP:** Ek doen vier produksies 'n jaar. Ons doen alles self. Die programme, die dekor, alles. Ons is bereid om in een kamer te slaap as die begroting knyp. Hierdie groot sterre soos Steve Hofmeyr, selfs Nataniël: hulle is nie bereid om in 'n derderangse hotel te slaap nie.

**En hoe is die reaksie op die platteland?**
**JN:** Fantasties. In Humansdorp het ons 'n staande ovasie gehad. Dis omdat haar musiek - al is dit Frans - so emosioneel is: dit praat direk met mense se emosies.
**DP:** Die mense is wonderlik.
**JN:** Onskuldig.
**DP:** Onskuldig maar ook ingelig.

**Is die vertoning nie effens eurosentries nie?**
**JN:** Baie mense is onmiddellik bevooroordeeld omdat dit in Frans is en omdat hulle Piaf ken. En as hulle kom kyk, is dit "Sjoe!, stunning". So ons voel, al kom die musiek van Europa af... wel, dit ís musiek wat meer wit gehore trek as... ander... wat is die aanvaarbare woord nou?

**Swartes.**
**JN:** In die Kaap het ons gehore gehad wat 'n kwart nie wit was nie, en die reaksie was uitstekend. Behalwe dat ek mense gekry het wat na die tyd na my kom en sê: "Young man, that was stunning."
**DP:** Jy moet aanklank vind by almal. Ek is kleurblind: almal is dieselfde. In die ou dae het ek geweier om in 'n saal wat gesegregeer is, op te tree. Ek is nie 'n politieke mens nie - ek verstaan nie wat in Suid-Afrika aan die gang is nie. Mense wat mekaar doodmaak... die tragiek van 'n moeder sonder haar seun. Ek is 'n ma. As ek my seun moes verloor... maar ek sal nie doodgaan nie. Miskien is ek soos Dietrich en Piaf: ek is sterk. Soos Dietrich wat op 75-jarige ouderdom op die verhoog was met 'n gebreekte heup. Ek het nog nooit my heup gebreek nie - ek het wel al met 'n gebreekte toon opgetree: dié week. Maar daar is politiek in my vertoning: "Where have all the flowers gone?". Dis 'n lied wat vra dat die gewere in die land moet stil word.

# UNISA SE BOP HELP MIDDELBESTUURDERS MET DRYFKRAG OM UIT TE BLINK.

REGISTREER VOOR 15 OKTOBER.

Ten einde in die immergroeiende aanvraag na kundige middelbestuur te voorsien, bied Unisa se Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding (SBL) die 21ste Bestuursontwikkelingsprogram (BOP) in die begin van 1994 aan.

Sedert sy ontstaan in 1972, ondersteun dié program middelbestuurders wat deskundiges op hul eie gebiede is, om omvattende kennis oor al die funksies van 'n organisasie te verkry. Die BOP se keuserigting Algemene Bestuur is die suksesvolste èn bied aan belowende bestuurders die geleentheid vir verdere loopbaanontwikkeling. Dit is 'n middel tot selfverbetering en beroepsvooruitgang en gee aan dié wat dit geslaag het, die mededingersvoorsprong – ongetwyfeld 'n voordeel in vandag se wedywerende sakemilieu.

Die BOP is nog altyd oor 'n middeljaarkalender aangebied en dit sal in die toekoms steeds die geval wees. 'n Algemene Bestuur keuserigting word egter nou aangebied wat oor die 1994 kalenderjaar strek.

Individue wat die program suksesvol voltooi, ontvang 'n erkende BOP Sertifikaat wat deur UNISA toegeken word.

Vir u BOP programbrosjure met volledige besonderhede, skryf asseblief aan:

Die Mededirekteur: BOP<br>
SBL Unisa<br>
Posbus 392<br>
Pretoria 0001<br>
Of skakel Deanna Vogét<br>
by 012-3226777<br>
(Faks 012-3200421)



SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK



John Malkovich en Andy Garcia in *Jennifer 8*

# die psigoot as romantiese held

## - op die silwerdoek het die bloedlustige maniak nou meer charisma as die hartstogtelike minnaar

deur christi van der westhuizen

O! die goeie ou dae toe Vivien Leigh nog met oorgawe kon terugleun in Clark Gable se viriele arms - sonder om te wonder of sy nie miskien die hoofgereg op sy spyskaart is nie. Ja, in daai jare was die romantiese held 'n man van statuur - dinamies, suksesvol, aantreklik.

Vandag? Wel, vergelyk dié twee scenario's: 1965 - Doctor Zhivago (Omar Sharif) begeer hartstogtelik om die liefde van sy lewe (Julie Christie) weer in sy arms te neem; 1991 - Hannibal the Cannibal (Anthony Hopkins) begeer kwylend om 'n maal van sy naaste te maak.

Maar daar is tog romantiese rolle vir vandag se akteurs - of nie? Dié kêrels is egter bra lig in die broek - dink maar aan die slymerige vent wat Al Pacino in *Frankie & Johnny* uitbeeld. Robert Redford in *Indecent Proposal* is seker die naaste wat ons aan sjarmant sal kom in die 90s - maar sy karakter, sjarmant ofte not, is bereid om te betáál vir 'n amoreuse sessie. Nie 'n baie sjarmante gedagte nie, ek's bevrees.

*Sleepless in Seattle*, die *When Harry Met Sally* van die negentigerjare wat binnekort by ons draai, wys 'n slonserige Tom Hanks wat 'n nasie se vroueharte vinniger laat klop. Die rede: hy is sensitief, sag, weerloos. Definitief nie 'n hartebreker nie: dié sal tog nie in papperige sweetpakbroeke rondwikkel nie, of hoe?

EEN DING is duidelik: vir charisma en intelligensie in manlike hoofkarakters wend fliekkykers hulle eerder na rillers. Lokettreffers wemel van boosaardig kille, slinkse sosiopate. *Silence of the Lambs* is die mees onlangse hoogtepunt in dié genre. Die ernstige speurdertjie (Jodie Foster) se bravade verkrummel voor Hannibal the Cannibal se psigologiese spel - en die kykers is betower. Hy tree op die ou einde as die held uit.

Mens kan ook aan ander minder suksesvolle psigotiese helde dink. In *Cape Fear* bewimpel Robert De Niro se kranksinnige karakter amper die respektabele, maar vaal advokaat (Nick Nolte) se ondergang. Die opportunistiese psigopaat (Matt Dillon) in *A Kiss Before Dying* se paadjie na bo drup van die bloed voor hy uiteindelik deur sy agterdogtige wederhelf (Sean Taylor) gestuit word. Dan is daar *Guilty as Sin*, tans op die wye doek: die kamtig ervare, maar eerder liggelowige advokaat (Rebecca De Mornay) word obseen gemaklik om die bos gelei deur die onderduimse, manipulerende moordenaar (Don Johnson).



**Nick Nolte en Robert De Niro in *Cape Fear***



**Anthony Hopkins en Jodie Foster in *Silence of the Lambs***



**Don Johnson in *Guilty as Sin***



**Jennifer Jason Leigh in *Single White Female***

Aan psigotiese vroue is daar darem ook geen gebrek in rolprente nie: van *Single White Female* en *The Hand That Rocks The Cradle* tot *Body of Evidence* en *Basic Instinct*. Slu is hulle; sexy en mooi altyd.

'n Ander beginsel geld hier: waar intelligensie die wapen van die manlike psigote is, oorweldig die vroulike psigote hul kwylende manlike teenstanders met brute seksualiteit. Hulle is ook vindingryk, maar hulle krag lê daarin om die man met 'n enkele lang koel blik te mesmeriseer. (Dit kan met iets meer sousigs gepaard gaan - soos die beroemde toneel in *Basic Instinct* waar Sharon Stone haar bene kruis net om te onthul dat sy báie skamel geklee is onder die reeds skamele mini.) Hoewel die man weet sy is heel moontlik 'n koelbloedige moordenaar, raak hy so verstrengel in die seksuele spel dat hy sy einde uiteindelik gelate tegemoet gaan.

Daarom dat 'n riller soos *Jennifer 8* so uitsonderlik is. Die kyker wag gespanne vir die amper onvermydelike rillerspyskaart: 'n psigoot wat altyd net-net slimmer as sy teenstanders is, of, indien die psigoot vroulik is, seksuele magspeletjies wat die tone laat krul; gewelddadige/ongewone seks (sado-masochisme blyk nou gewild te wees, maar kan verval in belaglikheid - soos Madonna wat kerswas op Willem Dafoe se bors drup in *Body of Evidence*); gewoonlik mooierige vroue wat tonele opgekerf verlaat (pornografies, dié gedurige voorstelling van vroue as vee met hul liggame in verskillende stadia van afslagting).

IN *JENNIFER 8* hét ons 'n psigoot wat (raai wat) vroue vermoor. Dis 'n klassieke whodunnit: met heelparty kinkels is verhoed dat die kyker die identiteit van die moordenaar maklik kan uitwerk. Hoewel die elemente hoegenaamd nie oorspronklik is nie, verslap die spanningslyn - tot by die naelbytende einde - selde.

*Jennifer 8* is wel oorspronklik as dit vergelyk word met die standaard-riller: geen seks en geen wellustige, sadistiese vertoon van vroue in die proses van fisieke verbrokkeling nie - en, ja, geen psigotiese held nie. Die kyker voel egter steeds soos 'n voyeur: wanneer die blinde Helena (Uma Thurman) bad, neem 'n donker figuur foto's van haar in die onverligte badkamer. Die kyker sien wat hy sien en raak ontstellend bewus van haár naakte weerloosheid teenoor die onsigbare, onheilspellende aanwesigheid in die badkamer. Die potensiaal vir pyn lê dik - mens leef jou volkome in die toneel in: Helena is nie net 'n reddelose, anonieme slagoffer nie. Die kyker kan dus empatie voel.

*Jennifer 8* gaan moontlik nie 'n nuwe tendens in die rillergenre teweegbring nie - daarvoor is dit te vry van seksuele innuendo's en blink, sexy vroue. Die psigotiese moordenaar is ook te veel in die skadu's: daar is geen geleentheid vir hom om kwinkslae soos "I'm having a friend for dinner" kwyt te raak en só in die harte van kykers in te kruip nie.

Psigote beïndruk omdat hulle hul slagoffers altyd een voor is. Hulle is gewoonlik mooi, maar áltyd gevaarlik uitgeslape. Hulle bly koel in die mees ongewenste, bloederige situasies: Matt Dillon wat die hotel verlaat met 'n opgekapte vrou in sy tas; Anthony Hopkins se gewaagde ontsnapping met 'n polisieman se maagvel oor sy gesig.


Die rolprentromantiek van psigotiese moordenaars lê ook in die misterie wat hulle omhul. Hulle is enigmaties en het durf en vuur - nogal afwesig by die gemiddelde man in 'n romantiese film. ■



# Divisies van Denel (Edms) Bpk

**Lugvaart:**
**Houwteq**
(Grabouw) Tel: (024) 50 5911.
Faks: (024) 59 3400
**OTR**
(Bredasdorp) Tel: (02847) 59 010.
Faks: (02847) 59 067
**Simera (insluitende Atlas Aviation)**
(Kemptonpark) Tel: (011) 927 9111.
Faks: (011) 395 1103
**Besigheidsontwikkeling:**
**Dendex**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0666.
Faks: (012) 453 914
**DMS (Korporatief)**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0911.
Faks: (012) 428 0799
**Informatika en Eiendomme:**
**Infoplan**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 450 9111.
Faks: (012) 450 2879
**Excelsa**
(Pretoria-Oos) Tel: (012) 47 1106.
Faks: (012) 450 2879
**Bonaero Park (Edms) Bpk**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**Denprop**
(Kemptonpark) Tel: (011) 918 1000.
Faks: (011) 918 1400
**MediaMakers**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0970.
Faks: (012) 428 0975
**Denelpen**
(Pretoria) Tel: (012) 341 4330.
Faks: (012) 44 2435
**Umed**
(Pretoria) Tel: (012) 44 3275.
Faks: (012) 44 5444
**Vervaardiging:**
**Naschem**
(Potchefstroom) Tel: (0148) 27 151.
Faks: (0148) 98 1241
**PMP**
(Pretoria-Wes) Tel: (012) 318 1911.
Faks: (012) 318 1000
**Somchem**
(Somerset-Wes en Wellington)
Tel: (024) 429 2911. Faks: (024) 429 2111
**Swartklip**
(Kaapstad) Tel: (021) 376 1500.
Faks: (021) 376 1108
**La Forge**
(Boksburg) Tel: (011) 894 1321.
Faks: (011) 894 5413
**Stelsels (meganies en elektronies):**
**Eloptro**
(Kemptonpark) Tel: (011) 921 4000.
Faks: (011) 973 1627
**Kentron**
(Irene) Tel: (012) 671 1911.
Faks: (012) 671 1127
**LIW**
(Verwoerdburg) Tel: (012) 620 9111.
Faks: (012) 620 2283
**Mechem Konsultante**
(Silverton) Tel: (012) 803 7290.
Faks: (012) 803 7189
**Musgrave**
(Bloemfontein) Tel: (051) 21 2921.
Faks: (051) 21 2903
**Bemarking**
**Dinmar**
(Erasmuskloof) Tel: (012) 428 0910.
Faks: (012) 452 2843


DENEL

PRONAM TVL 1588











# Denel. 'n Nywerheidsreus verrys uit Suidelike Afrika.

Daar is 'n maatskappygroep in Suidelike Afrika met 'n brandende begeerte om almal se lewenskwaliteit te verhoog en om 'n beter toekoms vir huidige en toekomstige geslagte te skep. 'n Groep genaamd DENEL.

DENEL is kapitaalkragtig en beskik oor 'n breë batebasis, ervare bestuur en gevestigde geskiedenis as 'n betroubare en stabiele verskaffer van 'n wye reeks militêre-, kommersiële- en nywerheidsprodukte.

DENEL bestaan uit 25 aparte operasionele en nywerheidsdivisies wat as individuele besigheidseenhede in die volgende hoofkategorieë sake doen naamlik lugvaart, stelsels, vervaardiging en ingenieursdienste, informatika en eiendomme, sowel as internasionale bemarking.

As u vennoot in Suidelike Afrika, maak DENEL deure oop na die res van Afrika en die Suidelike Halfrond.

DENEL sluit suksesvolle alliansies met gevestigde internasionale maatskappye. As vennoot kan u deel in die rykdom van tegnologiese vaardigheid, bemarkingskundigheid en verspreidingsnetwerke wat die DENEL groep bied. Saam kan ons werk aan 'n beter toekoms.

Vir meer inligting kontak:
**Ferdi Stark, Direkteur: Bemarking, Tel: (27-12) 428-0609 of Faks (27-12) 45-2009. Denel (Edms) Bpk, Posbus 8322, Hennopsmeer, 0046, Republiek van Suid-Afrika.**

D E N E L

**Vir 'n beter toekoms**


▲ PRONAM TVL 1482

# christi speel pop
# die ierse verkleurmannetjies



deur christi van der westhuizen

★★★★★ verslawend ★★★★ oorrompelend ★★★ oulik ★★ beige ★ nat



'n Diaboliese Gary Glitter: Bono

## ★★★ U2 - *Zooropa*
## Teal Trutone: CD

Die U2 van *Zooropa* is nie die U2 van *Under a Blood Red Sky*, *The Joshua Tree* of selfs *Achtung Baby* nie. Een kyk na Bono in sy goue pak - kompleet met platformskoene en duiwelshorinkies! - bewys die punt. Iers en uitgesproke is hulle egter steeds. En polities bewus (sluit tog by Amnesty International en Greenpeace aan, vra hulle in die CD-omslag).

U2 se ontwikkeling van album tot album is fenomenaal: van Ierse rock in die vroeë tagtigs is hulle na die meer universele pop-rock van *The Joshua Tree* in die laat tagtigs. Op *Rattle and Hum* het hulle inspirasie in die wortels van rock gevind: Amerika. Die resultaat was 'n uitstekende album wat skreiende kritiek op die uitgewaste American dream lewer: die *Rattle and Hum*-weergawe van "Bullet The Blue Sky" (ook op *The Joshua Tree* te vinde) ruk jou in die maag.

Tog is U2 'n bietjie droog, 'n bietjie te ordentlik, 'n bietjie pretensieus. (Dink aan Bono in die "With or Without You"-video: gepynigde uitdrukking op die gesig, liggaam ineengekrimp, kitaar op die rug... kitaar op die rug? Ja, dis nie daar vir speel nie, dit rond net die uitrusting af.)

Achtung, baby! Weg is die polities gesaniteerde, holier-than-thou-Christelike, ek en my kitaar-image van vroeër. Bono het ongemerk in 'n swart rubberpak geglip en 'n vliegagtige donkerbril opgesmokkel. Wim Wenders skiet hul video's donker en The Edge se transformasie laat jou staar: van middeljarige, slonserige rocker na mean space age-poseur-in-swart. Poseurs was hulle egter altyd - net aan die verkeerde kant van die draad.

Met *Achtung Baby* het hulle oor die draad gewip: van Amerika na Berlyn met Daniel Lanois as vervaardiger. Die musiek was steeds kitaar-georiënteerd, maar die beat was techno; uitheemse, boheemse elektro- en industriële rock-klanke het hul musiek amper onherkenbaar geskakeer. Die vryheid het Bono skoon wulps laat voel - skielik kon hy lirieke soos "in the garden I was playing the tart" kwytraak.

Waarheen nou? *Zooropa*. *Achtung Baby* open met "Zoo Station" waarop 'n benoude - maar opgewonde - Bono sy neerdaling in die troebel dieptes van die Europese underworld aankondig. U2 lei ons dan deur 'n wêreld vibrerend met 'n donker energie. "Zooropa" open hul jongste plaat: 'n uitgeputte Bono lewer eers versigtig, dan met toenemende drif, kwaai kritiek op die eens eksotiese plaza van sy drome. "Zooropa" is 'n aanklag teen die lou, flou rigtingloosheid van Europa - en, meer universeel gesien, van die wêreld. Die onderwêreld beïndruk nie meer nie: julle is "mild and green/ And squeeky clean," kom die teregwysing. "Get your head out of the mud, baby."

Ongelukkig is "Zooropa" een van die min inspirerende snitte. Ander wat uitstaan, is "Numb", "Lemon" en "Daddy's gonna pay for your crashed car". "Numb" sluit aan by "Zooropa": die musiek weerspieël die tema, afgestomptheid, teneerdrukkend. "Lemon" getuig onwrikbaar van Brian Eno, mede-vervaardiger en synthesizer-speler, se invloed - dit klink glad nie soos U2 nie, eerder soos David Bowie se *Black Tie White Noise*. En Bono klink nogal baie soos Prince.

Musikaal skep *Zooropa* 'n somber kunsmatige milieu: synth-klanke deurpriem die ore; 'n kitaar-riff bied so nou en dan afwisseling. Die techno-ritme van *Achtung Baby* maak plek vir 'n stadiger, amper balladerige tempo op die meeste snitte.

Liries is *Zooropa* arm. Wat wel opval, is die terugkeer van religie: Jesus en sy gesin duik elke nou en dan op; "The Wanderer" (gesing deur die countrysanger Johnny Cash) handel oor 'n man wat sy vrou verlaat op soek na God.

U2 is duidelik ontnugter deur hul Berlynse Ondervinding: *Zooropa* wys die gate daarin uit. By gebrek aan iets nuuts, egter, is *Zooropa* slegs 'n skaduwee, 'n soort appendix van *Achtung Baby*. Hou maar duimvas vir 'n tweede Damaskus-ervaring.

## ★★★ Digable Planets - *Reachin' (A New Refutation of Time and Space)*
## Tusk: CD

'n Rapgroep wat Sartre, Marx en Kafka as hul vernaamste invloede uitlig? Nie so onmoontlik nie, sê Doodle B, Ladybug en Butterfly van Digable Planets. Behalwe vir dié ietwat ongewone idole (en name), is Digable Planets 'n laid-back, gemoedelike groep wat groovy tunes (soos "Rebirth of Slick") maak. As deel van die nuwe generasie rappers behoort Arrested Development-aanhangers by hulle aanklank te vind.

## ★★ World Party - *Bang!*
## EMI: CD

Kies die regte een: Karl Wallinger a) was 'n Waterboy voor hy soos ELO* begin klink het; b) klink soms soos 'n lid van die Jackson-gesin; c) voel as pseudo-intellektueel verplig om hom met die ongeregtighede van die wêreld te bemoei. Ongelukkig is al drie in die kol. Wallinger probeer regtig hard om goeie, verantwoordelike, sosiaal- en omgewingsbewuste musiek te maak. Hy raak egter verstrengel in niksseggende obskuriteite en monotone kitaarmusiek met skrikwekkende synth-laserklanke wat soos iets uit 1987 klink. Wallinger moet hom miskien eerder bepaal by eenvoudige, onveeleisende protesliedjies en God, Carl Jung en Bertrand Russel (al drie op die bedankingslys te vinde) uitlos.



Karl Wallinger: eens 'n Waterboy, nou 'n Jeff Lynne

* Ja, Electric Light Orchestra

Korreksie: In die vorige Christi speel pop is gesê *Nude* is die titel van Suede se debuutplaat. Die titel is eintlik *Suede*. Die drukkersduiwel het ook sy merk gelaat by die foto van Suede: die name in die onderskrif moet andersom lees.

dans

# vryheid kom van binne

deur nelleke de jager

**Jy moenie met jou liggaam dans nie, maar met jou siel, sê die dansers van *Les Odes Bleues***

'N DOODSE stilte heers op die verhoog. 'n Man en vrou betree die skemer wêreld statig en presies. Die man steek 'n kers aan, en begin sy vertelling van 'n bejaarde paartjie wat niks meer oor het om te eet nie.

Intussen verander sy verleidster in 'n Russiese heks, gereed om hom te verorber: Oombliklik transformeer die skynbare onskuldige sprokie in 'n bisarre, makabere beweging-spel tussen slagoffer en moordenaar... seksualiteit en onbeheerste begeerlikheid bou uit tot 'n skouspelagtige klimaks met papierborde en kleefband as enigste rekwisiete.

Die werk, *Baba Yaga*, is genoem na Rusland se mees geliefde heks en gegrond op die Russiese komponis Moessorgski se besielende klaviersolo *Skilderye op 'n tentoonstelling*. Die verhaal van 'n koningin, 'n heks, en haar genooide gaste word deur twee geniale danser-akteurs uitgebeeld - die Suid-Afrikaner Eric Bouvron en die choreograaf Mercedes Changuia-Aguirre van Argentinië.

Die wêreldpremière van dié werk in Parys is opgevoer deur die dans-teatergeselskap Les Odes Bleues, onder leiding van Changuia-Aguirre. Met die onlangse toer deur Suid-Afrika was dit ook op Grahamstad se Fringe-fees te sien. Hier het Changuia-Aguirre die uitvoering herskep tot 'n dans vir net twee mense.

"My doel as kunstenaar," sê Changuia-Aguirre in 'n onderhoud, "is nie om 'n estetiese mooiigheid te skep nie, maar eerder om te vra: Wie is ek op die verhoog?"

Die jeugdige Bouvron, wat eers mimiek wou studeer, maar nou 'n vaste lid van Les Odes Bleues is, stel dit so: " 'n Mens moet probeer om die malligheid, die gekheid van teater vas te pen, deur jou ontvanklik te maak vir alles rondom jou - te luister met ore, oë, gevoel en neus."

Oor die ontwikkeling van *Baba Yaga* sê Changuia-Aguirre: "Moessorgski se musiek verlei ons. In elke afdeling skep die komponis 'n ander storie. Hy neem sy musiek, en gee dit terug vir sy mense. Hy vertel wie die rykes is, wie die armes, en wie al die mag besit... *Baba Yaga* het toe so ontwikkel uit die impak wat sy musiek op ons maak".

Die geselskap se hele program, *Les Odes Bleues*, word oorheers deur 'n eerlike spontaneïteit wat gehore weer en weer laat terugkom. Bouvron sê die ontwikkeling van 'n kunstenaar se vryheid en sensitiwiteit verleen 'n aanslag van opregtheid. "Opleiding moenie net gaan oor tegniek nie. 'n Mens moet eerder fokus op gevoel en sensitiwiteit. Van daar af sal alle ander aspekte van teateropleiding self ontwikkel," sê Bouvron.

"In Suid-Afrika het ek intellektueel te werk gegaan. Ek sou aan idees dink, en dit dan op die verhoog opvoer. Dit was eintlik in Europa, by die leCoq Teaterskool in Parys, en by Mercedes, wat ek geleer het deur te doen. 'n Mens moet leer deur kanse te waag. Ek leer steeds."

Dit sou 'n fout wees om hul werk te klassifiseer as 'n Europese avant-garde, oftewel postmodernistiese dans-genre. Op die Grahamstad-fees en in die gesprek was die township-invloed duidelik in Bouvron se asembenemende solo, Pansula Jive. Ook hul bewondering vir die werk van Kazuo Ohno, een van die meesters van die ekspressionistiese Butoh-teaters in Japan, kom sterk na vore.

"Ons kan onsself nie in 'n bepaalde kategorie plaas nie," sê Bouvron. "Ons kombineer alle moontlik elemente in dans sowel as teater. Die belangrikste is om die verbeelding toe te laat om te groei en te ontwikkel... 'n mens moet kan spéél in die teater."



Mercedes Changuia-Aguirre... die heks as verleidster in Baba Yaga.



Eric Bouvron en Mercedes Changuia-Aguirre dans Baba Yaga ... 'n makabere beweging-spel. Foto: Ruphin Coudyzer

CHANGUIA-AGUIRRE het opleiding gehad onder mense soos Lindsay Kemp, 'n doyen op die gebied van moderne dans en mimiek, asook Claude Brumachon, Suzanne Linke en Jacquiline Robinson. "By Brumachon het ek my stamina, uithouvermoë en 'n presiesheid in dans en beweging ontwikkel, maar dit was by die twee meesters van Butoh Dansteater - Lindsay Kemp en Kaquo Ohno - dat ek kreatief gestimuleer is. Ek was geraak deur hul klem op vryheid en 'n mad craziness".

Hul produksies word gekenmerk deur die begeerte om uiting te gee aan die konsep van vryheid in kuns. Stereotipiese dans of teater kry mens nie by hulle nie. Kreatiewe, oorspronklike denke staan voorop.

"Ek is altyd op soek na nuwe mense, na onbekende tradisies. Elke mens het iets unieks om te gee," sê Changuia-Aguirre. " 'n Mens kan nooit ophou soek, ophou ontdek nie."

# resensies
## film

deur christi van der westhuizen


★★★★★ Voortreflik
★★★★ Sterk aanbeveel
★★★ Sien gerus
★★ So-so
★ Vermy as jy nugter is

### Buitengewone liefde
#### ★★★ *Benny & Joon*

'n Sensitiewe onderwerp word in dié film behandel: Joon (Mary Stuart Masterson) is intelligent en kunssinnig - maar ook skisofreen. Gelukkig is ouboet Benny (Aidan Quinn) daar om sy gestremde sussie teen die groot, wrede wêreld daar buite te beskerm. En net voor 'n ligte slaap mens oorval, tree Sam (Johnny Depp) tevoorskyn. Sam is 'n naïewe Charlie Chaplin-aanhanger met 'n heuglike aanvoeling vir die komieklike. Wat 'n deadend-rolprent sou gewees het, ontaard eensklaps in 'n lighartige, opbeurende kyk na die ontluikende liefde tussen twee buitengewone mense. Depp verras met sy uitstekende komiese tydsberekening en oortuigende spel, maar Quinn stel teleur: in ongemaklike tonele kry hy 'n vreemde glasige uitdrukking in sy oë - dit lyk asof hy enige oomblik in trane kan uitbars. Masterson slaag daarin om Joon nie-stereotipies uit te beeld. As jy lus is vir 'n prent wat jou laat glimlag aan die einde, sien*Benny & Joon.*



Johnny Depp doen nóg 'n Edward Scissorhands in *Benny & Joon*



Onwillige kannibaal: Josh Hamilton in *Alive*

### Waar daar 'n wil is...
#### ★★★ *Alive*

Dié is 'n triomf-van-die-menslike-gees-film met 'n nare klein detail: voordat die oorlewendes van die vliegramp oor die dood kan triomfeer, moet hulle maaltye van die gestorwenes maak. Dié grillerigheid word egter met die nodige subtiliteit en intelligensie gehanteer, wat keer dat Alive ('n ware verhaal) in schlock-horror verval. Deur aandag te skenk aan fyn besonderhede en goeie spel van die akteurs (veral Ethan Hawke en Josh Hamilton) het die regisseur Frank Marshall 'n meesleurende, menslike film gemaak. Interessant is die uitbeelding van hoe verskillende mense in 'n oënskynlik verlore situasie optree en om te sien wat vandag met spesiale effekte vermag kan word: die ongeluk self word ongelooflik getrou aan die werklikheid uitgebeeld. *Alive* is 'n inspirerende fliek en gee nuwe krag aan die uitdrukking "waar daar 'n wil is, is daar 'n weg".

## musiek

### Twee redes waarom mense in Suid-Afrika bly

DAAR buite op die nie-te-afgeleë buitewyke van die SA musiektoneel is 'n paar nuwe musikante wie se onderskeie invloede en klanke een van die redes weerspieël waarom mense soos ek (en jy?) besluit het om hier te bly.

Die eerste is sanger/komponis John Reunert wat Craaazy-For-You, geen bullshit rock met 'n weemoedige botoon sing... maar ons praat nie nou van Barry Manilow nie. Daar is 'n tawwe Dylan/Neil Young-kant aan die lirieke en die kitaarriffs. Dit word so nou en dan ondersteun deur 'n meesleurende, maar subtiele reggae-ritme wat jou wil laat hoor wat hy te sê het.



Loading Zone

Loading Zone maak die koelste Afro-jazz-fusion mengsel in Suid-Afrika sedert Sankomoto, en hulle is nie net nog 'n Soweto-met-saxofone-groep nie. Hul lirieke is in Portugees en Engels en hul invloede strek van Sentraal- en Wes-Afrikaanse harmonieë tot by Abdullah Ibrahim en Al Jarreau. Hul gesofistikeerde maar toeganklike dansklank gaan verder as die boudswaaiende cross-over wat bietjie verbleek het sedert Mango Groove daar vasgehaak het. - Hamilton Wende

• ***Loading Zone** is by die Arena, Hillbrow te sien.*

### 'n Triomfantlike herlewing

'N KOMPONIS/sanger/pianis soos Lieze Stassen bewys daar is musikale vooruitgang binne die Suid-Afrikaanse konteks. Haar vertoning, Renaissance, wemel van ryk musikale verwerkings en teksture, deurdagte nuanses wat haar uitsonderlike vokale eienskappe aanvul en 'n oorvloed van talent.

Renaissance bestaan hoofsaaklik uit eie komposisies wat handel oor die soeke na antwoorde. Die minimale dekor, doeltreffende beligting en choreografie en Laurika Rauch se insette as raadgewer bind die hele program met die tema dat alle antwoorde binne die ware self lê. Die musikale regisseur Tommie Cronier se styl en aanvoeling verryk Stassen se komposisies asook haar unieke vertolkings van Annie Lennox, Bette Midler en Tori Amos. Wat Stassen des te meer onderskei, is haar eie styl, selfvertroue en oorgawe aan haar musiek soos in die energieke, uitbundige vertolking van "I Can See Clearly Now". 'n Mens sien uit na haar CD wat uitgereik gaan word. - Kobie le Grange

• ***Lieze Stassen** tree gereeld op in After Dark, Pretoria.*


## teater

### Teater speel maar veilig

deur beverley mitchell

DIE resessie het 'n sterk invloed op die keuse van toneelstukke wat deesdae aangebied word - want teatergangers wil seker wees hulle betaal vir iets wat die moeite werd is om te sien. Dit is dus finansieel veiliger om 'n produksie op te voer wat 'n gehoor verseker is.

*When The Cat's Away* het al die bestanddele van 'n klassieke klug. Dit is oorspronklik geskryf deur die twee Britse klugskrywers John Mortimer en Brian Cooke. Die verwerking deur Pierre Van Pletzen, wat 'n tipiese Suid-Afrikaanse geur daaraan gee, en regie deur Rex Garner, daardie meester van die klugspel, maak dié produksie die moeite werd. Die gehoor het geen kans vir lag laat verbyglip nie, veral nie Tobie Cronjé se winderige glipse nie. Dié opvoering onderstreep dat lekkerlagteater wat getrou bly aan 'n getoetste formule, sitplekke sal vul.




Tobie Cronjé in *When The Cat's Away*

*Boesman en Lena* is nóg 'n produksie wat 'n gehoor verseker is. Praat 'n mens van moderne twintigste-eeuse drama, pryk Athol Fugard se naam hoog op die ranglys. *Boesman en Lena* word beskou as een van sy beste werke vanweë die tydlose en alomvattende temas wat daarin geweef is, terwyl 'n onvriendelike landskap kil toekyk. Dié produksie, onder regie van Jerry Mofokeng, skitter met die vakmanskap van gevestigde spelers soos Bill Curry, Nomhle Nkonyeni en James Mthoba wat die spanning vir g'n oomblik laat taan nie. Die opvoering maak mens trots op ons inheemse teatererfenis, en jy kan nie help om na te dink oor die sosio-ekonomiese toestande wat tot dié verhaal aanleiding gegee het nie.

• ***When The Cat's Away** is by die Alhambra te sien en **Boesman en Lena** by die Markteater, Johannesburg.*

'N *Afrikaner* IS SOMS BRUN EN HY'S BAIE GEVAARLIK.



*'n Afrikaner kan 'n bul wees of 'n boer of 'n blom of 'n sakevrou of 'n rocksanger. Hy/sy hou van sushi en werk vir 'n Boerestaat of hy eet bobotie en stem na links.*
*Jy kan die Afrikaanssprekende lankal nie meer vaspen nie. Sy hele wêreld is aan 't verander en hy loop blitsig saam.*
*Sy soort radiostasie moet die pas kan volhou. Dit moet vars en lewenskragtig wees; dit moet verskeidenheid erken en insig gee. Bowenal moet dit sý taal praat.*
*Afrikaans Stereo tref die lug met 'n nuwe stem. Ons bied diepteprogramme, inbelprogramme, ligte musiek, klassieke klanke, godsdiens- en kultuurprogramme, stories en staaltjies.*
*Ons omroepers het hul dasse afgehaal en gesels in loslit-Afrikaans oor alles wat vandag se mense raak.*
*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM. Kom pak die bul by die horings saam met Afrikaans Stereo.*

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898A



'n Toneel uit die Iranese film *Nargess*

film

# SWEDE, TURKYE EN IRAN GAAN DURBAN TOE

deur sean williams

DIE Durbanse Internasionale Rolprentfees is 'n opwindende vooruitsig - meer as die helfte van die rolprente geniet hul Suid-Afrikaanse première.

Vanjaar word 'n Afrikaanse rolprent vir die eerste keer vertoon. Katinka Heyns se meesterlike DIE STORIE VAN KLARA VILJEE gaan beslis 'n nuwe venster vir Engelssprekendes oopmaak. Die talent van plaaslike rolprentmakers word verder vertoon in IMBALI YETHU CALUSA, 'n blik op die geskiedenis van die Transkeise dorpie Cala, en MAYIBUYE AFRIKA, 'n dokumentêr oor die lewe van Albert Luthuli, eertydse president van die ANC.

Een hoogtepunt is die Britse rolprentmaker Sally Potter se wyedoek-weergawe van die Virginia Woolf-novelle ORLANDO. Die rolprent vertel die eienaardige verhaal van 'n seun wat op 30-jarige ouderdom van geslag verander en dan vir twee eeue as 'n vrou leef. Quentin Crisp (een van die wêreld se mees prominente en eksentrieke gays) speel koningin Elizabeth.

Heelparty rolprente woeker met die gay tema: FORBIDDEN LOVE fokus op lesbiese liefde; Swoon beskryf die ware gebeure rondom twee gay tieners wat 'n jong seun ontvoer en vermoor; Derek Jarman ondersoek die Oostenrykse filosoof Wittgenstein se homoseksualiteit. Pedro Amodóvar se LABYRINTH OF PASSION en David Cronenberg se obskure NAKED LUNCH is ook te sien.

Van die rolprente wat hul Suid-Afrikaanse debuut maak, is die Duitse komedie ACTING IT OUT en die Portugese liefdesverhaal THE BLUE EYES OF YONTA. Die oud-Suid-Afrikaner Ian Kerkhof se seksueel eksplisiete THE MOZART BIRD is ook te sien.

'n Deurbraak vanjaar is dat Swede, Turkye en Iran almal hul streng verbod op die vertoon van rolprente in Suid-Afrika opgehef het. Die Sweedse rolprentkuns word verteenwoordig deur IL CAPITANO, 'n tragiese verhaal wat op die werklikheid gebaseer is; en SUNDAY'S CHILDREN, die debuut van Ingmar Bergman se seun Daniel. THE MARRIAGE is 'n drama uit Turkye en Nargess skets die lewe en strak sensuurwette in Iran.

Ook te sien is die dokumentêre THE EXECUTION PROTOCOL, oor die doodstraf, en MANUFACTURING CONSENT, 'n ondersoek na die lewe van die uitgesproke kritikus Noam Chomsky wat veral die Amerikaanse kultuur, media en lewenstyl peper.

* Die fees duur van 22 Augustus tot 12 September in die Elizabeth Sneddon-teater by die Universiteit van Natal.

klassieke musiek

# die droogte is verbreek

deur henning viljoen

DIE Londense Filharmoniese Orkes se landwye Nedbank Harmony Tour was nie net 'n broodnodige kulturele inspuiting waarop musiekliefhebbers nog lank sal teer nie, maar het ook gewys daar is buitengewone belangstelling in die "hoge kuns". Baie musiekliefhebbers moes genoeë neem met die radio- en televisiedekking van twee konserte want die meeste kaartjies was uitverkoop binne die eerste dag ná die bespreking geopen het.

Musikaal was die toer 'n triomf. Baie selde hoor 'n mens 'n orkes met so 'n ryk resonante vioolklank wat soos die spel van een mens klink en koperblasers en horingspelers wie se spel jou nie laat ys vir die oomblik dat die noot gaan knak nie - om van die pragtige soet klank van die hobo en klarinet nie eens te praat nie.

Die LFO se dirigent Franz Welser-Möst is 'n musikale fenomeen wat op jeugdige ouderdom al daarin slaag om sy eie musikale stempel op 'n werk af te druk. Sy natuurlike musikaliteit en instinktiewe aanvoeling om die hart van 'n werk te tref en te weet waar die musiek moet asemhaal, kom veral in die romantiese werke van Schumann, Brahms en Nicolai treffend na vore. Dis ook hier waar 'n mens die gevoel kry dat die orkes net 'n verlengstuk is van die musiek wat spontaan uit sy liggaam voortspoel. Welser-Möst se grootsheid as dirigent is egter die beste weerspieël in die manier waarop hy met byna stille eenvoud, ná die grootse vertolking van Brahms se Vierde Simfonie, die walse uit Franz Lehar se "Vrolike Weduwee" as toegif uitgevoer het. Dié musiek kan maklik platvloers klink, maar in sy hande is dit tot 'n musikale juweel verhef en het hy Karajan se woorde bevestig: "Daar is nie so iets soos platvloerse musiek nie, net platvloerse uitvoerings van musiek."

Musikaal was die konsert in Sun City minder gelukkig - die akoestiek van die Super Bowl is heeltemal ontoereikend vir 'n simfonie-orkes. Dit het geklink of die orkesklank in 'n bol watte verstrengel is.

Die ongelooflike musikale impak van die LFO se besoek blyk ook uit die interessante radio-dekking wat Radio South Africa aan die orkes en dirigent gegee het, en die lewende televisie- en radio-uitsending van twee konserte. Dis net jammer dat so 'n eenmalige kulturele gebeurlikheid oënskynlik ongemerk by Afrikaans Stereo verbygegaan het asof Afrikaanssprekendes glad nie in "hoge kuns" belangstel nie. Die orkes het ook as deel van Nedbank se onderskeie "uitreik-programme" hul kuns en vaardigheid in werkwinkels en konserte met kinders en musiekstudente van alle bevolkingsgroepe gedeel.


Borgskappe van groot maatskappye wat vroeër net vir sport gereserveer was, is die lewensaar van dié historiese onderneming. Uit 'n gesprek met John McCall (Algemene Bestuurder Nedbank) en dr Ivan May (Assistent Algemene Bestuurder Nedbank) blyk dit dat Nedbank gaan in meerdere mate sulke kulturele aktiwiteite soos die LFO se toer borg.

Dit lyk dus werklik asof die LFO se besoek wel die begin kan wees van die uittog uit die kulturele droogte en musikale woestyn waarin apartheid ons gelei het.

# FYNPROE

# wat van 'n larney lunch vir jou skoonma?

## *nettie pikeur* hou die man nog 'n rukkie in die kombuis



HULLE kom vir ete, jou skoonma, dié se nuwe man en boonop jou geliefde. Jy het belowe jy sal jou nuwe kookkuns ten toon stel. Moenie in die broek bewe nie, kook is maklik. Beplan vooruit sodat jy 'n rukkie met skoonma en haar unspeakable familie kan gesels.

Wat gaan ons voorsit? Right, 'n sop is altyd elegant. Maak hierdie nommer die nag vantevore. Koop 2 botterskorsies, 3 appels, 2 uie en 250 ml room. Kook die skorsies, geskilde appels en uie in 'n pot met 3 koppies water tot sag. (Koop ook 2 volgraanbrode, sny in snye, en bedien aan tafel met botter for general seasoning.)

Trek velle en pitte van alles af en gooi die res deur die blender. Dit moet heeltemal glad wees, proe vir sout en peper.

Hou eenkant tot die mense aankom, en dan haal jy jou ouma se lieflike sopbordjies uit, maak hulle onder warmwater warm (nie in die oond nie, hulle sal kraak) en skep vir elkeen 'n kommetjie sop, warm.

### skaapboudjie met aartappels

Moenie deur 'n skaapboud afgeskrik word nie, dis nie eens so duur nie, en vir 'n Sondag met vier mense het jy een nodig wat hoogstens R20 kos.

Jy kan hom potbraai, nie in die oond bak nie. Vryf sout en peper in die boudjie in, geur met 'n teelepel of so tiemie, vryf dan olyfolie met jou hande in (dis 'n lekker werkie, so morsig), en maak 'n swaar pot op die stoof met nog 'n bietjie olie warm.

Sit jou skaapboud daarin en elke 6 minute draai jy hom kwartpad om. Intussen neem jy 6 of 8 *aartappels*, verkieslik daardies met die dun geel skil, en was en skrop hulle onder die kraan sonder om te skil. Sny in die helfte deur en voeg by die vleis in die pot. Kyk weer - dit moenie te warm wees nie, die aartappels moet net begin braai en die lamsvleis mooi pienk en dan bruin word.

Nou maak jy nog 'n groente, iets eenvoudig soos wortels wat jy in water opkook en dan sommer bietjie suiker bygooi. Moenie hulle pap kook nie, en dit maak ook nie saak as hulle al afgekoel het nie.

Ná anderhalf uur behoort jou boud bruin en gaar te wees, en die aartappels ook lieflik en sag as jy 'n vurk indruk. Dit moet lieflik aptytlik lyk. Druk ook die vurk in die boudjie en kyk of daar nog bloed uitloop. Indien nie, is jou vleis gaar.

Skep alles op mooi borde op, en gooi die laaste lepeltjies van die heerlike sous wat onder in die vleispot gevorm het, oor die skyfies vleis.

DIS NIE NET heerlik om sommer so uit die bakkie te eet nie, maar lyk vreeslik indrukwekkend by 'n party, bedien in die mooi klein regop bakkies wat ramequins genoem word.

Die resep, wat uit Lille in Frankryk afkomstig is, sal ses mense at a pinch voer, maar reken op vier, want almal sal seconds wil hê.

In die loop van die vorige dag maak jy hierdie heerlike sjokolade-mousse. Dis ongelooflik maklik, 'n kind kan dit maak. En dit sal die mense aan tafel nog meer beïndruk.

Jy benodig sowat 4 uur, of oornag, vooraf sodat die mousse kan stol, maar dis nie jou tyd nie, onthou, jy kan iets anders doen terwyl die poeding gereed word.

### sjokolade-mousse

Neem 'n groot blok swart sjokolade, en smelt dit stadig in 'n potjie met 2 eetlepels water. Intussen neem jy 4 eiers en twee bakke. Kraak die eiers een vir een in jou eierskeier en gooi die wittes in een bak en die geles (die dooiers) in die ander. Klop die wittes met 'n knippie sout met jou whisk tot dit 'n stywe wit mengsel word en vanself regop staan (dit duur sowat 15 minute en jou arm word lam), en klits die gele so effentjies.

Intussen het jy die sjokolade van die stoof afgehaal om af te koel. Klop die geel van die eiers by en gooi in 'n groot mengbak. Meng die eierwitte by deur stadig in te roer met 'n houtlepel tot alles een kleur is.

Plaas die bak in die yskas vir 4-6 uur, of oornag, of gooi in aparte klein bakkies en sit as asemrowende nagereg voor vir jou gaste.

Moenie vir hulle vertel hoe jy die mousse maak nie.

# wynproe

deur henry nolte



## le chaim op die jodebokke

KAN jy onthou wat jy gedrink het toe Okey Geffin die bokke op Nuweland in '49 teen die All Blacks die groot geluk gebring het? Wié kan '49 onthou, behalwe sommige?

Sit nou die aand oor 'n knap merlot en pinot noir Le Pavillion die kwessie van geluk en bespreek. Toe vertel Louis Steyn (ons noem hom Lood, nie oor sy naam nie, maar oor sy eertydse beroep - julle kan dus raai waar) hoe hy glo dit was Okey Geffin wat op Nuweland die "ding" gedoen het om ná jare die Bok-naam te vestig.

Man, vertel Lood, toe die game klaar is, toe dam hulle die Mellowood by en drink op elke Joodjie wat nog in Suid-Afrika gebore is - van pure bygeloof en bewondering.

Daardie dae, vertel Lood, het jy nie kelder toe gegaan vir 'n spesiale oesjaar nie. Dit was dop-dae, Mellowood en selfs Kommando (ken jy van Kommando, vra hy ewe nou, en raai my ten sterkste aan: so 'n bietjie parfumerig, sê hy, maar 'n lekker nostalgiese drankie).

Ewenwel, toe Joel Stransky nou voorlaas-toets genoem word, toe dog Lood dis sulke tyd om weer op die Joodjies van Suid-Afrika te drink. Tussenin het hy darem ook vir Sid Nomis en Joe Kaminer gedenk, sê hy. Maar tussenin óók het Lood se smaak darem verder gevorder as Mellowood en hoewel hy nie al 'n kelder gehad het in Nomis se tyd nie, het hy wel besluit om 'n Sauvignon Blanc en Chardonnay versnit (Robertson) uit te haal toe Stransky vir die eerste toets speel.

Vir die eerste drie haal hy toe 'n fyn Alto Rouge (vir Hempies) uit en wragtag, vir die wen hou hy 'n Rubicon net reg. Maar vir die wis en die onwis het Lood, ook maar pessimisties met permissie gesê, 'n goeie lyf Nederburg Baronne uitgehou. Vir die troos sien. Beste trooswyn in die land, meen Lood.


Man, vertel hy, en daar, wragtag, dog hy die game gaan 'n Baronne-affêre wees toe Campese met permissie gesê sy dinges sien en Lood begin dink hier kom 'n Rubicon - net vir siesa-lekkerkry. Maar toe Small oor die lyn duik, toe trek hy die Alto nader en check ene vir Hempies.

En wie-jy-wat, sê hy, toe Small so skuif-skuif die land se glorie red en verewig, toe vergeet hy wat Lood is skoon van die Rubicon, en hy skree vir die vrou om die Spumante te bring. (Die Spumante sou die aand vir die gaste by die Bombe Alaska aangebied word.)

Die aand, verneem ons, het Lood wragtag die Rubicon by die wildspastei uitgehaal en die boere om sy tafel het al die Joodjies in Suid-Afrika le chaim toegewens. En sommer dankie ook gesê. Vir die geluk. (En by die Bombe Alaska het hulle sommer 'n Here XVII geniet)

# ontdek 'n eetplek

deur max du preez



**CANTINA TEQUILA.**
**CAROLINESTRAAT 134,**
**BRIXTON, JOHANNESBURG.**
**TEL 837-1102**

## mexikaans in die suburbs

BYNA vyf jaar lank was *Vrye Weekblad* se eet- en drinkplek die nou beroemde Yard of Ale by die Markteater. Maar nou het ons Brixton toe getrek, en ons het 'n eetplek ontdek wat ewe lekker en gesellig is: Cantina Tequila, net so 'n paar honderd meter die straat af van ons nuwe gebou. Die dekor van die restaurant is warm en aards, die musiek aangenaam (lees: sag genoeg dat jy met jou buurman aan tafel kan gesels) en die diens uitstekend (en op Afrikaans).

Maar dit gaan oor die kos. Ek het die ander middag 'n pollo al mango geëet - 'n halwe hoender in mangosous met Mexikaanse rys. Dit was elke sent van die R24,95 werd - geurig en behoorlik gebak.

Effe goedkoper, maar 'n groot maag vol is die Southwest burger teen R16,95. Dis 'n burger, ja, maar nie soos in gemorskos nie.


My kollegas het ook hul goedkeuring aan die volgende geregte gegee: honderlewers peri-peri, so warm as wat jy dit wil hê, teen R16,95; calabacitas picadas con elote (zucchini en mieliesiaai met tamatie en uie) teen R6,95; gebraaide calamari met knoffel ((R24,95) en gebakte aartappels met 'n vulsel van jou keuse teen R12,95. Die steak is glo ook beter as die meeste ander Johannesburgse restaurante (R26,95) en die enchiladas (R21,95) 'n spesialiteit.

Smiddae is Cantina die kuierplek van veral sakemense van die omgewing en so hier en daar mense van die SAUK - Aucklandpark is net om die draai.

Maar saans is dit 'n ander Cantina. Dan kom die jollers uit hulle gate: van RAU, ook net om die draai; en 'n alternatiewe trendy set van akteurs, kunstenaars en ander agente van die bewussyn. Dis besig, jolig en uitbundig - ook omdat Cantina 'n volle kroeglisensie het. Dis seker oor die plek se naam, want ek het lanklaas soveel mense sien tequila drink. Die tafels op die patio agter die restaurant is glo 'n treffer in die somer.

Die beste vir laaste: Cantina Tequila het 'n pinballmasjien waar ek al baie rande bestee het. 'n Bietjie te modern en elektronies, maar ná 'n paar aande raak selfs 'n ou hand soos ek daaraan gewoond.

As Cantina Tequila nog nie een van Johannesburg se in-eetplekke is vir mense wat nie juis saam met die vervelige stinkrykes wil uithang nie, gaan hy binnekort een word.



Ian McIntosh aanskou die onvermydelike. (Foto: AP.)

deur johann gerber

# 'n bok moet van plan kan verander

## As die Springbokke hul lesse leer, hoef Nieu-Seeland geen nagmerrie te wees nie

TOETSRUGBY is een ding. Rugbytoere is iets anders. Noudat die bokke die een en ander van toetse weet, moet hulle nog 'n paar toerlesse agter die blad kry voordat hulle op gelyke voet met die bestes kan meeding.

Francois Pienaar se span het in Australië al veel beter gevaar as Naas Botha s'n in Frankryk en Engeland; veel beter as die Leeus in Nieu-Seeland en in baie opsigte as die Franse wat vanjaar in Suid-Afrika was.

Die drag slae wat Pienaar-hulle in Brisbane gekry het kan deels gewyt word aan 'n gebrek aan ervaring aan toere, sowel in die span as in die bestuur.

Australië se ooskus is 'n aangename speelplek, waar werk en verpligtinge maklik deur die pret en natuurskoon versluier word. Dat 'n klompie spelers se vroue en vriendinne en 'n groot groep aanhangers ook in Brisbane was, het nie die span se konsentrasie op die toetswedstryd bevorder nie.

Die wete dat jou eggenote saam met jou in 'n pretstad duisende kilometers van die huis af is en nie naby jou gesien mag word nie, sal byna elke man se gedagtes laat dwaal.

Dit is tyd dat die vroumense tuis bly wanneer die manne gaan toer. Hulle moet besef hulle maak dit vir hul geliefdes moeilik om goeie rugby te speel.

Niemand het die voordele van toere meer beklemtoon as wyle dr Danie Craven nie. Hy het, meer as ander rugbybase, besef hoe 'n toer die manne van die muise skei en sowel spanwerk as individuele vaardighede laat gedy. Nog een goeie toer is nodig om 'n Springbokspan te vorm wat die Kiwi's in Nieu-Seeland en die reeks om die wêreldbeker met vertroue kan aandurf.

DIE TELBORD HET in Brisbane, soos baie politici, nie naastenby die volle waarheid vertel nie. Die Wallabies het die Springbokke stukkend gespeel. Hulle moes byna 40 punte aangeteken het. Tog het hulle so byna met slegs 1 punt gewen want 'n doel in laaste minuut was binne die Springbokke se bereik.

Dit bewys dat die Aussies, selfs wanneer hulle goed speel, geklop kán word. As die derde toets op Loftus Versfeld of Ellispark was, sou ek R100 op Pienaar se span verwed het, al het hulle op Ballymore Vrydag die dertiende 'n dag laat gevier.

Ian McIntosh se wedstrydplan het nie voorsiening gemaak vir die balgebrek wat die agterspelers getref het nie. As die bokke vroeër besef het hulle kry te min besit, sou hulle die krummels beter aangewend het as hulle 'n noodplan gehad het.

James Small se skandemakery was die gevolg van die frustrasie dat hy, soos teen Queensland, so te sê geen aandeel aan die wedstryd gehad het nie. Dit het veroorsaak dat sy mond oorgeloop het van die gevoelens waarvan sy hart vol was.

Small en die ander driekwarte het gebrand om, soos hul teenstanders, met die bal te hardloop en aan te val. Pleks dat hulle darem enkele kanse gekry het, moes hulle heeltyd verdedig en toekyk hoe hul skakels met die bietjie besit mors.

As McIntosh "crash-ball" wil speel, moet hy Tiaan Strauss as losskakel kies. Dit bly egter 'n vraag of die wêreld se beste losskakel langs Robert du Preez enigiets kan uitrig. 'n Goeie skrumskakel is 'n speler wat swak besit kan benut. Met Du Preez is dit 'n geval van "bad ball is worse".

Uli Schmidt en sy lynstaanmanne kan nie die wind vir hul mislukking verkwalik nie. Hulle het eenvoudig nie gekonsentreer nie. Die Wallabies se voorspelers daarenteen het slegs op die bal gefokus en hul agterspelers die kans gegee om verbeeldingryk aan te val. Die ou waarheid dat niemand 80 minute foutloos kan verdedig nie, spruit uit McIntosh se sogenaamde "game plan". As 'n oud-Rhodesiër behoort hy te weet hoeveel met min en swak besit uitgerig kan word. Hy moet probeer onthou wat Rhodesië met Ian Buchanan en Ian Robertson as planmakers met krummels uitgerig het; watter feeste hulle daarmee opgedis het.

McIntosh kan sommer in Durban gaan rondvra hoe Natal in Tommy Bedford se dae sonder wafferse besit groot spanne stukkend gehardloop het.

Dat die Wallabies in die tweede toets soos wêreldkampioene gelyk het, was grootliks aan die Springbokke se powere konsentrasie en die onbuigsame wedstrydplan te wyte.

DIÉ BERIG WORD geskryf voordat die Suid-Afrikaanse span vir die derde toets gekies is. Nogtans is dit 'n goeie tyd om te begin afskeid neem van Uli Schmidt. Dankie, Uli. Jy was 'n anker in die storms; 'n staatmaker in moeilike dae. Nou het die jonger manne jou begin verbysteek. Dalk kan jy nog 'n keer of wat teen Naas Botha provinsiale rugby speel voordat julle saam op die stoep oor die goeie ou dae gaan gesels.

John Allen sal Uli se plek goed vol staan en 'n hele paar ander jong hakers is so te sê ryp vir toetsrugby.

Du Preez behoort ná die toer genoeg tyd te hê om te gaan voete stamp en Deon Lötter kan tevrede wees met wat hy op sy oudag tot die herstel van SA-rugby bygedra het.

Dit was 'n skaflike toer, veeleisend, maar niks in vergelyking met die smeltkroes wat in Nieu-Seeland wag nie. 'n Man het nie getoer voordat jy in Nieu-Seeland getoer het nie. Vra maar vanjaar se Leeus, wat toetsrugby kon speel, maar nie 'n suksesvolle toer kon saamflans nie. ■

televisie

# klipoog

# Jy's nie meer net vandag se kind nie

JOU TV is natuurlik veral 'n tydmasjien. Net 'n klein persentasie van die "werklikheid" wat jy op die skerm sien - sportuitsendings, Chris Hani se begrafnis, 'n regstreeks uitgesaaide gesprek op *GMSA* of *Agenda*, ens - gebeur op daardie oomblik. Die res is geskiedenis - selfs die "nuus" is segmente van die verlede: iets wat vroeër dié dag of die vorige dag gebeur het.

Maar jy word 'n tydreisiger - jy sien dié tonele asof hulle nóú gebeur. As daar eendag teruggekyk word na hoe mense se begrippe oor hulself en hul medemense gewysig is in die twintigste eeu, sal een van die belangrikste faktore seker wees dié vermoë wat die film en veral die elektroniese media gebring het om ander tye as jou huidige tyd voor jou oë te sien gebeur.

Een van die redes waarom *Quantum Leap* (CCV, Dinsdae) boei, is dat die karakter wat so deur die geskiedenis vaar ook 'n metafoor is vir die hedendaagse TV-kyker wat self van tydperk na tydperk kan rondrits.

Natuurlik was daar nog altyd ander tydmasjiene: boeke, toneelstukke, skilderye, selfs musiek kon iets weergee van die "stemming", die sielkunde en die lewensuitkyk van vroeër tye. Die beste manier om indruk te kry van hoe iemand in die Steentyd gedink en gevoel het, is byvoorbeeld nie om 'n antropologiese verslag te lees nie, maar om na 'n rotsskildery te gaan kyk.

Maar die film en die video het 'n nuwe dimensie van "lewende realisme" gebring: 'n sleutelgat waardeur jy kan loer om te sien wat die mense gister, eergister, verlede jaar, nege dekades gelede gedoen het.

KLIPOOG SIT DIE "lewende realisme" tussen aanhalingstekens, want as jy kyk na die ou swart en wit "nuusprente" in *Our Century* (TV1, Donderdagaande) en *African Mirror* (TSS, Sondagaande) - twee van die reekse wat Klipoog deesdae die lekkerste laat terugreis in die tyd - lyk die werklikheid nie altyd werklik nie, maar soms na 'n sprokie. Die rukkerige manier waarop mense in die ou nuusprente loop, die outydse modes, ens gee 'n effens bowerklike gevoel en soms iets kinderlik naïefs aan die flitse uit die geskiedenis wat destyds geblik is om nou weer voor jou te gebeur.

Maar sien bly glo: dié skimme van voorgangers wat so Charlie Chaplin-rig rondflikker, is die mense - hier sowel as oorsee - wat met hul doen en late geboorte gegee het aan die wêreld waarin jy nou leef. Dié wete ontneem die rukkerige figuurtjies van potsierlikheid, veral in tonele soos dié van die Eerste Wêreldoorlog in die in Engels oorgeklankte Franse reeks *Our Century*.

DIÉ REEKS - wat sterk steun op ou Gaumont-nuusprente - gaan heelwat verder as *African Mirror* terug in die verlede: dit het begin met van die eerste stilprente wat gemaak is, daarna die eeuwending en die Eerste Wêreldoorlog vasgevang en trek nou hier by die Depressie en die aanloop na die Tweede Wêreldoorlog.

Klipoog wil net twee klein tonele uit die Eerste Wêreldoorlog noem wat Klipoog 'n baie meer sprekende indruk van dié era gegee het as enigiets wat jy in 'n boek of 'n ou koerant van destyds kon lees. Die een is 'n toneel van Franse kindertjies wat kort voor die uitbreek van die hel in 1914 oorlog-oorlog speel - het hulle gerugte gehoor by hul patriotiese ouers? - terwyl 'n kunstenaar (duidelik 'n man met 'n aanvoeling vir die verskriklike in die alledaagse) hulle skets.

Die ander is 'n toneel van winkelvensters wat in die Eerste Wêreldoorlog met kleefband beplak is om te keer dat die skerwe dodelik rondspat as 'n bom val. Wedstryde is gehou om te kyk wie kan die vensters in die mooiste, ragfynste kantpatrone beplak. Weer kry 'n kyker van vandag, aan die ander kant van dié eeu van onmenslikhede, die gevoel van iets naïefs by die voorgeslagte: die poging om 'n stylvolle gevoel van wellewendheid midde-in Hades te behou. Tog kan jy dié skimme van 'n vergange era nie as kinderlik beskou nie: dieselfde mense wat so bedag was daarop om skoonheid in die verskriklike te behou, het mekaar destyds by die miljoene afgemaai.

IN SULKE ou nuusprente is die manier waarop na die werklikheid gekyk word deur die rolprentmakers net so boeiend en veelseggend as die stukkies geskiedenis wat uitgebeeld word. In die *African Mirror*-reeks se tonele van die Tweede Wêreldoorlog (deurgaans aangebied uit die oogpunt van 'n lojaal Britse Suid-Afrika) is dit opvallend hoe "opgeruimd" die aanbiedingstyl is. Die verteller stem deklameer sy Geallieerde propaganda met 'n patriotiese selfversekerdheid wat aanvaar dat almal wat kyk, saamstem met wat hy sê, die oorlogstonele word met vrolik opbeurende musiek aangebied en so meer.

Vandag, in 'n post-moderne tydperk waarin nie meer aanvaar word dat almal een ideologie moet deel nie, verwag mens dat in dokumentêre darem 'n bietjie anders na oorlog gekyk sal word - met minder oortuiging oor wat die regte en wat die verkeerde kant is. Maar is dit wat gebeur? Nie altyd nie - CNN se Golf-oorlog het nogal heelwat gemeen gehad met die volslae selfversekerde Britse patriotisme van die ou *African Mirrors*.

Maar wat vandag dik vir 'n daalder lyk in die *African Mirror*-reeks is die onbevange manier waarop Eurosentrisme daarin heers - Klipoog onthou hoe een aflewering oor die Hindoes in Durban wat oor gloeiende kole loop, getitel is "Fanaticism of the Orient".

• **So van tydreise gepraat: Kyk gerus na die prettige toekoms-scenario's van *Future Imperfect*, waarvan 'n nuwe reeks Donderdagaand, 19 Augustus, op TV1 begin.**

AFRIKAANS STEREO 100-104 FM

**AFRIKAANS STEREO:**
HOOGTEPUNTE

**KLANKBORD**
Maandag, 23 Augustus, 9.15 nm.
Rachelle Greef, Harry Kalmer en Eben Venter gesels oor hul nuwe boeke; Theunis Engelbrecht en Ilse Asman bespreek die nuutste musiekuitreikings. Aanbieder: Susan Booyens.

**KLANKBORD**
Maandag, 30 Augustus, 9.15 nm.
Nataniël kuier by Klankbord en praat oor sy nuwe CD, boek en vertoning; Lynette Retief is op soek na 'n sekere soort grap.

**DOKUMENTÊR** - Vernon February
Sondag, 29 Augustus, 4.30 nm.
Nic Swanepoel bied 'n gesprek met Vernon February aan.

**PROFIEL** - Franklin Sonn
Donderdag, 26 Augustus, 10.15 vm.
Aanbieder: Chris Swanepoel

# brolloks & bittergal



## PW en Magnus se wealth tax

Eureka! Ons probleem is opgelos!

Kenners sê om rassisme in besteding aan onderwys uit te skakel; om pensioene en salarisse vir wit en swart gelyk te kry; om die agterstallige skuld van townships uit te skakel en 'n hupstoot te gee met die agterstand met swart behuising, het ons so twee miljard rand nodig.

Ons het dit gekry - en ons het nie eens 'n wealth tax daarvoor nodig nie: die Weermag se geheime fondse wat deur die jare van die Totale Aanslag in die buiteland opgebou is.

Martin Welz, kampioen van 'n hele geslag ondersoekende joernaliste en deesdae uitgewer van die satiriese inligtingsblad *Noseweek*, publiseer in sy jongste uitgawe 'n geheime onderhoud met oorlede Eschel Rhoodie wat op 26 Oktober 1987 in Amerika gevoer is.

Rhoodie vertel van die Moeder van alle Geheime Fondse, die weermag se Spesiale Voorsieningsfonds. Hy sê in die 15 jaar voor 1987 is honderde miljoene rand jaarliks in dié fonds gestort wat dit uiteindelik op meer as drie miljard rand te staan gebring het. Dit is nie net vir wapenaankope gebruik nie - selfs genl Lang Hendrik van den Bergh het teenoor hom opgemerk dat Suid-Afrika blykbaar drie keer meer vir wapens betaal as wat dit behoort.

Rhoodie sê met alle moontlike verskonings van vrugtelose transaksies en kommissies ingereken, het hy uitgewerk dat sowat R200 miljoen jaarliks die land verlaat het vir ander doeleindes as wapenaankope. Dit beteken, sê hy, dat daar steeds 'n fonds van twee miljard buite die land kan wees.

Sedert 1987 het daar niks aan die lig gekom van fondse wat uit die buiteland teruggetrek is nie - dis sekerlik nêrens in 'n begroting weerspieël nie. Sedert 1987 was daar ook geen nuwe oorlog waarvoor Suid-Afrika miljoene moes bestee nie. Dit kan net beteken dat die geld steeds êrens - seker maar 'n Switserse bankrekening - is.

Bring dit terug! Of is dit dalk, soos Rhoodie half suggereer, bedoel vir 'n regering in ballingskap nadat die ANC oorgeneem het?

Wat sê Magnus en PW van al dié dinge?

## In of uit?

Die ANC moet darem nou waaragtig sy mind opmaak oor die veiligheidsmagte in die townships. Die dubbelpratery raak nou te erg vir enige beskaafde land.

Toe die Oos-Rand verval in 'n Sarajevo-situasie en dosyne mense sterf elke dag in botsings tussen die ANC en Inkatha, toe stuur die regering 'n ekstra klomp soldate en polisiemanne in. Mandela kla hom dood, maar ander ANC-leiers sê dis reg, solank die magte hulle net gedra. Maande lank al sê die ANC op elke moontlike verhoog die regering is mede-verantwoordelik vir die geweld, want hoekom sit hulle dit dan nie stop nie? En daar kom Mokaba en sê al die veiligheidsmagte moet uit die townships gejaag word.

Mokaba behoort (so ook Eugene TerreBlanche) voor die hof gesleep te word en tot ses maande diens as verpleër in 'n township-hospitaal gevonnis word. Ons kan doen sonder dié twee Hitlertjies.

## Watse unie?

Teen die koers wat die Afrikaner Volksunie se leiers dié party nou verlaat, sal Andries Beyers sy groep binnekort nie meer 'n unie kan noem nie. Wat van Afrikaner Volksenetjie, Andries? Die afkorting is AVE, die Latyn vir Koebaai.

## Buite perke

Bittergal het die AWB se gedrukte program vir die Schweizer-Reneke-stryddag in die hande gekry. Heel onderaan is daar 'n Nota Bene, wat duidelik vir Die Leier self ingeskryf is: "Alle kroeë is buite perke."

## Regte mense

Politici hier by ons is nie veel anders as politici elders nie, veral nie wanneer dit kom by hul wrewel in joernaliste nie - soos ons onlangs gesien het met die tronkstraf vir '*nBeeld*-verslaggewer wat nie wou gaan getuig nie. Laasweek loop Hillary Rodham-Clinton 'n groepie mense voor die Wit Huis raak, en nooi hulle ewe vriendelik in vir 'n ontvangs vir die nuwe hooggeregshof-regter wat pas aangestel is. Toe skielik kom sy agter dis joernaliste, en trek die uitnodiging terug. "Ek het gedink julle is regte mense (real people)," het sy vir hulle gesê.


## Huil, Boere!

Hoe uiters gepas was dit nie dat FW de Klerk op boomplantdag 'n huilboerboon geplant het nie!

Brolloks wil nog 'n paar bome voorstel vir ander politici om te plant. 'n Drolpeerboom vir Ferdi Hartzenberg. 'n Stinkwitgatboom vir Eugene TerreBlanche, of is 'n Slaploot meer gepas? 'n Hondepisbos vir Peter Mokaba, of dalk 'n Gewone Bokdrolboom. 'n Dopperkiaat vir Joe Slovo. 'n Sambokpeul vir Hernus Kriel. 'n Skurweblaarkanniedood vir Koos van der Merwe. 'n Kleinsuurpruim vir Corné Mulder. 'n Kleinperdeprambboom vir Roelf Meyer. 'n Snotbessie vir genl Leon Mellet. 'n Seepnetel vir Cyril Ramaphosa. En raai wie plant die Natalwurmbos?

# Skitterende tweede prys

## Die onafhanklike parlementslid en stigterslid van die KP **Koos van der Merwe** ontleed die verwikkelinge in die regse politiek in 'n gesprek met **MAX DU PREEZ**



**Hoe verstaan jy die oënskynlike nuwe toenadering tussen FW de Klerk en Inkatha en die regses?**

Al dié politieke partye moet nou 'n keuse begin maak - en die keuse lê tussen ANC's en nie-ANC's. Die nie-ANC-blok is basies almal federale partye. De Klerk is; Zach de Beer is; Constand Viljoen het onlangs in *Rapport* aangedui hy sal ook federasie aanvaar; Inkatha is dit by uitstek; en pas het Lucas Mangope gesê as die terme reg is, sal hy ook federasie aanvaar. Daarom is die saambindende faktor by die nie-ANC-groep federalisme. Nou, 36 weke voor die verkiesing, begin FW vir homself sê hy kan nie saam met die ANC gaan nie. Federalisme is wat hom bind aan die ander. Dié gedagte gaan die hele blok nader aan mekaar trek - FW, Ferdi, Constand, Buthelezi en die ander, en hulle sal dan selfs 'n losse alliansie vorm in die verkiesing teen die ANC.

**Is dié sogenaamde Afrikaner-staat in die noorde nie 'n pypdroom nie?**

Nee, dis g'n pypdroom nie. Die NP, ek self, die Volksunie en waarskynlik ook Constand Viljoen verstaan daaronder 'n deelstaat in 'n federasie sonder apartheid of diskriminasie. Die KP droom nog van 'n soewereine onafhanklike Afrikaanse staat waar 90 persent van die mense Afrikaners is. Maar dit sal ons nie nou of op medium termyn kan bereik nie weens die omelet-aard van die samelewing. Dan gaan jy so nege deelstate hê, waar byvoorbeeld die Natalse deelstaat 'n meerderheid Zoeloes sal hê, ens. So word die grense getrek dat die Pretoria-Oos-Transvaalse streek toevallig 'n meerderheid witmense gaan hê. En as Constand en FW-hulle daardie konsep vat en met hom loop, gaan jy die Afrikaner tevrede gestel kry. Hy gaan vir homself sê ek bly waar ek bly; wie ook al gaan regeer in die streek waar my plaas of huis is, as ek nie daarvan hou nie, kan ek trek na die Pretoria-gebied. Ons is nou by die breekpunt - as jy Pretoria vir die Afrikaners gee, dan het jy 'n deal. Daarom sê ek: gee die donnerse ding vir hulle!

**Maar dié staat gaan nie apartheid hê nie?**

Nee. Geen apartheid, geen diskriminasie, geen gedwonge verskuiwings nie. Maar die Afrikaners gaan die streek regeer as hulle saamstaan, en waarskynlik die meeste munisipaliteite. Dit is jou optimum-potensiaal wat jy kan bereik in die rigting van 'n soewereine Afrikanerstaat.

**Constand is die sleutel?**

Absoluut. Hy's 'n sterk man met geweldige aanhang wat bereid is om besluite te neem. Die jongste meningspeiling beteken De Klerk het so 'n derde Afrikanersteun, Constand het oorkoepelend ook byna 'n derde.

Daar gaan seker 'n klomp wees wat soos Jaap Marais die ossewa wil terugbring, maar daar sal 'n enorme beweging kom waarby De Klerk én Constand ingesluit is.

**Wat is jou raad aan Constand?**

My raad aan Constand is dat niemand 'n eerste prys kry nie. Maar as ons dié deelstaat onderhandel kan kry, is dit 'n skitterende tweede beste. Vat hom, beweeg in die nuwe Suid-Afrika in, kyk hoe dit werk en as ons nie daarvan hou nie, dan hergroepeer ons vreedsaam en ons beding vir iets beters.

**En die wilde manne van die AWB, sal hulle daarmee saamgaan?**

Ek het nie twyfel nie. Constand is die generaal, TerreBlanche is die korporaal.

**Gaan die luidkeelse regses uiteindelik 'n nasionale federale regering met 'n ANC-meerderheid aanvaar?**

Maar natuurlik. Ons kort net 'n inligtingsveldtog. Ek het in die verlede my vuis rooi geslaan op die tafel en gesê ek sal nooit 'n swart regering aanvaar nie. Maar dit is simplisties. Ek voel nou nog so, maar ons beweeg mos nie nou in die rigting van 'n oorname nie. Die land word opgesny in sê agt streke en daar gaan een streek wees wat deur my mense oorheers word en twee streke wat deur ons en die Kleurlinge oorheers word, en daar gaan plekke wees waar ek saam met bevriende swartmense gaan wees. Uiteindelik maak dit nie meer soveel saak wie nou juis uiting gee aan die tien persent mag in die sentrale regering nie. Maar selfs parlementslede verstaan dit nie, en daar wag 'n enorme inligtingstaak op ons. Ek het Constand al gesê die mense wat na jou vergaderings stroom, dink jy gaan apartheid terugbring en die kaffers op hul plek sit - jy moet hulle sê waarheen jy regtig op pad is. Jy moet help opvoed - en Constand stem saam. As dit 'n SAKP-ANC-oorname in 'n sterk sentrale regering was, dan het ek ook gaan skiet.

**Wat van Afrikaanssprekendes buite die noordelike Afrikanerstaat?**

Hulle is in dieselfde posisie as die Zoeloes met nasionalistiese gevoelens wat in Johannesburg bly. Hulle het die keuse om in Johannesburg te bly, of om KwaZulu toe te trek. In die suide gaan jy een of twee state hê waarin Kleurlinge en blanke Afrikaanssprekendes in die meerderheid gaan wees. Dit is ook wat my betref Afrikanerstate. Ek aanvaar Kleurlinge as Afrikaners. As jy dié twee of drie Afrikaanse state gaan kry, dan is dit darem 'n uitstekende tweede prys. En as jy eers die Afrikanerstaat het, het jy die perd by die water gebring. Dan sal dié mense moet bewys dat hulle bereid is om die prys van selfbeskikking te betaal. Is hy bereid om die werk te doen wat ons as kafferwerk gesien het?

**Sal jy in die staat gaan bly?**

Ek bly net waar ek is. Ek het beleggings en belange hier. Maar my hart is in Afrikanergeledere, en ek het dan die opsie. Ek kan eiendom daar koop, ek kan veral my kinders daarheen stuur vir skool en universiteit, ek kan dalk later trek. Ons moet kyk of ons 'n Israel kan doen. Israel is tot by die water gebring en hy het gedrink. Nou hang dit af of die Afrikanerperd gaan drink. Ek dink hy gaan, maar hy het baie opvoeding nodig. En met 'n stoot-en-trek-aksie kan die wit meerderheid in die streek nog groter word.

**Wat lê aan die basis van die affiniteit en respek onder Afrikaners en regses vir Buthelezi?**

We are entering a phase of strange bedfellows. Ons gaan agterkom dat Oscar Dhlomo en ek en Peter Soal en Allan Hendrickse en 'n reeks ander ouens eintlik, noudat die chips down is, dieselfde ding gesoek het. Dit gaan oor standaarde, vrede, stabiliteit. In die onderbewussyn van baie mense, ook Constand s'n, laat Buthelezi jou voel hy gaan iets tot stand bring waar ek veiliger kan bly, waar standaarde gehandhaaf word, waar ek nie doodgemaak word nie, waar my geld nie afgevat word nie, waar my kinders rustig kan skool toe gaan. Dis wat ons almal soek. ■

# Hoeveel langer moet 'n siekte wat 36 mense elke dag laat sterf dié behandeling kry?

Wat gaan ons laat besef hóé ernstig tuberkulose geword het? Dit laat meer mense per dag sterf as padongelukke, politieke geweld en selfs VIGS. 'n Kwartmiljoen mense het dit reeds. Tog is ons só geneig om dit te ignoreer.

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Vereniging alles moontlik doen om TB te voorkom, is die beskikbare fasiliteite nie in staat om die groeiende epidemie die hoof te bied nie.

TB raak buite beheer. Dis tyd dat ons drastiese maatreëls daarteen neem. Voor dit te laat is.

TB is 'n siekte wat niemand ontsien nie. Ryk of arm. Swart of wit. Ons almal is in gevaar. Enigiemand kan daaraan sterf. Meer as 13% van alle kinders wat in 'n SANTA-veldtog getoets is, het 'n primêre infeksie van tuberkulose onder lede gehad. En dit groei elke dag.

TB is aansteeklik en kan net deur 'n kiem veroorsaak word. Ondervoeding vererger die toestand. Dit begin met 'n hoes wat nie wil weggaan nie, en dan moegheid veroorsaak, nagsweet en bloed in die speeksel. Maar die ontstellendste aspek van TB is dat baie mense nie weet dit kan voorkom en genees word nie.

As u van iemand weet wat enige TB-simptome toon, laat hulle kliniek toe gaan vir 'n ondersoek.

As die toetse positief is, moet hulle behandeling kry en dit is volkome gratis. En slegs deur die volledige behandeling te ontvang, genees die TB-pasiënt.

Laat almal van ons die TB-probleem konfronteer. Deur weg te kyk, sal TB nie sommer net verdwyn nie. Maar mense sal ...

Vir meer inligting, skakel asb. ons TB-rooilyn (011) 29-9636, of u plaaslike SANTA-tak.

**Help TB Bestry.**




OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 61572/A

# Met 'n voorgee is dit net 'n droom om teen Ernie Els te speel.



# Maar vir hom kan dit nou 'n nagmerrie wees.

## Sanlam se Kanker-Uitdaagreeks – Ons eerste nasionale pro-am-gholftoernooi.

Hier is u kans om die voorste beroepsgholfspelers aan te durf!

Klub- en streekwedstryde bepaal wie in die eindstryd gaan meeding wanneer altesame 90 amateurs gratis by San Lameer aan die Natalse suidkus byeenkom. Hier sal hulle die beroepspelers op 'n pragtige baan die stryd aansê.

Die enigste vereistes is dat u 'n manlike amateurspeler met 'n voorgee van tussen 0 en 24 en lid van 'n gholfklub moet wees – waar u ook volle besonderhede kan kry.

Skryf u vandag nog in – en slaan saam met die kampioene 'n dryfhou teen kanker.

San Lameer

KANKER

KANKER KAN OORKOM WORD

Sanlam

Aangebied saam met die klub Lions International, onder beskerming van die PGA en met die steun van die Suid-Afrikaanse Gholf-federasie. (Reël 1 – 8 Behalwe 7 SAGF/2/93)

LINTAS CAPE 301648/A